

**‘N KRIMINOLOGIESE ONDERSOEK NA
MOTORVOERTUIGKAPING MET SPESIFIEKE
VERWYSING NA SLAGOFFERVATBAARHEID,
SLAGOFFERAANDADIGHEID EN DIE MODUS
OPERANDI VAN DIE OORTREDER**

deur

LINDA DAVIS

Voorgelê ter vervulling van ‘n deel
van die vereistes vir die graad

DOCTOR PHILOSOPHIAE

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
PRETORIA**

Augustus 1999

University of Pretoria etd - Davis, L (1999)

**Met liefde opgedra
aan my man
Eddie**

DANKBETUIGINGS

Hiermee my opregte dank aan die volgende persone en instansies wat meegehelp het om hierdie ondersoek moontlik te maak:

- My promotor, Prof. Aubrey Theron, vir sy toegewyde hulp, leiding, geduld en opoffering met die uitvoering van hierdie ondersoek. Die tyd en energie wat ingesit is asook die waardevolle advies wat verleen is, was meer as wat enige student verdien. Ek sal die pad wat ons saamgeeloop het, nooit vergeet nie.
- Prof. Ronelle Pretorius vir haar belangstelling en die belangrike rol wat sy in my akademiese groei gespeel het.
- My man, Eddie aan wie hierdie studie opgedra is, vir sy inspirasie, liefdevolle aanmoediging en volgehoue vertroue in my. Dankie vir die saam wakkerbly en die ruimte wat jy gegee het toe ek tyd nodig gehad het om te werk.
- My ouers, Tobie en Marie Verwey vir hulle liefde, motivering, aanmoediging en bystand wanneer ek dit die nodigste gehad het.
- My skoonouers, Attie en Doreen asook Kobus, Susan, Aart, Karen, Eddie, Fienie en Ada vir hulle voortdurende ondersteuning, omgee en begrip.
- Mev. Greyling vir die vinnige en akkurate tikwerk.
- Mev. Swanepoel vir die moeite en tyd gespandeer om boeke en tydskrif-artikels nasionaal en internasionaal op te spoor.
- Mev. Mauer vir haar hulp met die statistiese ontleding en rekenaarverwerking van die data.
- Die Departement van Korrektiewe Dienste vir die geleentheid om persoonlik met oortreders in aanraking te kom. Die personeel se behulpsaamheid tydens die voer van die onderhoude, word opreg waardeer. (Die bevindinge waartoe gekom is, is die van die outeur en nie noodwendig die mening van die Departement van Korrektiewe Dienste nie.)
- Die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN) wat finansiële bystand aan hierdie ondersoek verleen het.
- Die respondente (slagoffers en kapers) vir hulle bereidwilligheid om hulle ervarings met my te deel - sonder hulle was hierdie studie nie moontlik nie.
- My Skepper wat soos altyd die pad saam met my gestap het.

Tegniese versorging is volgens die *Publications Manual of the American Psychological Association* (4th ed., 1994) gedoen en waar nodig aangepas om aan die Universiteit van Pretoria se vereistes te voldoen.

INHOUDSOPGAWE

University of Pretoria etd - Davis, L (1999)

Bladsy

TABELLE.....	vii
FIGURE.....	viii
OPSOMMING.....	ix
SUMMARY.....	xi
1. HISTORIESE PERSPEKTIEF, BEGRIPSOMSKRYWINGS EN PROBLEEMSTELLING.....	1
1.1 HISTORIESE PERSPEKTIEF.....	1
1.2 BEGRIPSOMSKRYWINGS.....	6
1.2.1 Motorvoertuig.....	6
1.2.2 Motorvoertuigkaping.....	8
1.2.2.1 Roof.....	8
1.2.2.1.1 Probleme rakende die omskrywing van die begrip roof.....	9
1.2.2.2 Kaping.....	10
1.2.3 Slagoffervatbaarheid en slagofferaandadigheid.....	12
1.2.3.1 Slagoffervatbaarheid.....	12
1.2.3.1.1 Ontwikkelingsgeskiedenis van die begrip slagoffervatbaarheid.....	13
1.2.3.1.2 Faktore wat 'n individu se risiko vir viktimisasie kan verhoog.....	13
1.2.3.1.3 Aard van slagoffervatbaarheid.....	15
1.2.3.2 Slagofferaandadigheid.....	16
1.2.3.2.1 Ontwikkelingsgeskiedenis van die begrip slagofferpresipitasie.....	17
1.2.3.2.2 Slagofferpresipitasie en roof.....	19
1.2.3.2.3 Passiewe en aktiewe aard van slagofferaandadigheid.....	19
1.2.3.2.4 Vorme wat slagofferaandadigheid kan aanneem.....	20
1.2.3.2.5 Probleme wat met die omskrywing van die begrip slagoffer- aandadigheid geassosieer word.....	23
1.2.3.2.6 Gevaar van slagofferblamering in omskrywings van slagofferpresipitasie.....	25
1.2.4 <i>Modus operandi</i>	27
1.3 NOODSAAKLIKHEID VAN DIE ONDERSOEK.....	29
1.3.1 Aktuele aard van motorvoertuigkaping.....	29
1.3.1.1 Fisieke gevolge.....	30
1.3.1.2 Emosionele gevolge.....	31
1.3.1.3 Finansiële gevolge.....	32
1.3.1.4 Sosiale gevolge.....	32
1.3.1.5 Internasionale reaksie.....	34
1.3.1.6 Plaaslike reaksie.....	34
1.3.1.6.1 Effek op die versekeringswese.....	35
1.3.1.6.2 Reaksie van die Suid-Afrikaanse Polisiediens.....	36
1.3.1.6.3 Inisiatiewe vanuit die besigheidsgemeenskap.....	37
1.3.2 Probleme rakende bestaande navorsing.....	38
1.3.3 Probleme rakende tipologieë en teorieë.....	40

1.3.4	Waarde van die ondersoek	41
1.3.5	Doelwitte van die studie	42
	University of Pretoria etd - Davis, L (1999)	
1.4	SLOTBESKOUIING	42
2.	TIPOLOGIESE EN TEORETIESE PERSPEKTIEWE	44
2.1	SLAGOFFERTIPOLOGIEË	44
2.1.1	Tipologie van Benjamin Mendelsohn.....	45
2.1.2	Tipologie van Hans von Hentig	46
2.1.3	Tipologie van Ezzat Fattah.....	49
2.1.4	Tipologie van Stephen Schafer	50
2.1.5	Tipologie van Jacob van der Westhuizen.....	52
2.1.6	Tipologie van Andrew Karmen.....	53
2.2	EVALUERING VAN SLAGOFFERTIPOLOGIEË	55
2.2.1	Vereistes vir tipologieë	55
2.2.2	Waarde van bestaande slagoffertipologieë vir die onderhawige studie	58
2.2.3	Tipologie met betrekking tot slagofferaandadigheid tydens motorvoertuigkaping.....	59
2.2.4	Beoordeling van die tipologie aan die hand van die vereistes wat vir tipologieë gestel word	61
2.3	VIKTIMOLOGIE - EN KRIMINOLOGIETEORIEË	62
2.3.1	Rasionele-keuseperspektief.....	63
2.3.1.1	Historiese agtergrond	63
2.3.1.2	Uitgangspunte van die rasonale-keuseperspektief.....	65
2.3.1.3	Toepassing van die rasonale-keuseperspektief op motorvoertuigkaping	67
2.3.1.3.1	Fasiliterende faktore.....	68
2.3.1.3.2	Inhiberende faktore	70
2.3.1.3.3	Verdere faktore wat tydens kostevoordeelanalise ter sprake is.....	71
2.3.1.4	Evaluering van die rasonale-keuseperspektief	72
2.3.2	Roetine-aktiwiteitsbenadering	79
2.3.2.1	Historiese agtergrond	79
2.3.2.2	Uitgangspunte van die roetine-aktiwiteitsbenadering	79
2.3.2.3	Toepassing van die roetine-aktiwiteitsbenadering op motorvoertuigkaping	81
2.3.2.4	Evaluering van die roetine-aktiwiteitsbenadering	85
2.3.3	Sintesebenadering.....	90
2.3.3.1	Historiese agtergrond	90
2.3.3.2	Uitgangspunte van die sintesebenadering	91
2.3.3.3	Evaluering van die sintesebenadering	94
2.4	SLOTBESKOUIING	97

3. OMVANG, AARD EN VOORKOMING VAN MOTORVOERTUIGKAPING	99
<i>University of Pretoria etd - Davis, L (1999)</i>	
3.1 OMVANG VAN MOTORVOERTUIGKAPING	99
3.1.1 Redes vir die toename in motorvoertuigkaping	103
3.2 AARD VAN MOTORVOERTUIGKAPING	115
3.2.1 <i>Modus operandi</i> van die motorvoertuigkaper	115
3.2.1.1 Beplanningsfase.....	115
3.2.1.2 Uitvoeringsfase.....	116
3.2.1.2.1 Dag waarop motorvoertuie gekaap word.....	116
3.2.1.2.2 Tyd waarop motorvoertuie gekaap word	117
3.2.1.2.3 Wyses waarop motorvoertuie gekaap word.....	118
3.2.1.2.4 Plekke waar en omstandighede waaronder motorvoertuigkaping plaasvind	119
3.2.1.2.5 Rol van dreigemente en geweld tydens 'n motorvoertuigkaping.....	123
3.2.1.3 Afhandelingsfase	130
3.3 SLAGOFFERPROFIEL	133
3.3.1 Geslag	133
3.3.2 Ouderdom	134
3.3.3 Ras	135
3.3.4 Verhouding met die motorvoertuigkaper	135
3.4 MISDADIGERPROFIEL	136
3.4.1 Geslag	136
3.4.2 Ouderdom	136
3.4.3 Ras	137
3.4.4 Indeling van motorvoertuigkapers	138
3.5 VOORKOMING VAN MOTORVOERTUIGKAPING	140
3.5.1 Strenger wetgewing.....	140
3.5.1.1 Wetgewing met betrekking tot vuurwapens	141
3.5.1.2 Doodstraf.....	141
3.5.2 Meer effektiewe wetstoepassing	143
3.5.3 Verbetering van motorvoertuigidentifikasie, -lisensiëring en -registrasieprosedures.....	146
3.5.4 Toikenverharding	148
3.5.5 Verminderde kwesbaarheid.....	151
3.5.6 Verlagings van die risiko vir besering of dood	157
3.5.7 Verhoog kans op arrestasie deur volledige inligting aan die polisie te verskaf	159
3.5.8 Ander voorkomingsmaatreëls.....	160
3.6 SLOTBESKOUIING	161

4. NAVORSINGSVERWAGTINGE EN HIPOTESIS	162
4.1 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT ASPEKTE WAT MOTORVOERTUIGKAPERS RAAK	162
4.1.1 Navorsingsverwagtinge met betrekking tot die beplanningfase.....	162
4.1.2 Navorsingsverwagtinge met betrekking tot die uitvoeringfase	164
4.1.2.1 Navorsingsverwagtinge met betrekking tot teikenseleksie	164
4.1.2.2 Navorsingsverwagtinge met betrekking tot die <i>modus operandi</i> van die kaper	166
4.1.3 Navorsingsverwagting met betrekking tot die afhandelingfase	168
4.2 NAVORSINGSVERWAGTINGE EN HIPOTESIS MET BETREKKING TOT ASPEKTE WAT SLAGOFFERS RAAK	169
4.2.1 Navorsingsverwagtinge met betrekking tot slagoffervatbaarheid	169
4.2.2 Navorsingsverwagtinge en hipoteses met betrekking tot slagofferaandadigheid	172
4.3 SLOTBESKOUIING	175
5. NAVORSINGSONTWERP	176
5.1 METODOLOGIESE VERANTWOORDING	176
5.2 MEETINSTRUMENTE	177
5.2.1 Onderhoudskedule.....	177
5.2.2 Vraelyste	179
5.2.3 Loodsondersoek.....	182
5.2.3.1 Onderhoudskedule vir motorvoertuigkapers.....	182
5.2.3.2 Vraelys vir kapingslagoffers	182
5.3 STEEKPROEFNEMING EN DATA-INSAMELING	183
5.3.1 Steekproefstrategieë.....	183
5.3.1.1 Steekproef 1: Motorvoertuigkapers.....	184
5.3.1.1.1 Samestelling van die steekproef	184
5.3.1.1.2 Onderhoudvoering	185
5.3.1.1.3 Beskrywing van die steekproef.....	186
5.3.1.2 Steekproef 2: Kapingslagoffers.....	188
5.3.1.2.1 Samestelling van die steekproef	189
5.3.1.2.2 Uitstuur van die vraelyste	190
5.3.1.2.3 Beskrywing van die steekproef.....	190
5.4 TEGNIEKE VIR DIE ANALISERING EN INTERPRETASIE VAN DATA	193
5.4.1 Inligting wat met behulp van onderhoudvoering ingesamel is	193
5.4.2 Inligting wat met behulp van vraelyste ingesamel is	194
5.5 SLOTBESKOUIING	195

6. ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS RAKENDE MOTORVOERTUIGKAPERS	196
<small>University of Pretoria etd - Davis, L (1999)</small>	
6.1 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT DIE BEPLANNINGSFASE	196
6.1.1 Navorsingsverwagting 1.1 tot 1.9	196
6.1.2 Navorsingsverwagting 2.1 tot 2.12	205
6.2 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT DIE UITVOERINGSFASE	220
6.2.1 Navorsingsverwagtinge met betrekking tot teikenseleksie	220
6.2.1.1 Navorsingsverwagting 3.1 tot 3.18	220
6.2.1.1.1 Seleksie van 'n spesifieke motorvoertuig	221
6.2.1.1.2 Seleksie van 'n spesifieke motoris	229
6.2.1.2 Navorsingsverwagting 4.1 tot 4.5	240
6.2.2 Navorsingsverwagtinge met betrekking tot die <i>modus operandi</i> van die kaper	245
6.2.2.1 Navorsingsverwagting 5.1 tot 5.4	245
6.2.2.2 Navorsingsverwagting 6	256
6.2.2.3 Navorsingsverwagting 7.1 tot 7.4	258
6.3 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT DIE AFHANDELINGSFASE	268
6.3.1 Navorsingsverwagting 8	268
6.4 ALGEMENE INLIGTING	272
6.4.1 Redes vir die toename in motorvoertuigkaping	272
6.4.2 Voorkoming van 'n motorvoertuigkaping	275
6.5 SLOTBESKOUIING	275
7. ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS RAKENDE KAPINGSLAGOFFERS	276
7.1 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT SLAGOFFERVATBAARHEID	276
7.1.1 Navorsingsverwagting 9	276
7.1.2 Navorsingsverwagting 10	280
7.1.3 Navorsingsverwagting 11	282
7.1.4 Navorsingsverwagting 12	283
7.1.5 Navorsingsverwagting 13	284
7.1.6 Navorsingsverwagting 14	285
7.2 NAVORSINGSVERWAGTINGE EN HIPOTEESES MET BETREKKING TOT SLAGOFFERAANDADIGHEID	287
7.2.1 Navorsingsverwagting 15	287
7.2.2 Hipotese 1	289
7.2.3 Hipotese 2	291
7.2.4 Navorsingsverwagting 16	292
7.2.5 Hipotese 3	293

7.2.6	Hipotese 4.....	294
7.2.7	Navorsingsverwagting 17.....	295
University of Pretoria etd - Davis, L (1999)		
7.3	SLOTBESKOUIING	296
8.	AANBEVELINGS EN SLOTBESKOUIING	297
8.1	GEVOLGTREKKINGS RAKENDE DOELWITBEREIKING	298
8.2	AANBEVELINGS	304
8.2.1	Aanbevelings rakende toekomstige navorsing	305
8.2.2	Aanbevelings rakende die bekamping van motorvoertuigkaping.....	312
8.2.2.1	Meer effektiewe wetstoepassing	313
8.2.2.2	Strenger wetgewing	316
8.2.2.3	Veranwoordelikheid van motoriste	317
8.2.2.3.1	Verminder risiko vir motorvoertuigkaping.....	317
8.2.2.3.2	Verminder risiko vir besering en/of dood.....	322
8.2.2.4	Ander voorkomingsmaatreëls	324
8.3	SLOTBESKOUIING	326
	VERWYSINGS	327
BYLAE I:	Brief insake hoofwegpatroolie: Direkteur Reg Crewe (Suid-Afrikaanse Polisie diens)	352
BYLAE II:	Voorbeeld van 'n polisiëklaringsertifikaat	353
BYLAE III:	Interview schedule for car hijackers	354
BYLAE IV:	Vraelys vir kapingslagoffers.....	367
BYLAE V:	Questionnaire for hijack victims	385
BYLAE VI:	Brief insake toestemming om navorsing in die gevangenis te onderneem; Departement Korrektiewe Dienste	403
BYLAE VII:	Opvolgbrief	404
BYLAE VIII:	Follow up letter	405
BYLAE IX:	Vehicle hijacking questionnaire: Crime Information Analysis Centre, Strategic research on organised crime.....	406
BYLAE X:	Voorbeeld van padteken wat motoriste waarsku wanneer hulle 'n gebied met 'n hoë kapingsyfer betree	412

TABELLE

University of Pretoria etd - Davis, L (1999)

Tabel	Bladsy
1	Omvang van Motorvoertuigkaping volgens Provinsie (1997) 100
2	Ouderdom van die Motorvoertuigkapers 187
3	Ras van die Motorvoertuigkapers 187
4	Opvoedkundige Agtergrond van die Motorvoertuigkapers 188
5	Ouderdom van die Slagoffers..... 191
6	Geslag van die Slagoffers..... 191
7	Ras van die Slagoffers 192
8	Beroepstatus van die Slagoffers 193
9	Besluite wat Motorvoertuigkapers Voor Misdaadpleging neem..... 197
10	Voor- en Nadele van Misdaadpleging wat deur Motorvoertuigkapers in ag geneem word 206
11	Aspekte wat Tydens die Seleksie van 'n Spesifieke Motorvoertuig in ag geneem word 221
12	Aspekte wat Tydens die Seleksie van 'n Spesifieke Motoris in ag geneem word . 229
13	Situasionele Faktore wat Tydens Motorvoertuigkaping in ag geneem word 241
14	Keuse met betrekking tot die <i>Modus Operandi</i> wat deur Kapers gevolg word 246
15	Gebruik van Verbale Dreigemente deur Kapers 256
16	Gebruik van Vuurwapens 258
17	Gebruik van Geweld wanneer Slagoffer as Struikelblok beskou word 261
18	Ouderdom van Kapers en die Gebruik van Geweld 262
19	Slagofferweerstand en die Gebruik van Geweld..... 263
20	Mate waarin Gekaapte Motorvoertuie Verkoop word..... 269
21	Ouderdom van die Slagoffers..... 277
22	Geslag van die Slagoffers..... 278
23	Ras van die Slagoffers 278
24	Beroepstatus van die Slagoffers 279
25	Fabriek van die Motorvoertuie wat Gekaap is 281
26	Waarde van die Motorvoertuie wat Gekaap is 282
27	Teenwoordigheid van Teenkapingsmeganismes..... 283
28	Slagoffers se Ingesteldheid teenoor die Risiko vir Motorvoertuigkaping 284
29	Aantal Passasiers in die Motorvoertuig 285
30	Elementêre Voorkomingsmaatreëls wat deur Slagoffers getref is 287
31	Chi-kwadraatwaardes vir Betekenisvolheid van die Verskille ten opsigte van Geslag en die Tref van Elementêre Voorkomingsmaatreëls 290
32	Chi-kwadraatwaardes vir Betekenisvolheid van die Verskille ten opsigte van Ouderdom en die Tref van Elementêre Voorkomingsmaatreëls 291
33	Potensieel Gevaarlike Situasies waarin Slagoffers hulle Geplaas het 292
34	Chi-kwadraatwaardes vir Betekenisvolheid van die Verskille ten opsigte van Geslag en die Betreding van Potensieel Gevaarlike Situasies..... 294
35	Chi-kwadraatwaardes vir Betekenisvolheid van die Verskille ten opsigte van Ouderdom en die Betreding van Potensieel Gevaarlike Situasies..... 295
36	Mate waarin Slagoffers Roekeloos voor die Motorvoertuigkaping bestuur het 296

Figuur		Bladsy
1	Omvang van motorvoertuigkaping in Suid-Afrika (1994-1998)	100
2	Pryse wat vir gekaapte motorvoertuie aangebied word	217

1. HISTORIESE PERSPEKTIEF, BEGRIPSOMSKRYWINGS EN PROBLEEMSTELLING

Motorvoertuigkaping is 'n verskynsel wat internasionaal groot besorgdheid by regerings, wetstoepassingsagente en organisasies soos die International Criminal Police Organization (Interpol) wek (Cabinet Committee for Security and Intelligence Affairs, 1996:1). Alhoewel die kaping van motorvoertuie nie nuut in of uniek aan Suid-Afrika is nie, hou die afmetings wat hierdie misdaad aanneem asook die toenemende mate van geweld waarmee dit gepaard gaan, 'n ernstige bedreiging vir nasionale veiligheid en stabiliteit in.

Alvorens aandag geskenk word aan bogenoemde gevolge en ander probleme wat met motorvoertuigkaping geassosieer word, is dit nodig om die historiese agtergrond waarteen die verskynsel beslag gekry het, onder die loep te neem. Daarna sal enkele sentrale begrippe wat die navorsing onderlê, omskryf word.

1.1 HISTORIESE PERSPEKTIEF

Struikrowery is 'n verskynsel wat deur die eeue voorgekom het en selfs in die Bybel vermeld word. Die feit dat daar telkemale in die Bybel na rowers verwys word, bevestig dat die misdaad 'n lang historiese verloop het. In die Nuwe Testament (Markus 14:48 en 15:27) word byvoorbeeld gemeld dat Christus tussen twee rowers gekruisig is, terwyl daar in die gelykenis van die Barmhartige Samaritaan (Lukas 10:30) beskryf word hoe 'n man op die pad tussen Jerusalem en Jerigo deur rowers aangeval is.

Bevestiging dat roofvoorvalle wêreldwyd en deur die eeue voorgekom het, word in verskeie geskiedenisboeke gevind. Volgens hierdie bronne was die paaie tussen dorpe in Engeland gedurende die dertiende en veertiende eeue uiters gevaarlik vanweë die aanvalle deur rowers.

Struikrowers wat op hierdie paaie bedrywig was, het mense gereeld van hulle besittings beroof en ook nie gehuiwer om individue tydens die insidente te vermoor nie (Gabor, Baril, Cusson, Elié, Le Blanc & Normandeu, 1987:viii). Gedurende hierdie tydperk het die legendariese karakter, Robin Hood en sy "Merry Men" wat in Sherwood Forest geskuil het, na bewering 'n skrikbewind onder rykes gevoer. Deur middel van struikrowery het hulle die rykes beroof en die buit onder die minderbevoorregtes uitgedeel in 'n poging om die sosiale ongeregtighede wat tussen rykes en armes bestaan het, uit te wis.

Robin Hood, wat as die "prins van rowers" bekend gestaan het, word in die legendes wat oor hom geboekstaaf is, as 'n heldefiguur bestempel. Hierdie verheffing van hom tot 'n edel karakter word dan ook in verskillende letterkundige werke en ballades besing (Hobsbawm, 1981:41; MacDonald, 1975:4, 5). Aangesien legendes en die werklikheid dikwels nou verweef is, kan daar nie onomstootlike bewyse voorgelê word dat die Robin Hood-karakter werklik bestaan het en indien wel, wie hy inderwaarheid was nie. Wat wel onteenseglik uit die legende oor hom na vore kom, is dat hy en sy bende gedugte rowers was wat nie gehuiwer het om slagoffers tydens rooftogte te vermoor nie (Salway, 1983:7, 9).

Die legende van Robin Hood het as inspirasie vir verskeie ander rowers gedien om 'n bestaan uit rooftogte te maak. Een van die rowers was Moll Cutpurse (alias Mary Frith) wat gedurende 1629 in Londen aktief was. Sy het haar tydens rooftogte as 'n man vermom en word beskou as een van die suksesvolste rowers en ontvangers van gesteelde goedere gedurende dié tydperk (Salway, 1983:15; Stein, 1977:6). Die berugte Fransman, Claude Duval asook Engeland se bekendste struikrower, Dick Turpin, wat gedurende die sewentiende en agtiende eeue in Londen bekend gestaan het as "The King of the Highway men", het ook die Robin Hood-voorbeeld gevolg en verskeie rooftogte uitgevoer (MacDonald, 1975:10; Stein, 1977:14, 16, 22).

Struikrowery het ook hoogty gevier tydens die Amerikaanse "Frontier"-tydperk. In die sogenaamde Amerikaanse Wilde Weste (teenswoordig die Westelike state van die VSA) het roofvoorvalle toegeneem soos die "frontier" (grensgebied) binne getrek en deur fortuinsoekers in nedersettings bevolk is. Volgens geskiedenisrywers, was bykans elke Westelike staat in Amerika gekenmerk deur wetteloosheid en struikrowery. Die *modus operandi* van die berede struikrowers was om individue, poskoetse, treine en banke te beroof (Gabor et al., 1987:viii; Hollin, 1974:vii; Inciardi & Pottieger, 1978:28). Poskoetse, wat die primêre wyse van openbare vervoer was en gereeld goedere soos ongemunte goud en silwer asook geld en posstukke oor lang afstande moes vervoer, was hoofsaaklik die teikens van hierdie rowers wat ook as "highwaymen" of "bandits" bekend gestaan het (Gunn & Levy, 1980: 7, 8; McGrath, 1984:70).

Persone wat in Amerikaanse historiese geskrifte vermeld word vanweë hulle betrokkenheid by rooftogte, sluit die volgende in: die James broers (Jesse en Frank) wat vanaf 1847 tot 1882 as lede van die James-Younger-bende, 11 banke, 3 poskoetse en 7 treine in die Missouri en Oklahoma omgewing beroof het; Belle Starr (ook bekend as die "Bandit Queen") wat as leier van 'n gevaarlike bende, vee en perde in Texas en Oklahoma geroof het; Pancho Villa van

Mexiko wat berug was vir veediefstal en poskoetse wat tussen 1910 en 1920 deur hom beroof is; asook Bonnie Parker en Clyde Barrow wat tussen 1930 en 1932 twee van die mees berugte misdadigers in die Suidweste van Amerika was weens verskeie rooftogte in Missouri, Louisiana, Oklahoma, Minnesota, Iowa en Texas, waar hulle winkels, vulstasies, banke en 'n juwelierswinkel beroof het (Barkas, 1978:142; MacDonald, 1975:16, 21, 24; Salway, 1983:19, 30, 38, 40, 43-45; Stein, 1977:30, 36, 40).

In ander wêrelddele het daar ook rowers voorgekom wat geskiedkundige bekendheid verwerf het. Ned Kelly, 'n bankrower wat gedurende 1878 tot 1880 in Australië sy rooftogte uitgevoer het, het selfs sover gegaan om treine te ontspoor ten einde sy rooftogte moontlik te maak. Don José het op soortgelyke wyse in die negentiende eeu verskeie poskoetse in Spanje beroof. Hierdie twee persone is enkele voorbeelde van rowers wie se gedrag terselfdertyd bewonder, gevrees en selfs aangeprys is (Austen, 1986:93; Salway, 1983:32; Stein, 1977: 22, 34).

Hoewel aanvaar kan word dat struikrowery ook in Suider-Afrika voorgekom het, is min bekend oor struikrowers in hierdie deel van die Afrika-kontinent (Crummey, 1986:6, 177). Melding word wel gemaak van Mushala, "the Robin Hood of the Zambians" asook die Hans-bende van die Kalahari wat vanaf 1906 tot 1930 vee in die Grootfontein-omgewing geroof het. Ofskoon geen verwysings in Suid-Afrikaanse ge-skiedenisboeke na struikroofinsidente opgespoor kon word nie, is verskeie legendes van koetse wat op hulle weg na en van die diamantdelwerye in Kimberley beroof is, in omloop.

Volgens Hobsbawm (1981:56) kan sommige van die rooftogte wat deur die legendariese rowers uitgevoer is, beskou word as 'n vorm van sosiale protes. In hierdie gevalle is die rowers meestal as helde, vegters vir geregtigheid en "leiers" van vryheid geëer. In aansluiting hierby wys Billingsley (1988:xi, xiii) daarop dat hierdie oortreders selde as misdadigers geëtiketteer is, omdat hulle deur die gemeenskap gesteun en bewonder is. Die houding van die gemeenskap het egter begin verander namate roof meer gewelddadig geword het en selfs polities gemotiveer is. Verskeie revolusionêre groepe soos die Ierse Republikeinse Leër in Noord Ierland, die Black Liberation Army in die Midde-Ooste, die Black Panthers in die Verenigde State van Amerika (VSA) asook die Popular Front for the Liberation of Palestine wat as vryheidsvegters beskou word, het hulle ook al meer tot gewapende roof en die gyselaarneming van individue gewend om hulle saak te bevorder. Met die geld wat deur lospryse bekom en die geld wat geroof is, is wapens gekoop om hulle stryd teen regerings en/of hulle onderdrukkers te finansier (MacDonald, 1975:29, 108). Hierdie revolusionêre groepe of guerrillavegters, soos hulle ook bekend gestaan het, het verskil van tradisionele struikrowers wat persoonlike

voordeel uit hulle misdadige aksies getrek het. Die feit dat politieke doelwitte deur bogenoemde groepe nagestreef is, het weer tot die pleeg van 'n ander vorm van misdaad gelei, naamlik die kaping van vliegtuie (MacDonald, 1975:272).

Sedert die eerste kaping in Mei 1931 van 'n Pan American-vliegtuig deur Peruviaanse revolusionêres met die oogmerk om pamflette oor Lima te strooi, is vliegtuie gereeld gekoop. Wanneer 'n vliegtuig gekoop word, word die bemanning en passasiers as gyselaars geneem met die oogmerk om onderhandeling af te dwing en sodoende politieke motiewe te bereik (Funk & Wagnalls, 1994:1; MacDonald, 1975:350; Thompson, 1991:3, 4). Politieke oogmerke wat hierdeur verwesenlik word, sluit onder andere in die vrylating van makkers wat gevange gehou word, die ontsnapping van persone wat om politieke redes vervolgt word en die verkryging van mediapublisiteit vir spesifieke sake of gebeure. Kapings om ideologiese oorwegings, deur geestesver-steurdes en afpersers (wat vir persoonlike finansiële gewin passasiers en bemanning gevange hou), het ook sedert 1968 begin toeneem (Clutterbuck, 1987:4; McKinnon, 1991:94; Theron, 1999:3, 5).

Elke kapingsvoorval geniet wye publisiteit vanweë die bedreiging wat die skaking inhou, naamlik dat die vliegtuig kan neerstort of dat 'n bom aan boord kan ontplof. Veral wanneer kapers se optrede ideologies gemotiveer is, bestaan die moontlikheid dat hulle bereid is om hulleself en almal in die vliegtuig op te offer ter bereiking van hulle doelwitte (Clutterbuck, 1987:57, 58; They were almost stopped before, 1984:50).

Dit is egter nie net die passasiers en bemanning van vliegtuie wat slagoffers van kapings kan wees nie. Die kaping van passasierskepe, alhoewel seldsaam en meestal onsukses-vol in vergelyking met seerowery wat in die vorige eeue algemeen voorgekom het, kom ook voor. Van die meer resente passasierbootkapings is dié van die Brasiliaanse boot, die Santa Maria in 1961 en die Italiaanse passasierskip, die Achille Lauro wat op 7 Oktober 1985 deur vier Palestyne gekoop is (Allodi, 1994:285; Clutterbuck, 1987:21, 194; McKinnon, 1991:94).

Die kaping van motorvoertuie, (insluitende vragmotors), het 'n baie korter geskiedenis as dié van skepe en vliegtuie en word as gevolg van die resetheid van die verskynsel as 'n "nuwe" misdaderverskynsel in Suid-Afrika geëtiketteer. Volgens Myerson (1995:96) het die eerste kaping van 'n motorvoertuig in 1976 in 'n voorstad van Soweto plaasgevind. 'n Man wat by 'n stopstraat stilgehou het, is deur vier jong mans wat met messe gewapen was, oorval en van sy motor beroof. Aangesien die kaping van motorvoertuie aanvanklik tot Soweto beperk was, is daar vir bykans 'n dekade geglo dat motorvoer-tuigkapings 'n misdaad is wat net in Soweto

voorkom.

Oud polisiebeampte, Kaptein André Stander, was een van die eerste motorvoertuig-kapers aan die Witwatersrand. Stander, 'n voormalige Hoof van die Afdeling Misdaad-ondersoek in Kemptonpark en meesterbrein agter die Stander-bende, het gedurende die vroeë tagtigerjare berugtheid verwerf deurdat hy en sy bende verskeie banke beroof het. Volgens Huisamen (1994:20) het die betrokkenheid van die Stander-bende by motor-voertuigkapings asook die sukses wat hulle daarmee behaal het, as motivering vir die voortsetting van die misdaad in Suid-Afrika gedien.

Sedert 1987 het die roof van voertuie ernstige afmetings begin aanneem en teen 1991 het kapings 'n daaglikse verskynsel in Suid-Afrika geword (Car hijackers rampant in PWV, 1994:6). Hoewel motorvoertuigkaping as 'n vorm van gewapende roof geklassifiseer word, het dit so 'n groot probleem geword dat die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) in 1993 besluit het om 'n afsonderlike afdeling te stig wat aan prioriteitsmisdade soos motorvoertuigkaping aandag moet skenk (Myerson, 1995:96). Hierdie afdeling wat as die Misdaadinligtinganalisesentrum (voorheen die Misdaad-inligtingbestuursentrum) bekend staan, is belas met die taak om statistiek en inligting wat met prioriteitsmisdade verband hou te koördineer, faktore wat tot die misdade bydra te analiseer en voorkomingsvoorstelle aan die hand te doen (Erasmus, 1996a:15; Roodbol, 1995:6).

Die erns waarmee die SAPD motorvoertuigkaping bejêen, dui daarop dat dit 'n besondere ernstige misdaadprobleem is. Alvorens die misdaadprobleem volledig toegelig word, is dit nodig om sleutelbegrippe wat daarmee verband hou, te definieer.

1.2 BEGRIPSOMSKRYWINGS

Vanweë die feit dat begrippe nie altyd op 'n eenvormige wyse deur navorsers gedefinieer en geïnterpreteer word nie, word die begrippe soos dit in hierdie studie gebruik sal word, operasioneel gedefinieer. Die volgende begrippe is ter sprake: motorvoertuig, motorvoertuigkaping, slagoffervatbaarheid, slagofferaandadigheid en *modus operandi*.

1.2.1 Motorvoertuig

Volgens Brickell en Cole (1975:273) word die begrippe "motor", "voertuig", "motorvoertuig",

“kar”, “motorkar” en “outomobiel” dikwels as wisselterm gebruik om na ‘n sedanvoertuig te verwys. Inderwaarheid kan verskillende betekenis aan die ses begrippe geheg word. Hierdie begrippe geniet vervolgens aandag ten einde te voorkom dat verwarring bestaan oor hoe dit in hierdie studie gebruik sal word.

Odendal, Schoonees, Swanepoel, Du Toit en Booyen (1994:715) definieer die begrip “voertuig” as “enige rytuig wat gebruik word om passasiers of goedere te vervoer”. Die omskrywing het dus betrekking op verskillende vervoermiddels en sluit gevolglik 'n kar, 'n wa en 'n slee wat deur diere getrek word asook 'n motorkar in. Alhoewel die woord “kar” dikwels gebruik word wanneer daar na 'n motorvoertuig verwys word, dui hierdie term in werklikheid op 'n voertuig met twee wiele wat getrek word deur een of meer perde of ander trekdier (Odendal et al., 1994:525).

Die begrip “motor”, wat ook as sinoniem vir “motorvoertuig” gebruik word, het betrekking op 'n masjien of 'n enjin wat beweegkrag verskaf deur middel van elektrisiteit of brandstof. 'n Tweede betekenis wat aan die begrip “motor” geheg word, is dat dit 'n bestuurbare ry- of voertuig is wat oor drie of meer wiele beskik en deur 'n enjin aangedryf word (Odendal et al., 1994:715).

Die begrip “outomobiel” is afgelei van die Griekse woord *autos* en die Latynse woord *mobilis*, wat onderskeidelik “self” en “vrylik beweeg” beteken (The Concise Oxford Dictionary, 1982:63, 700). Die samevoeging van die begrippe “self” en “vrylik beweeg” verwys dus na ‘n “selfbeweeglike” of “selfbewegende” voertuig. Brickell en Cole (1975:273) omskryf dan ook die begrip “outomobiel” as “a self-propelled vehicle for use on the streets and highways for the conveyance of passengers or materials”. Alhoewel “outomobiel” hoofsaaklik gebruik word om na 'n passasiersvoertuig te verwys, word die term ook gebruik wanneer vragmotors en busse ter sprake is (McGraw-Hill Encyclopaedia of Science and Technology, 1996:679).

Die konsep “motorvoertuig”, soos vervat in die Nasionale Padverkeerswet (Wet no. 93 van 1996), word soos die begrip “outomobiel” ook as “enige selfaangedrewe voertuig” omskryf. 'n Voertuig met pedale en met 'n enjin of 'n elektriese motor, as 'n integrale deel daarvan of daaraan geheg en wat ontwerp of aangepas is om deur middel van sodanige pedale, enjin of motor aangedryf te word, is hier ter sprake. Du Plessis (1992:53) se definisie van 'n motorvoertuig is in ooreenstemming met die omskrywing in die Nasionale Padverkeerswet (Wet no. 93 van 1996) wat soos volg lui: “'n Motorvoertuig is enige voertuig wat self aangedrewe en gelisensieer is vir gebruik, of getrek word deur 'n gemotoriseerde voertuig”.

Alhoewel daar in hierdie omskrywing verwys word na die feit dat 'n motorvoertuig self aangedrewe en vir gebruik gelisensieer moet wees, kan hierdie definisie nie onvoorwaardelik aanvaar word nie. Die rede hiervoor is dat 'n sedanmotor, 'n ligte afleweringswa (bakkie), 'n stasiewa, 'n bussie (kombi), 'n "jeep" (utiliteitswa), 'n paneelwa, 'n motorfiets (bromponie) en selfs 'n sleepwa (wat ook by die omskrywing van 'n motorvoertuig in die Nasionale Padverkeerswet ingesluit is), op grond van hierdie omskrywing as motorvoertuie geklassifiseer kan word.

Aangesien kombi's asook bakkies vir doeleindes van die onderhawige studie uitgesluit word en daar slegs op sedanmotors gefokus word, kan bogenoemde omskrywings van 'n motorvoertuig nie aanvaar word nie en is dit nodig om die begrip "sedan" te omskryf.

Die omskrywing van hierdie begrip lewer probleme aangesien min definisies van die begrip bestaan. Volgens J. Matthee, Adjunk-Direkteur: Padverkeerswetgewing (persoonlike mededeling, 2 Junie 1997) bestaan daar nie 'n wetlike omskrywing van 'n sedanvoertuig nie, met die gevolg dat navorsers met woordeboekbetekenis moet volstaan.

The Concise Oxford Dictionary (1982:1027) definieer 'n sedanmotor as "an enclosed motor car for four or more people". Odendal et al. (1994:944) gebruik 'n soortgelyke omskrywing deur na die tipe motor te verwys as 'n "toemotor met 'n kap, deure en vensters wat gesluit kan word".

Die begrip motorvoertuig word vir doeleindes van hierdie studie aan die hand van Du Plessis en The Concise Oxford Dictionary se omskrywings soos volg operasioneel gedefinieer: 'n Motorvoertuig is enige sedanmotor met 'n soliede dak, wat geskik is vir die vervoer van vier of meer persone, wat selfaangedrewe en vir gebruik gelisensieer is.

1.2.2 Motorvoertuigkaping

Die begrip "motorvoertuigkaping" word dikwels as 'n sinoniem vir "motorvoertuigroof" gebruik. Aangesien kaping as 'n vorm van gewapende roof beskou en as sodanig in statistieke aangeteken word, word die begrip roof eers toegelig.

1.2.2.1 Roof

Die term "roof" is afgelei van die Germaanse begrip *raubh*, wat volgens The Concise Oxford Dictionary (1982:931, 974) "forcibly deprive of" beteken. Volgens hierdie bron kan roof omskryf word as "(to) deprive a person of property by threat of violence; to feloniously plunder a person

or place". The Oxford English Dictionary (1989b:2) sluit hierby aan deur daarop te wys dat roof "the action or practice of feloniously seizing, by violence or intimidation, property belonging to another" behels. Normandeau (1968:28) beskryf roof op soortgelyke wyse as "the felonious and forcible taking from the person of another of goods or money to any value by violence or by putting in fear".

Bogenoemde definisies benadruk dat geweld of dreigemente van geweld met roof geassosieer word. Bard en Sangrey (1986:199) onderskryf hierdie siening en beklemtoon in hulle omskrywing van die begrip dat wapens dikwels 'n belangrike rol tydens die pleeg van die misdaad speel: "Robbery refers to the unlawful taking or attempt to take property in the immediate possession of another by force, with or without the use of a weapon". Die twee vorme wat roof kan aanneem, naamlik gewapende roof (ook bekend as "stick-ups", "hold-ups" en "heists") en ongewapende roof (wat ook as "strong arm robbery", "muggings", "yokes" en "muscle jobs" bekend staan), kan uit bogenoemde definisie afgelei word (MacDonald, 1975:38). Sowel gewapende roof (waar 'n wapen instrumenteel gebruik word om die slagoffer te intimideer, te dreig of te beseer) as ongewapende roof (waar die slagoffer uitdruklik of stilswyend met fisieke leed gedreig word), gaan gepaard met 'n element van gewelddadigheid, selfs al word niemand in werklikheid beseer nie (Pettway, 1979:2).

Ofskoon navorsers (Conklin, 1972:4) melding maak van die geweldselement wat tydens 'n roofvoorval ter sprake is, beklemtoon hulle dat diefstal net so 'n belangrike komponent van roof is en dat hierdie element by omskrywings van die begrip ingesluit moet word: "(Robbery refers to) the taking and carrying away of personal property of another from the person and against his will, by force or violence or by assault in putting in fear, with intent to steal". Brickell en Cole (1975:177) wat meer eksplisiet na laasgenoemde element verwys, beskou roof as "the theft of goods or money from a person by placing him in fear, either by actual or implied threat of physical harm". Roof word in sommige gevalle selfs omskryf as "an aggravated form of *theft* where force is used to expedite the theft" (my kursivering) (Pettway, 1979:1).

1.2.2.1.1 Probleme rakende die omskrywing van die begrip roof

Die insluiting van geweld, of dreigemente van geweld asook die diefstal van geld of goedere in omskrywings van roof, lei dikwels tot verwarring en onsekerheid, aangesien dit nie duidelik is of roof as 'n gewelds- of eiendomsmisdaad geklassifiseer behoort te word nie. Vanweë die feit dat roof 'n vorm van diefstal is en geld of eiendom van 'n slagoffer geneem word, kan dit andersyds as 'n eiendomsmisdaad beskou word. Navorsers (Block, 1989:235; Steenkamp,

1997:19) beklemtoon in hierdie verband dat die primêre oogmerk van roof nie die besering van die slagoffer is nie, maar om geld, waardevolle artikels of eiendom te bekom. Pratt (1980:22) wat bogenoemde onderskryf, wys daarop dat 'n rooftog nie kan plaasvind as daar nie iets gesteel word nie. In aansluiting hierby meld Snyman (1992:516) dat al die vereistes wat vir diefstal gestel word, ook vir roof geld.

Andersyds word geweld of dreigemente van geweld gebruik om diefstal te fasiliteer of om roof te vergemaklik. Diefstal bly dus die primêre motief, terwyl geweld aangewend word om dit moontlik te maak (Conklin, 1972:4). In hierdie verband merk Pratt (1980: 27) op dat roof sonder 'n element van geweld, onmoontlik is. In aansluiting hierby, konstateer Gabor et al. (1987:206) dat die fisieke, emosionele en sosiale gevolge wat met roof geassosieer word, bevestig dat dit nie uitsluitlik as 'n eiendomsmisdaad beskou kan word nie.

Ten spyte daarvan dat verskeie navorsers en die meeste wetstoepassers verkies om roof as 'n geweldsmisdaad te klassifiseer en as sodanig te omskryf (Cook, 1985:480), wys MacDonald (1975:40) daarop dat die meeste rowers nie 'n geskiedenis van geweldsmisdaad het nie. Hierteenoor is hulle dikwels bekend as persone wat herhaal-delik eiendomsmisdaad pleeg. Die afleiding kan dus gemaak word dat rowers primêr gemotiveer word deur 'n behoefte om te steel. Normandeau (1968:362) bevestig bogenoemde en postuleer dat "robbers ... are primarily thieves who occasionally, though rarely use force to achieve their objects". Voortspruitend hieruit, kan die begrip roof omskryf word as die pleeg van diefstal deur geweld of dreigemente van geweld. Alhoewel hierdie omskrywing onvolledig is, fokus dit tog op die kernelemente van roof, naamlik geweld en diefstal (Snyman, 1992:515).

Ten einde die begrip motorvoertuigroof of motorvoertuigkaping volledig te kan omskryf, is dit nodig om die twee kernelemente van roof, naamlik geweld en diefstal in die omskrywing te vervat. Alvorens 'n operasionele definisie van motorvoertuigkaping egter geformuleer kan word, moet die begrip "kaping" eers onder die loep geneem word.

1.2.2.2 Kaping

Volgens Funk en Wagnalls (1994:1) het die begrip "hijacking" gedurende die periode 1912 tot 1920 beslag gekry in die Midde Weste van die VSA. Die begrip het ontstaan na aanleiding van die bevel, "Hold your hands up high Jack". Hierdie woorde is algemeen gebruik deur boemelaars wat boere beroof het en rowers wat reisigers op openbare paaie en hoofweë voorgekeer het (Dailey & Pickrel, 1975:161; Thompson, 1991:4).

Gedurende die Prohibisietydperk in die VSA (1920's), waartydens die handel in asook besit en verspreiding van alkohol verbied is, is die bevel om hande in die lug te steek, verkort na "highjack" en mettertyd na "hijack". In hierdie tydperk is die begrip veral gebruik om te verwys na die diefstal van goedere (hoofsaaklik onwettige alkohol) uit vragmotors. Samehangend hiermee is na die kaper verwys as "a highwayman or a robber who seizes the goods of bootleggers or rum runners, or who seizes by force a part of their trade" (Brickell & Cole, 1975:177). Sedert 1950 word die begrip ook gebruik vir persone wat skepe en vliegtuie vir persoonlike en/of politieke doeleindes skaak (Funk & Wagnalls, 1994:1).

Verskeie woordeboeke sluit al die bogenoemde betekenis by die omskrywing van die begrip "hijack" in. A supplement to the Oxford English Dictionary (1976:100) omskryf "hijack" as

- to steal (contraband or stolen goods) in transit, to rob (a bootlegger or smuggler) of his illicit goods
- to hold up and commandeer (a lorry and its load) in transit
- to seize (an aeroplane) in flight and force the pilot to fly to a new destination.

The Concise Oxford Dictionary (1982:507) brei hierop uit deur te benadruk dat geweld of dreigemente van geweld, net soos in die geval van roof, belangrike elemente van 'n "hijacking" is. "Hijacking" of kaping (soos dit in Afrikaans vertaal word) word in gemelde bron soos volg gedefinieer: "To seize control of a lorry with goods, aircraft in flight by (threat of) violence and/or force". Webster's Intermediate Dictionary (1986:354) verwys ook na die kaping van vliegtuie ("skyjacking") en vragmotors. Alhoewel laasgenoemde drie woordeboekomskrywings meer omvattend is as die omskrywing van die 1920's wat op diefstal van onwettige alkohol betrekking het, word daar nie na die kaping van motorvoertuie per se verwys nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat motorvoertuigkaping 'n resente misdaadverskynsel is (vgl. afd. 1.1).

Odendal et al. (1994:475) oorbrug hierdie leemte wanneer hy na 'n kaping verwys as "'n aksie om iets, in besonder 'n skip of ander voertuig wederregtelik as buit in besit te neem". Funk en Wagnalls (1994:1) se verwysing na kaping as "the forcible seizure of any vehicle while in transit in order to commit robbery, extort money, kidnap passengers, or carry out other crimes", maak soos Odendal en sy medewerkers ook voorsiening vir die kaping van motorvoertuie. Die twee basiese elemente van roof, naamlik geweld en diefstal word egter nie by Funk en Wagnalls asook Odendal et al. se omskrywings van kaping ingesluit nie.

Meadows (1998:93) ondervang hierdie punt van kritiek deur "carjacking" te definieer as "the theft or attempted theft of a motor vehicle by force or threat of force". Aangesien hy daarop wys dat motorvoertuigkaping tegnies gesproke 'n vorm van motordiefstal is wat met geweld en/of dreigemente gepaard gaan, kan die volgende operasionele definisie aan die hand van hierdie omskrywing geformuleer word: Motorvoertuigkaping behels die wederregtelike, opsetlike in besitneming of poging daartoe van 'n motorvoertuig in transito al dan nie, teen die eienaar se wil, by wyse van geweld of dreigemente om die slagoffer te dood of ernstig te beseer, met of sonder die gebruik van 'n wapen.

1.2.3 Slagoffervatbaarheid en slagofferaandadigheid

Eksponente van die Klassieke Skool in die kriminologie, soos Bentham en Beccaria asook positiviste van die negentiende eeu soos Lombroso, het die begrippe "misdadiger" en "slagoffer" as statiese konsepte beskou wat afsonderlik bestudeer moes word (Conklin, 1998:40, 42-43, 475). Misdaadverklarings tot en met die 1940's het hoofsaaklik op die misdadiger en misdadige gedrag gefokus, terwyl situasionele faktore wat hierdie gedrag kon veroorsaak het, geïgnoreer en die slagoffer op die agtergrond geskuif is (Fattah, 1979:199-200). Gedurende die twintigste eeu het die besef begin posvat dat die slagoffer 'n integrale deel van die misdaadsituasie is en dat misdaad nie in sy totaliteit begryp kan word indien die slagoffer voortdurend buite rekening gelaat word nie (Snyman, 1986:23). Gevolglik is benadruk dat sosiale verskynsels soos misdaad bestudeer moet word met betrekking tot die slagoffer en oortreder se verhouding tot mekaar en hulle verhouding tot die gemeenskap.

Belangstelling in die bestudering van die verhouding tussen die oortreder en die slagoffer het gedurende die 1940's beslag gekry met die baanbrekerswerk van kriminoloë soos Mendelsohn (wat beskou word as die vader van die viktimologie), Von Hentig en Ellenberger (Galaway & Hudson, 1981:183; Karmen, 1990:8). Die navorsing van hierdie kriminoloë, in samehang met die werk van Wolfgang in 1958, het enersyds die grondslag gelê vir die ontwikkeling van die viktimologie as studieveld en andersyds aanleiding gegee tot die ontstaan van die begrippe "slagoffervatbaarheid" en "slagofferaandadigheid" (Roberts, 1990:24). Hierdie begrippe, wat 'n belangrike rol speel wanneer 'n individu se risiko vir viktimisasie oorweeg word, geniet vervolgens aandag.

1.2.3.1 Slagoffervatbaarheid

Die konsep “vulnerable” wat van die Latynse term *vulnerare* afgelei is, kan volgens Bosman, Van der Merwe en Hiemstra (1977:1843) in Afrikaans vertaal word met “kwesbaar”, “wondbaar” of “vatbaar”. Die begrip “vulnerability” word deur The Concise Oxford Dictionary (1982:1305) omskryf as vatbaarheid vir besering.

Hierdie vatbaarheid het volgens The Oxford English Dictionary (1989a:14) betrekking op "the quality or condition of being susceptible; capability of receiving; being affected by or undergoing something". Binne die kriminologie word die begrip slagoffervatbaarheid gebruik om te verwys na 'n toestand van oop of kwesbaar wees vir 'n aanval of beskadiging. Volgens Snyman (1986:15) het dit betrekking op blootstelling aan die een of ander vorm van misdaad.

1.2.3.1.1 Ontwikkingsgeskiedenis van die begrip slagoffervatbaarheid

Mendelsohn, wat gedurende 1940 die bio-psigo-sosiale eienskappe van misdadigers en slagoffers bestudeer het, was die eerste kriminoloog wat 'n verband tussen misdaad en slagoffervatbaarheid aangetoon het. In 'n lesing getiteld *New Bio-psycho-social Horizons: Victimology*, wat hy in 1947 in Boekarest, Roemenië gelewer het, postuleer hy dat individue as gevolg van sekere eienskappe, die risiko loop om geviktimizeer te word (Roberts, 1990:24; Schneider, 1982:12). 'n Jaar later voer Von Hentig in sy boek, *The Criminal and his Victim*, op 'n soortgelyke wyse aan dat sekere persoonlike eienskappe van slagoffers hulle kans op viktimisering verhoog. In hierdie verband wys hy daarop dat die verhouding tussen die misdadiger (“the doer”) en die slagoffer (“the sufferer”) van so 'n aard is dat slagoffervatbaarheid as 'n "oopenheid" vir misdadige optrede teenoor die slagoffer beskou kan word (Doerner & Lab, 1995:5; Roberts, 1990:24; Schneider, 1982:12). Ofskoon Von Hentig se doel nie die wetenskaplike formulering van die begrip slagoffervatbaarheid was nie, het hy tog die kern van slagoffervatbaarheid blootgelê.

In sy boek, *Relations*, wat gedurende 1954 gepubliseer is, omskryf Ellenberger die begrip slagoffervatbaarheid as die potensiële gevare waaraan slagoffers blootgestel word as gevolg van hulle beroep, sosiale klas en/of fisieke toestand (Roberts, 1990:25). Alhoewel die begrip slagoffervatbaarheid wel hier verduidelik word, kan die definisie nie vir die doeleindes van hierdie studie aanvaar word nie, aangesien verskeie veranderlikes naas beroep, sosiale klas en fisieke toestand, slagoffervatbaarheid kan verhoog. Hierdie faktore geniet vervolgens aandag.

1.2.3.1.2 Faktore wat 'n individu se risiko vir viktimisering kan verhoog

Alhoewel daar konsensus bestaan met betrekking tot die betekenis van die begrip slagoffervatbaarheid, bestaan daar nog meningsverskille rondom die faktore wat 'n individu se kwesbaarheid vir 'n spesifieke misdaad verhoog (Karmen, 1990:94, 95). Daar word voortdurend gespekuleer oor biologiese, psigologiese, sosiale, situasionele en ander faktore wat relatief voordelig of nadelig is in terme van die kwesbaarheid vir 'n spesifieke misdaad.

Volgens Pretorius (1986:54) kan sekere veranderlikes of eienskappe wat eie is aan individue, soos ras, geslag, ouderdom, huwelikstaat, inkomste en beroep, 'n bepaalde invloed op misdadigers uitoefen en hulle sodoende meer "vatbaar" vir viktimisasie maak. Faktore soos roetine-aktiwiteite of lewenstyl, die slagoffer se persoonlikheid en gewoontes soos die misbruik van dwelmmiddels en/of alkohol, geloof, opvattinge, lewensbeskouing, voorkeure, kultuur, sosio-ekonomiese status, fisieke en/of psigiese toestand en selfs die besit van eiendom is ook al met slagoffervatbaarheid in verband gebring (Bard & Sangrey, 1986:24; Brewer, 1994:39, 52; Gabor et al., 1987:86; Lamborn, 1981a:116; Schafer, 1977:24). Die sosiale omgewing en/of milieu soos byvoorbeeld areas met 'n hoë misdaadkoers of 'n heterogene bevolkingsamestelling, kan ook kwesbaarheid beïnvloed. Hierbenewens is kenmerke soos die voorkoms, aantreklikheid en toeganklikheid van 'n teiken (slagoffer) ook geïdentifiseer as faktore wat 'n individu se risiko vir viktimisasie kan verhoog (Brewer, 1994:40, 52, 58).

'n Verdere faktor wat slagoffervatbaarheid kan beïnvloed, is die geleentheid wat die slagoffer vir viktimisasie bied. Lamborn (1981a:116) benadruk die belangrike rol wat geleentheid in slagoffervatbaarheid speel deur daarop te wys dat "the opportunity must be sufficiently obvious to come to the attention of the criminal and to facilitate his taking advantage of it". Hiervolgens kan 'n slagoffer slegs vatbaar vir viktimisasie wees indien die misdadiger die slagoffer as sodanig waarneem. Normandeau (1968:20), wat slagoffervatbaarheid in terme van "temptation-opportunities" omskryf, maak ook melding van die feit dat 'n kombinasie van slagoffer- en misdadigerkenmerke asook situasionele faktore soos die plek en die tyd waarop die slagoffer en die oortreder se paaie kruis, die moontlikheid vir viktimisasie kan verhoog.

'n Operasionele definisie van slagoffervatbaarheid moet dus voorsiening maak vir 'n wye verskeidenheid faktore of veranderlikes wat 'n individu se potensiaal of risiko vir viktimisasie en in die geval van die onderhawige studie, motorvoertuigkaping kan verhoog. Daar moet egter ook gewaak word teen té eng omskrywings wat slegs op enkele aspekte fokus wat 'n individu se risiko vir viktimisasie kan verhoog. Kgorani (n.d.:3) wat hierdie standpunt onderskryf, postuleer dat "there are no factors which can be isolated in respect of the vulnerability of certain

persons".

Lamborn (1981a:116) ondervang hierdie postulaat in sy verwysing na slagoffervatbaarheid as "the susceptibility of certain groups of people to victimisation, through no fault of their own, based on demographic or *other characteristics*" (my kursivering). Alhoewel hy voorsiening maak vir verskillende faktore wat 'n individu se risiko vir viktimisasie kan verhoog, laat die definisie na om aandag daarop te vestig dat 'n individu persoonlik, finansiëel of fisies, slagoffervatbaar kan wees.

1.2.3.1.3 Aard van slagoffervatbaarheid

Galaway en Hudson (1981:4) verwys in hulle omskrywing van slagoffervatbaarheid na 'n individu se potensiaal om persoonlike, finansiële en/of fisiese verliese as gevolg van viktimisasie te ly. Persoonlike verliese verwys na die moontlikheid (vatbaarheid, potensiaal of risiko) vir emosionele en/of fisieke beserings of skade, terwyl laasgenoemde twee onderskeidelik betrekking het op die potensiele verlies van geld en die moontlikheid van saakbeskadiging of -verliese (Dussich & Eichman, 1976:93). Aangesien al drie die vorme by 'n misdaad soos motorvoertuigkaping ter sprake is, moet hierdie aspekte ook by die omskrywing van slagoffervatbaarheid vir motorvoertuig-kaping, ingesluit word.

Alvorens 'n operasionele definisie vir slagoffervatbaarheid geformuleer word, is dit nodig om aandag te skenk aan die rol wat die slagoffer in terme van slagoffervatbaarheid kan speel - 'n aspek wat nie in een van die voorafgaande omskrywings aangeraak is nie. Alhoewel Lamborn (1981a:116) in sy omskrywing van hierdie konsep verwys na die kwesbaarheid of ontvanklikheid van sekere groepe mense vir viktimisasie "through no fault of their own", maak Grobbelaar (1986:54) daarvan melding dat 'n slagoffer onbewustelik 'n klimaat vir misdaad kan skep. Brewer (1994:71) asook Skogan en Maxfield (1981:71) wys in aansluiting hierby daarop dat 'n slagoffer hom of haar aktief of passief vir viktimisasie kan oopstel.

Volgens Walklate (1989:14) is passiewe vatbaarheid ter sprake wanneer die slagoffer niks doen om sy of haar risiko vir viktimisasie te verhoog nie. Faktore waaroor die slagoffer geen beheer het nie, soos geslag, ouderdom en kulturele agtergrond is hier ter sprake (Skogan & Maxfield, 1981:71-72). Alhoewel die besit en bestuur van 'n motorvoertuig 'n faktor is waaroor 'n individu wel beheer kan uitoefen, meld Brewer (1994:7) dat die neem van sekere risiko's onvermydelik is ("the very nature of our existence demands that we take certain unavoidable risks"). Myerson (1995:96) wat bogenoemde onderskryf, postuleer verder dat die blote besit en

bestuur van 'n motorvoertuig, vatbaarheid vir motorvoertuigkaping verhoog en as passiewe vatbaarheid beskou kan word.

Aktiewe vatbaarheid verwys na geleenthede wat die slagoffer skep deur sy of haar optrede. Volgens Wolfgang (in Skogan & Maxfield, 1981:71) beteken dit dat die slagoffer sy of haar kans of moontlikheid vir viktimisasie aktief verhoog. In hierdie geval is slagofferpresipitasie dikwels ter sprake. (Die konsep sal in afd. 1.2.3.2. volledig omskryf word.)

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking word die volgende operasionele definisie vir hierdie navorsing geformuleer: Slagoffervatbaarheid verwys na die risiko, potensiaal of ontvanklikheid vir persoonlike, finansiële en materiële verlies, besering, benadeling of beskadiging wat 'n individu aktief of passief, vanweë sekere individuele en/of situasionele veranderlikes, vir die misdaad motorvoertuigkaping toon.

1.2.3.2 Slagofferaandadigheid

Die konsep "complicity" ontleen sy oorsprong van die Latynse woord *culpa*, wat in Afrikaans vertaal kan word met "blameer". Hierdie begrip, wat volgens Schafer (1977:149) in die literatuur as 'n sinoniem vir aandadigheid, aanspreeklikheid of presipitasie gebruik word, het betrekking op die vraag wie se "skuld" of "fout" die viktimisasie was, oftewel wie meer aanspreeklik vir die misdaad gehou moet word. Indien die begrippe "slagoffer" en "presipitasie" gekoppel word, verwys dit volgens Doerner en Lab (1995:5) na die mate waarin slagoffers vir hulle eie viktimisasie verantwoordelik is.

Karmen (1990:5, 110) gebruik slagofferaandadigheid, -aanspreeklikheid en -presipitasie afwisselend om die spesifieke, identifiseerbare aksies van sekere slagoffers onmiddellik voor viktimisasie aan te dui. Hy wys ook daarop dat die onderskeid tussen "skuld" en "onskuld" nie altyd tydens viktimisasie duidelik is nie en dat hierdie twee konsepte nie noodwendig wedersyds uitsluitend is nie. Aangesien misdaad die resultaat van 'n proses van interaksie tussen ten minste twee partye is, waar die een 'n beduidende invloed op die ander een uitoefen, is dit soms moeilik om te bepaal wie vir die uitkoms geblameer moet word en of die slagoffer die daad vir die oortreder moontlik gemaak of vergemaklik het en so tot sy of haar viktimisasie bygedra het (Karmen, 1990:103).

1.2.3.2.1 Ontwikkelingsgeskiedenis van die begrip slagofferpresipitasie

Vroeëre verwysings na slagofferaandadigheid word reeds in die werk van Kahlil Gibran gevind. In sy boek, *The Prophet*, wat in 1926 vir die eerste keer gepubliseer is, meld hy dat "the guilty is oftentimes the victim of the injured" (Gibran, 1963:38). Alhoewel Mendelsohn ook reeds in 1940 melding gemaak het van die feit dat alle misdade uit ten minste twee partye ("a penal couple") bestaan wat in noue interaksie met mekaar verkeer, was dit Von Hentig wat baanbrekerswerk in hierdie verband gedoen het. In 'n artikel, getiteld *Remarks on the Interaction of Perpetrator and Victim*, wat hy in 1941 gepubliseer het, word beklemtoon dat misdaad en die misdadiger slegs verstaan kan word indien die slagoffer se rol tydens interaksie ook in ag geneem word (Barkas, 1978:31; Doerner & Lab, 1995:6; Schafer, 1981:16; Wolfgang, 1975:245). In sy boek, *The Criminal and his Victim*, verwys hy soos volg na die rol wat die slagoffer in sy of haar eie viktimisasie kan speel: "In a sense the victim shapes and moulds the criminal" en "the victim may assume the role of determinant" (Von Hentig, 1948:384). Volgens Fattah (1979:200) het Von Hentig se werk aanleiding gegee tot 'n nuwe situasionele benadering tot misdaad waar misdadige gedrag beskou word as die resultaat van 'n dinamiese interaksieproses. Hierbenewens is slagoffereienskappe, die slagoffer se verhouding en interaksie met die misdadiger asook sy of haar rol en bydrae tot misdaad, deur Von Hentig benadruk. Hoewel Mendelsohn en Von Hentig tipologieë ontwikkel het wat op hulle beskouing van die konsep slagofferaandadigheid gebaseer is, is die rol van die slagoffer tydens viktimisasie tot en met 1958 nie wetenskaplik omskryf of empiries ondersoek nie (Doerner & Lab, 1995:9).

Die eerste sistematiese studie met betrekking tot slagofferpresipitasie is deur Wolfgang onderneem (Curtis, 1974:82; Fattah, 1992:66; Roberts, 1990:26). In 'n artikel getiteld *Victim-precipitated Criminal Homicide*, wat gedurende 1958 gepubliseer is, gebruik Wolfgang die begrip "slagoffergepresipiteerde moord" wat hy definieer as 'n situasie waar

the role of the victim is characterized by his having been the first to show and use a deadly weapon, to strike a blow in an altercation - in short, the first to commence the interplay of resort to physical violence (Wolfgang, 1975:252).

Alhoewel hierdie omskrywing spesifiek op moordvoorvalle van toepassing was, het die fokus op slagofferpresipitasie 'n betekenisvolle bydrae tot die viktimologie gemaak, aangesien die veronderstelling dat die slagoffer passief en die misdadiger brutaal, sterk en aggressief is, vir die eerste keer bevraagteken is.

Amir, een van Wolfgang se studente, het in 1971 op sy leermeester se werk voortgebou deur

die begrip slagofferpresipitasie te herformuleer vir sy studie oor verkragting. Die geherformuleerde omskrywing lui soos volg:

Victim precipitation is a situation ending in forced intercourse in which the victim actually, or so it was deemed, first agreed to sexual relations, but then retreated before the actual act or did not strongly enough when the suggestion was made by the offender Also when the victim uses what could be interpreted as indecency in language and gestures or an invitation to sexual relations (aangehaal in Lamborn, 1981b:168; Normandeau, 1968:288; Walklate, 1989:4).

Volgens Normandeau (1968:361) kan Amir se definisie van slagofferpresipitasie nie op roof *per se* van toepassing gemaak word nie. Die rede hiervoor is dat die konfrontasie tussen die slagoffer en die misdadiger tydens 'n roofvoorval plaasvind wanneer die misdaad gepleeg of uitgevoer word. Desnieteenstaande is dit nodig om kennis te neem van die omskrywing aangesien dit die grondslag gelê het vir latere omskrywings van slagofferaandadigheid.

In 'n boek, *The Victim and his Criminal: A Study of Functional Responsibility*, wat gedurende 1968 gepubliseer is, maak Schafer ook melding van slagofferpresipitasie en skep hy na aanleiding van Amir se omskrywing, die konsep “funksionele verantwoordelikheid”. Hierdeur vestig hy die standpunt dat slagoffers dikwels vir hulle viktimisasie verantwoordelik is. In hierdie verband konstateer hy dat “it is far from true that all crimes happen to be committed: often the victim's negligence, precipitative action, or provocation contributes to the genesis or performance of a crime” (aangehaal in Fattah, 1979:209; Schneider, 1982:12).

Volgens Elias (1986:85) dui die begrip funksionele verantwoordelikheid nie noodwendig daarop dat slagoffers misdadigers direk provokeer nie. Dit impliseer slegs dat hulle optrede nodig is vir die misdaad om plaas te vind en dat hulle derhalwe ook kan meewerk om viktimisasie te voorkom. In sy tipologie gebaseer op die funksionele verantwoordelikheid van die slagoffer (vgl. afd. 2.1.4), verwys Schafer (1977:45) spesifiek na presipiterende slagoffers wat hy omskryf as “individuals who leave themselves open for victimisation by placing themselves in dangerous places or times, dressing inappropriately, acting or saying the wrong things”. Ofskoon die omskrywing voorsiening maak vir die blootstelling aan verskeie misdade, insluitend roof, is Schafer se verwysing na die wyses waarop slagoffers tot viktimisasie kan bydra, beperk.

1.2.3.2.2 Slagofferpresipitasie en roof

Volgens Block (1977:78) presipiteer slagoffers van roof nie misdaad op dieselfde wyse as slagoffers van moord en/of aanranding nie. Derhalwe kan vae definisies van slagofferaandadigheid soos dié van Schafer, nie noodwendig op roof van toepassing gemaak word nie. Desnieteenstaande wys Block daarop dat "the relationship between victim and offender is not so remote as might be thought" en dat die slagoffer en misdadiger tog tydens 'n roofvoerval op verskeie wyses met mekaar in interaksie is. Lamborn (1981b:165) en Maxfield (1987:276) wat bogenoemde onderskryf, meen dat alhoewel slagofferpresipitasie nie altyd so 'n groot rol by roof soos in die geval van moord en aanranding speel nie, dit steeds 'n belangrike invloed uitoefen. In hierdie verband postuleer Curtis (1974:92) dat "the definition for robbery has more conceptual and operational ambiguities than for homicide. There is not that cutting point neatness of the subsequent victim striking the first blow". Bogenoemde in ag genome, maak Normandeau (1968:288, 291) melding van versoeking-geleenthede ("temptation-opportunities") wat tydens roof ter sprake is en ontstaan as die slagoffer byvoorbeeld nalatig was. Hy omskryf slagofferpresipitasie as 'n situasie waar die slagoffer nie met die nodige voorsorg of selfbeskermdende gedrag opgetree het in die hantering van geld, juwele en/of ander waardevolle artikels nie. Ofskoon hierdie omskrywing nuttig is vanweë die beklemtoning van elementêre voorkomingsmaatreëls wat slagoffers moet tref om geleenthede vir roof te beperk, laat Normandeau na om aan te toon dat slagoffers bewustelik (aktief) of onbewustelik (passief) 'n roofvoerval kan presipiteer.

1.2.3.2.3 Passiewe en aktiewe aard van slagofferaandadigheid

Soos in die geval van slagoffervatbaarheid, kan slagofferaandadigheid aktief of passief van aard wees. Volgens Doerner en Lab (1995:5) het Von Hentig met sy aanname, "much victim contribution results from characteristics or social positions beyond control of the victim", 'n passiewe aandadigheid gesuggereer. Hierteenoor het Mendelsohn, wat 'n tipologie ontwikkel het met betrekking tot die skuldaandeel van die slagoffer (vgl. afd. 2.1.1), daarop gewys dat slagoffers aktief tot hulle eie viktimisasie kan bydra. Deur bloot slagoffervatbaar te wees vir viktimisasie, kan slagoffers enersyds passief aandadig aan hulle eie viktimisasie wees, terwyl hulle andersyds die viktimisasie aktief kan uitlok deur nalatig of onverskillig op te tree (Pretorius, 1986:27).

1.2.3.2.4 Vorme wat slagofferaandadigheid kan aanneem

Die vorme wat aktiewe slagofferaandadigheid kan aanneem, word selde in omskrywings van die begrip vermeld. Moolman (1984:10, 87) definieer slagofferaanspreeklikheid as "'n

bepaalde bewustelike handeling of versuim van 'n potensiële slagoffer wat daartoe kan lei dat sy viktimisasierisiko verhoog word”, terwyl Galaway en Hudson (1981:4) die begrip omskryf as “actions on the part of the victim that may either invite or precipitate victimisation”. Elias (1986:72) maak op soortgelyke wyse melding van “those acts of omission or commission that increase one's risks, if not invite crime”. Ofskoon daar in laasgenoemde definisies gepoog word om te verduidelik wat met die begrip slagofferaandadigheid bedoel word, word daar nie spesifiek gestipuleer watter aksies van 'n slagoffer tot sy of haar viktimisasie kan bydra nie. Lamborn (1981b:160-164) ondervang hierdie leemte in sy verwysing na die verskillende dimensies waarin slagofferaandadigheid kan figureer, naamlik onverantwoordelike uitnodiging, agter-losigheid of vergemakliking, provokasie, presipitasie, medewerking, aanstigting en/of weerstand. Enkele van hierdie dimensies, wat vir die onderhawige studie van belang is, word vervolgens omskryf.

- **Onverantwoordelike uitnodiging**

Onverantwoordelike uitnodiging vind plaas wanneer potensiële slagoffers bewustelik en uit eie keuse 'n potensiël gevaarlike situasie betree wat tot viktimisasie aanleiding kan gee (Galaway & Hudson, 1981:160, Lamborn, 1968:761). Volgens Snyman (1986:17) kan die fisieke binnegaan van 'n geografiese gebied en/of sosiale situasie wat die potensiaal vir viktimisasie inhou, 'n individu se kans om 'n slagoffer van misdaad te word, verhoog. Individue wat 'n gebied of area met 'n hoë misdaadkoers betree, elke dag dieselfde roete werk toe en terug volg, 'n verlate pad gebruik en/of alkohol en dwelmmiddels misbruik, kan hier as voorbeelde dien. Motoriste wat rylopers oplaai, langs die pad stop om te eet, te rus of na sleutels van 'n motorvoertuig soek wanneer hulle hulle motorvoertuig in 'n parkeerarea nader, kan hulle ook aan onverantwoordelike uitnodiging skuldig maak.

- **Agterlosigheid**

Agterlosigheid of vergemakliking kom voor wanneer individue 'n geleentheid vir misdaad skep deur nie die nodige voorsorg of beskermingsmaatreëls teen hulle eie viktimisasie te tref nie (Lamborn, 1968:763). Volgens Snyman (1986:18) kan die begrip vergemakliking ook as sinoniem vir die konsep fasilitering gebruik word. Fasilitering kom daarop neer dat die slagoffer op 'n onbewustelike, nalatige en/of agterlosige wyse dit vir die misdadiger makliker maak om die misdaad te pleeg. Volgens Karmen (1990:111) kan fasilitering gelyk gestel word aan 'n katalisator wat in 'n chemiese reaksieproses gebruik word en veroorsaak dat die reaksie (of interaksie) versnel word. 'n Motorvoertuig-bestuurder wat byvoorbeeld nie die motorvoertuig se

deure sluit of die vensters toe hou nie, kan op die wyse die pleeg van 'n misdaad soos motorvoertuigkaping vergemaklik. Motoriste se kwesbaarheid kan ook verhoog as hulle sonder brandstof gaan staan, 'n motorvoertuig bestuur wat nie in 'n padwaardige toestand is nie en/of 'n vreemde roete volg sonder om vooraf seker te maak hoe om hulle bestemmings te bereik.

- **Provokasie**

Provokasie kan omskryf word as 'n situasie waar die slagoffer sekere gedragswyses openbaar wat as aanleiding vir die potensiële misdadiger dien om die misdaad te pleeg. Volgens Lamborn (1981b:162) geskied provokasie wanneer die slagoffer die misdadiger aktief uitlok. Die uitlokking kan verbaal, in die vorm van 'n belediging of dreigement, of in die vorm van 'n daad of gebaar wees. Deur byvoorbeeld roekeloos te bestuur en/of sekere lyftaal te openbaar (bv. 'n vulgêre handgebaar te maak), kan as provokasie beskou word. Lamborn (1981b:163) is verder van mening dat provokerende slagoffers meestal daarvan bewus is dat hulle gedrag 'n sekere reaksie by 'n potensiële oortreder kan uitlok. Geen willekeurige pogings word egter aangewend om dit te voorkom of reg te stel nie. Hulle moet dus die verantwoordelikheid vir die viktimisasie dra.

- **Aanstigting**

Aanstigting impliseer dat die slagoffer die oortreder op 'n aktiewe wyse aanmoedig om die misdaad te pleeg (Lamborn, 1981b:163). Volgens Louw, Van Heerden en Smith (1978:1) word 'n situasie geskep waar die pleeg van die misdaad aangevuur of deur iemand anders, gewoonlik die slagoffer, aangemoedig word. 'n Motorvoertuig-bestuurder wat iemand byvoorbeeld aanhits om sy of haar motorvoertuig te kaap met die doel om versekeringsbedrog te pleeg, is 'n voorbeeld van 'n aanstigter.

- **Samewerking**

Samewerking of medepligtigheid kom voor wanneer potensiële slagoffers ten volle bewus is van die risiko's waaraan hulle hulleself blootstel, maar nogtans toestem om aan 'n misdaad deel te hê. Wanneer 'n bepaalde misdaad tot voordeel van die misdadiger en die slagoffer strek en hulle gesamentlik deel het aan die viktimisasieproses, kan daar van samewerking of medepligtigheid gepraat word (Grobelaar, 1986:59). 'n Individu wat byvoorbeeld met 'n kaper saamspan om sy maatskappymotor te kaap ten einde 'n nuwe motorvoertuig te bekom, of 'n vragmotorbestuurder wat deel in die winste van goedere wat in transito gekaap en deur

sindikate versprei word, kan hier as voorbeelde dien. Lamborn (1981b:163) wys egter daarop dat 'n belangrike oorweging by die vasstelling van samewerking al dan nie, verband hou met die mate waarin die slagoffer deur middel van keuse saamgewerk het of gedwing is om aan die misdaad deel te hê.

- **Weerstand**

Weerstand word omskryf as die teësit teen viktimisasie wat daartoe kan lei dat 'n individu 'n slagoffer van sy of haar optrede word. In hierdie verband wys Karmen (1990:115) daarop dat weerstand gedrag behels wat daarop gerig is om die pleeg van die misdaadhandeling uit te stel en/of om die pyn en verlies wat die misdaad kan veroorsaak, te minimaliseer. Enige optrede van die potensiële misdaadslagoffer wat kan inmeng met die voltooiing van die misdaadaksie of selfs die ontsnapping van die misdadiger, kan as weerstand beskou word (Claster & David, 1981:183; Lamborn, 1981b:183).

Block en Skogan (in Lurigio, Skogan & Davis, 1990:39) onderskei tussen twee tipes weerstand, naamlik nie-gewelddadige en gewelddadige weerstand. Eersgenoemde kan verskeie vorme aanneem, soos onder andere om te weier om aan die misdadiger (kaper) se eise gehoor te gee, pogings om te ontvlug, verbale dreigemente, redenering met die misdadiger (bv. om 'n beroep op die kaper se gewete te doen of om die negatiewe gevolge van misdaadpleging soos bv. gevangesetting op te haal), argumentering met die misdadiger asook enige wyses waarop die slagoffer omstanders bewus maak van die kaping deur te skree, te lag of te huil (Block & Skogan, 1986:245; Claster & David, 1977:110, 115; Glick, 1995:224; MacDonald, 1975:225). Gewelddadige weerstand is fisiek van aard en kan die gebruik van 'n wapen en/of enige ander poging om die misdadiger op 'n fisieke wyse te verhinder om in sy doel te slaag, insluit (Block, 1989:237; Brewer, 1994:88; Gabor et al., 1987:101).

1.2.3.2.5 Probleme wat met die omskrywing van die begrip slagofferaandadigheid geassosieer word

Alvorens 'n operasionele definisie van slagofferaandadigheid geformuleer word, is dit nodig om ander aspekte wat met die konsep verband hou, onder die loep te neem.

- **Verwysingsraamwerk waarvolgens slagofferaandadigheid gedefinieer word**

'n Belangrike aspek wat by die omskrywing van die begrip slagofferaandadigheid in gedagte gehou moet word, is dat dit vanuit verskillende perspektiewe benader kan word. Volgens

Curtis (1974:96) kan slagofferpresipitasie vanuit 'n navorser se perspektief asook vanuit die misdadiger en slagoffer se perspektiewe geformuleer word.

Navorsers soos Wolfgang, Amir en Normandeau het staatgemaak op die bestudering van polisierekords en die begrip vanuit hierdie verwysingsraamwerk omskryf. Definisies met betrekking tot slagofferpresipitasie wat gebaseer is op geregsdienaars, regslui, medici en selfs navorsers se siening daarvan, bring mee dat omskrywings gegee word wat nie die slagoffer se gesindheid en gedrag asook die oortreder se persepsies en beoordeling van die situasie inkorporeer nie (Weis & Borges, 1973:78).

Die slagoffer se gedrag word byvoorbeeld in Amir se omskrywing van slagoffer-aandadigheid gebaseer op die oortreder se interpretasie van die slagoffer se gedrag. Die gevolg hiervan is dat die oortreder se foutiewe interpretasie 'n verklaring vir verkragting bied. Alhoewel Fattah (1979:202) akkoord gaan dat hierdie waninterpretasie voorkom, beklemtoon hy dat verskillende rolspelers se subjektiewe definisies van die situasie waarin hulle verkeer, van groot belang is. Ter ondersteuning hiervan wys hy daarop dat die oortreder se persepsie van die slagoffer se gedrag, belangrike leidrade verskaf aangaande die oortreder se persoonlikheid en motiewe en dat dit selfs daartoe kan bydra dat beter begrip vir die misdaad ontwikkel word. Schneider (1982:106) wat die siening onderskryf, is verder van mening dat die subjektiewe definisies van die situasie, soos aangedui deur oortreders, belangrike elemente na vore bring by die vasstelling van skuld.

Sowel Curtis (1974:96) as Lamborn (1981b:174) waarsku egter dat omskrywings vanuit die misdadiger se perspektief tot buitengewone hoë syfers van slagoffer-presipitasie kan lei. Die rede hiervoor is dat die omskrywing op die misdadiger se subjektiewe perspektief berus waar selfs die blote bestaan van 'n individu as slagoffer-presipitasie beskou kan word. In die geval van 'n kaping, is die feit dat 'n persoon 'n motorvoertuig bestuur, reeds 'n voldoende rede om hom of haar as passief aandadig te etiketteer (vgl. passiewe aandadigheid, afd. 1.2.3.2.3).

In teenstelling hiermee kan slagoffers se beskouing van hulle slagofferpresipitasie weer aansienlik laer wees as dié van misdadigers. Die vraag ontstaan dus vanuit watter perspektief slagofferaandadigheid geformuleer moet word. Hoewel Curtis (1974:96) van mening is dat daar geen "korrekte" omskrywing van slagofferpresipitasie kan wees nie, glo hy tog dat 'n konsep wat deur navorsers geformuleer is, die meeste voordele inhou ondanks persoonlike ervaring, die aard van hulle dissipline en gebeure in die sosiale omgewing wat hulle persepsie kan beïnvloed (Karmen, 1990:5). Lamborn (1981b:175) wat Curtis se siening ondersteun, wys

daarop dat situasioneel-gerigte omskrywings van die konsep "slagofferaandadigheid" sal bly voortbestaan solank die mens subjektief bly. Hy beklemtoon ten slotte dat navorsers die geskikste persone is om die begrip slagofferaandadigheid te formuleer, aangesien hulle dit doen met inagneming van die subjektiwiteit wat by al die rolspelers bestaan.

- **Misdadiger se beskouing van slagofferaandadigheid**

Sparks (1982:26-27) se definiëring van slagofferaandadigheid as "actions by the victim that encourage a behavioral response or arouse emotions in the offender that increase the chance of victimisation" beklemtoon dat aksie en reaksie van beide slagoffer en misdadiger 'n belangrike rol tydens viktimisering speel. Silverman (aangehaal in Curtis, 1974:96) se omskrywing van slagofferpresipitasie is egter meer omvattend as dié van Sparks, aangesien dit ook die misdadiger se persepsie van die slagoffer en sy of haar gedrag in ag neem:

Victim precipitation occurs when the offender's action in committing or beginning to commit a crime is initiated after and directly related to an action (be it physical or verbal, conscious or unconscious) on the part of the victim. The offender perceives the victim's behavior as a facilitating action (including temptation, invitation) to the commission of the crime. The action of the victim might be said to have triggered the offender's behaviour.

Volgens Lamborn (1981b:174) word die feit dat die misdadiger se normatiewe standarde sy persepsie van presipiterende gedrag vorm, in bostaande omskrywing erken, terwyl outomatiese gevolgtrekkings of aannames dat sekere situasies per se presipiterend is, vermy word. Die omskrywing benadruk verder dat die slagoffer se gedrag nie as fasiliterend beskou kan word, indien dit nie deur die misdadiger as sodanig geëvalueer word nie. Cole (1987:12) onderskryf bogenoemde deur daarop te wys dat slagofferaandadigheid gekenmerk word deur optrede van 'n persoon wat geleenthede daarstel wat deur die oortreder as 'n uitnodiging, uitlokking of toestemming om 'n misdaad te pleeg, vertolk kan word. Uit bostaande definisie word afgelei dat die misdadiger se beskouing en interpretasie van die slagoffer se gedrag van belang is wanneer slagofferaandadigheid gedefinieer word.

1.2.3.2.6 Gevaar van slagofferblaming in omskrywings van slagofferpresipitasie

Die gevaar van slagofferblaming, is 'n verdere aspek wat tydens die definiëring van slagofferpresipitasie in ag geneem behoort te word. Omskrywings van slagofferpresipitasie of slagofferaandadigheid as "a situation where the victim bring on his or her own demise" (Curtis,

1974:159) en verwysings na die slagoffer as "the primary source of crime" (Elias, 1986:83) asook "the generator of victimisation" (Block, 1989:233), word dikwels geïnterpreteer as 'n poging om slagoffers vir die gebeure te blameer of om hulle vir die misdaad aanspreeklik te hou. Karmen (in Elias, 1986:85) wat hiermee akkoord gaan, meen dat nadruk op die slagoffer se aandadigheid aan 'n misdaad tot slagoffer-blaming kan lei. In hierdie verband poneer hy dat "victim precipitation theories may unwittingly rationalize our blaming victims for their victimization and for shifting the burden and responsibility of crime control on to the victim and the general public".

In aansluiting hierby beskou Elias (1986:22) die gebruik van die konsep slagoffer-presipitasie as 'n oordrewe en teenstrydige begrip wat daartoe bydra dat misdadigers bevoordeel word. Hierteenoor skryf Fattah (1979:201) slagofferblaming toe aan die foutiewe gebruik van die begrippe slagofferpresipitasie en -fasilitering wanneer die veroorsaking van misdaad ter sprake is. Hy is verder van mening dat verwysings na slagofferaandadigheid meermale as 'n verskoning gebruik word om die slagoffer vir die gebeure te blameer. Die indruk word hierdeur geskep dat presipiterende faktore voldoende is vir die misdaad om plaas te vind, dat die misdadiger in 'n "passiewe staat" verkeer en dat misdaad deur die slagoffer geaktiveer word (Franklin & Franklin, 1976:177). Die misdadiger se motiewe, inisiatief en aksie word dus nie genoegsaam in ag geneem nie. Volgens Franklin en Franklin (1976:179) word aangeneem dat die slagoffer se gedrag nodig en voldoende is om viktimisasie te sneller, sonder om in ag te neem dat individuele en situasionele veranderlikes moontlik ook 'n rol kan speel.

Karmen (1990:121) is van mening dat slagofferblaming om verskeie redes plaasvind. Enersyds bied dit 'n eenvoudige verklaring waarom 'n spesifieke persoon op 'n spesifieke wyse, tyd en plek geviktimizeer is. Gebaseer op sekere teologiese en filoso-fiese opvattinge dat die wêreld betekenisvol en regverdig is ("just world hypothesis"), word geglo dat die slagoffer iets "verkeerd" gedoen het en derhalwe die viktimisasie verdien. Slagofferaandadigheid bied dus 'n verklaring vir die feit dat "goeie" individue ook "slegte" gebeurtenisse ten prooi kan val. Voortspruitend uit die benadering word slagofferblaming dikwels ook gebruik om misdadige aksies te regverdig.

Andersyds vind sommige navorsers (Karmen, 1990:122) dit gerusstellend om te glo dat die slagoffer nalatig was of sekere foute begaan het, aangesien persoonlike gevoelens van kwesbaarheid sodoende verminder word (Bard & Sangrey, 1986:84, 89). In hierdie verband konstateer Barkas (1978:19) dat "blaming the victim is the quickest and least expensive way of overcoming the threat to the just world hypothesis".

Ten spyte van die feit dat slagofferblaming algemeen voorkom, beklemtoon Karmen (1990:122) dat die mate waarin slagoffers misdaad presipiteer, oorskat word. Benewens die foutiewe aanname dat slagoffers meestal misdaad presipiteer, kan die siening dat slagoffers 'n funksionele verantwoordelikheid het om misdaad te voorkom, ook gekritiseer word (vgl. Schafer, afd. 1.2.3.2.1). In hierdie verband word geargumen-teer dat dit onredelik is om van individue te verwag om hulle lewensstyl drasties te verander bloot om misdaad te voorkom (bv. vroue mag nie saans uitgaan nie om verkragting te bekamp). Verdere kritiek wat teen slagofferblaming geopper kan word, is dat dit as verskoning aangevoer word vir die ongeërgde houding van die strafregs-plegingsstelsel teenoor die slagoffer. Sorg moet dus gedra word dat 'n beskouing van slagofferaanspreeklikheid nie oorskiet in 'n beskouing dat die verantwoordelikheid vir die misdaad by die slagoffer alleen lê nie. Brewer (1994:32) sluit hierby aan deur te benadruk dat “although ... behavior can increase the chances of becoming a crime victim, there need not be a stigma of culpability attached to people unfortunate enough to be confronted by criminals”.

Met die voorafgaande in gedagte, word die volgende operasionele definisie van slagofferaandadigheid vir die onderhawige studie geformuleer: Slagofferaandadigheid is ter sprake wanneer 'n misdaadaksie geïnisieer word na (of direk verband hou met) 'n slagofferaksie; hetsy of die slagoffer bewustelik of onbewustelik, aktief of passief 'n gevaarlike situasie geskep of betree het; op 'n spesifieke wyse opgetree of versuim het om op te tree en/of sekere gedrag geopenbaar het wat deur die oortreder as 'n uitnodiging, uitlokking of toestemming om 'n motorvoertuig te kaap, vertolk kan word; en sodoende 'n geleentheid vir dié misdaad skep wat nie voorheen bestaan het nie.

1.2.4 *Modus operandi*

Die begrip “*modus operandi*” is 'n algemeen aanvaarde Latynse woord wat “handelswyse”, “manier van optrede” of “operasionele werkwyse” beteken (Hiemstra & Gonin, 1992:231; Marais & Van Rooyen, 1990:66). The Oxford Illustrated Dictionary (1975:544) omskryf die term *modus operandi* as “a method, system of working, or plan of operations”. Odendal et al. (1994:671) sluit hierby aan deur dit te omskryf as “die manier waarop 'n mens te werk gaan”.

In die kriminologie verwys die begrip na die kenmerkende wyse waarop 'n bepaalde oortreder te werk gaan tydens die pleeg van sy of haar misdaad (Louw et al., 1978:52; Walker, 1980:850). Weston en Wells (1990:42) beskou *modus operandi* ook as “the method of

operation of the perpetrator”, terwyl Conklin (1972:ix) meer spesifiek daarna verwys as die loopbaanpatrone (“career patterns”) van oortreders.

Die rede vir die gebruik van die begrip *modus operandi* in die kriminologie is gebaseer op die feit dat misdadigers geneig is om 'n stereotipe, geroetineerde patroon van optrede te volg waarvan selde afgewyk word (MacDonald, 1975:62). Aansluitend hierby meld Leonard (1971:75) dat *modus operandi* betrekking het op die geïndividualiseerde aard van misdadige optrede. Misdadigers gebruik sekere tegnieke en metodes wat bevorderlik is vir die veiligheid en suksesvolle uitvoering van hulle daade. Indien hierdie optrede die verwagte sukses behaal, volhard hulle daarmee. Hierdie geïndividualiseerde tegnieke en metodes maak deel uit van die oortreder se handelingsprosedure of gedragpatroon wat uiteindelik mag van die gewoonte kan word en ook as kenmerkend van die persoon beskou kan word (Marais & Van Rooyen, 1990:25-26). In aansluiting hierby wys Van der Westhuizen (1996:34) daarop dat 'n oortreder sy “handelsmerk” in sowel die misdaad wat hy pleeg as die metodes wat hy aanwend, agterlaat. Juis om hierdie rede word daar dikwels na *modus operandi* verwys as die “handtekening” van die misdadiger (Weston & Wells, 1990:104).

Hoewel Maree (1995:5, 78) met bogenoemde omskrywings van die begrip saamstem, meen sy dat dit ook wyer omskryf kan word. Volgens haar behels *modus operandi* nie bloot die aksie wat met die uitvoer van 'n misdaad gepaard gaan nie, maar ook die proses van beplanning wat die misdaadaksie voorafgaan. Al die verskillende fases van 'n misdaad, naamlik die beplanning-, uitvoering- en ontvlugtingfases, weerspieël die oortreder se *modus operandi*. Die *modus operandi* is dus aanduidend van die verskillende redes vir die pleeg van die misdaad asook die maniere waarop oortreders hulle aksies tot uitvoer bring.

Hoewel daar nie altyd eenstemmigheid onder navorsers bestaan oor watter aspekte deel van die *modus operandi* van rowers uitmaak nie, meen Marais en Van Rooyen (1990:68-77) asook Van der Westhuizen (1996:37-53) dat die *modus operandi* van die oortreder die volgende aspekte kan insluit:

- Die handelingskenmerke in die beplanningfase.
- Die handelingskenmerke tydens misdaadpleging (wat die dag, datum, tyd waarop die misdaad gepleeg is, die ruimtelike verspreiding of plek, tipe perseel of gebou, slagoffervoorkeure, plegingsmetodes en/of instrumente gebruik, die motief van die misdadiger, die aard van die eiendom ter sprake, vervoermiddels wat tydens misdaadpleging gebruik is, persoonlike eienskappe en eienaardige gewoontes van die

misdadiger insluit).

- Die handelingskenmerke ná misdaadpleging.

Aangesien veranderlikes soos slagofferaandadigheid en veral slagoffervatbaarheid in die beplanningfase van 'n motorvoertuigkaping 'n belangrike rol kan speel, is dit nodig om soos bogenoemde skrywers, ook die handelingskenmerke van hierdie fase by die omskrywing van die begrip *modus operandi* in te sluit.

Met bogenoemde in gedagte, word die begrip *modus operandi* operasioneel soos volg gedefinieer: *Modus operandi* behels die geroetineerde wyse van optrede (insluitend metodes, tegnieke en/of gewoontes) wat gewoonlik deur 'n misdadiger (of groep misdadigers) tydens die beplanning-, uitvoering- en afhandelingfase van 'n motor-voertuigkaping gevolg word.

1.3 NOODSAAKLIKHEID VAN DIE ONDERSOEK

Die samelewingsrelevansie van die ondersoek geniet vervolgens aandag.

1.3.1 Aktuele aard van motorvoertuigkaping

Hoewel motorvoertuigkaping 'n wêreldwye verskynsel is, het dit in so 'n mate in Suid-Afrika toegeneem dat dié land teenswoordig as een van die lande met die hoogste kapingsyfer ter wêreld beskou word (Burke & O'Rear, 1993:24; Hijackings reach horrifying level, 1994:11; Live to drive another day, 1996:16). Mediaberigte wat oor die afgelope vyf jaar strek, bevestig bogenoemde en benadruk telkens dat motor-voertuigkapings besonder ernstige afmetings in Suid-Afrika aanneem (Bloed vloei gou in die nuwe jaar, 1998:7; BMW-kapers slaan toe in Waterkloofrif, 1999:1; Car hijackings soar in city, 1994:3; Criminals on rampage in Jo'burg, 1997:1; Eight Jo'burg hijacks, 1997:4; Ervare moordenaars jag nou motoriste, 1996:1; Gauteng hijackings increase, 1995:1; Hijackers at war with motorists, 1994:15; Hijackers hit ten motorists in two days, 1995:5; Hijackers strike five times on Rand, 1997:4; Hijacking spree, 1994:1; Kapers skiet drie in mafia-styl voor huis, 1996:1; Kapers skiet man voor sy dogter dood, 1999:2; Kaping van motors neem kwaai toe, 1998:10; Kapingslagoffer lê 6 dae vasgebind langs hoofpad, 1997:4; Kommer oor toename in kapings en huisbrake in SA, 1999:9; Nine drivers hijacked each day in KwaZulu-Natal, 1996:13; Roofogte, kapings neem toe by wonings in Gauteng, 1996:6; Three hijack killings in 10 days, 1996:4; Twee dood in kaping, 1995:12; Two hijack suspects shot dead, 1997:4).

Hoë motorvoertuigkapingsyfers word ook in amptelike misdaadstatistiek weerspieël. Vanaf 1 Januarie 1998 tot 31 Desember 1998, is 15 111 motorvoertuie in Suid-Afrika gekaap, in vergelyking met 13 011 gedurende 1997 en 12 860 gedurende 1996 (Crime Information Management Centre, 1998:59; Dié agt soorte ernstige misdaad neem af in Suid-Afrika, 1998:5; Vier en twintig duisend agt honderd vyf en sewentig mense in 1998 vermoor, 1999:6).

Moderne veiligheid- en sekuriteitstelsels soos immobiliseerders, alarmstelsels en rathefboomslette wat in sowel luukse as nie-luukse motorvoertuie geïnstalleer word, maak dit teenswoordig moeiliker vir dieve om motorvoertuie te steel. Die gevolg is dat motorvoertuigkaping, waar die bestuurder oorval, gedood of ontvoer word om teenkapingstelsels te ontkoppel of buite werking te stel, besig is om 'n aantreklike alternatief vir motorvoertuigdieve te word. In hierdie verband konstateer Hurley (1995:9) dat motorvoertuigkaping 'n roekelose, maar effektiewe wyse is om tegnologiese struikel-blokke te oorkom. Goeie afsetgebiede, georganiseerde misdaadsindikate wat in Suid-Afrika opereer, onvoldoende beheer by Suid-Afrikaanse grensposte, ontoereikende voertuigidentifikasie, die beskikbaarheid van vuurwapens, die gemak waarmee borgtog verkry word, ligte vonnisse, beperkte samewerking tussen Suid-Afrika en sy buurlande asook korrupte staats- en provinsiale beamptes in Suid-Afrika en sy buurlande, is enkele faktore wat daartoe bydra dat motorvoertuigbestuurders al meer die teken van misdadigers word (Erasmus, 1996a:4, 5; Kgorani, n.d.:5). (Hierdie faktore word in afd. 3.1.1 volledig bespreek.)

1.3.1.1 Fisieke gevolge

Alhoewel Garbor et al. (1987:89) daarop wys dat slagoffers nie noodwendig fisieke beserings tydens rooftogte in die algemeen opdoen nie, is dit wel waar dat die roof van motorvoertuie in Suid-Afrika dikwels met ernstige fisieke beserings gepaard gaan. Volgens die Crime Information Management Centre (1998:6123) is daar gedurende 1997 in Gauteng alleen, 49 persone gedood en 99 slagoffers ernstig beseer tydens motorvoertuigkapinginsidente. Verder blyk dit dat indien slagoffers nie hulle lewens verloor nie, hulle meestal so ernstig beseer word dat langdurige mediese behandeling en selfs hospitalisasie nodig is (Asma-vrou dankbaar sy leef ná haar ure van hel in katebak, 1997:3; Bankman in koeëlreën doodgeskiet, 1999:1; Car hijackers abduct and kill mother and daughter, 1995:2; City man hijacked, shot, left for dead, 1996:1; Ervare moordenaars jag nou motoriste, 1996:1; Father shot near Vaal, 1997:4; <http://home.global.co.za/~mclaren/hijack.htm>.; Jou motor of jou lewe, 1994:82; Kapers moor sakeman sinloos na hul rooftog, 1998:4; Kapers skiet drie in mafia-styl voor huis, 1996:1;

Kapingslagoffer lê 6 dae vasgebind langs hoofpad, 1997:4; Lyk gekry in bagasiebak ná kaping, 1998:8; Man deur kapers geskiet, sterf in dogter se arms, 1997:1; Man vier keer geskiet in kaping in Pretoria, 1999:8; Man sy wysvinger kwyt na kaping, 1997:4; Motorkapers het sakeleier vermoor, 1999:2; Vermeende kaper skiet taksidermis in die maag op hoewe, 1999:7; Vrou vertel hoe sy in bors geskiet is, 1996:3; Woman shot in face by gunman, 1994:9). In die lig van bogenoemde en die feit dat Suid-Afrika soos reeds vermeld, die hoogste kapingsyfer ter wêreld het, kan afgelei word dat die bestuur van 'n motorvoertuig Suid-Afrikaanse burgers blootstel aan een van die gewelddadigste en mees onvoorspelbare misdade ter wêreld.

1.3.1.2 Emosionele gevolge

Ongeag of die kaping gewelddadig of nie-gewelddadig van aard is, blyk dit dat die meeste slagoffers dit as 'n traumatiese ervaring beleef. Selfs tydens insidente waar slagoffers nie fisiek beseer word nie, is die psigososiale skade wat veroorsaak word, groot (Morrison & O'Donnell, 1994:28; Nevin, 1995:48). Ter ondersteuning hiervan wys Barkas (1978:149) daarop dat die emosionele trauma en skok wat met 'n motorvoertuigkaping gepaard gaan, dikwels erger is en langer neem om te verwerk as wat algemeen geglo word. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat slagoffers tydens 'n motorvoertuigkaping gekonfronteer word met oorweldigende gevoelens van hulpeloosheid, skuld, verlies van beheer en woede. Tesame hiermee word sommige of al die volgende reaksies algemeen ervaar:

- Emosionele reaksies soos vrees, ongeloof, 'n verhoogde skrikrespons, depressie en irritasie.
- Kognitiewe reaksies soos selfblaming, terugflitse en herbelewing van die trauma.
- Biologiese reaksies soos slaaploosheid, nagmerries en 'n verlies aan eetlus.
- Gedragsreaksies soos sosiale onttrekking en die vermyding van plekke en situasies wat met die misdaad geassosieer word (Cowley, 1997:6; Marais, 1997:vt13; Reid, 1997:9-12).

Volgens Morrison en O'Donnell (1994:28) is hierdie simptome kenmerkend van 'n posttraumatische stresversteuring. Hierdie sindroom word gekenmerk deur simptome wat ontwikkel nadat 'n slagoffer aan 'n traumatiese gebeurtenis blootgestel was wat buite die gewone menslike ervaring val. Hierdie slagoffers beleef dikwels hulle wêreld "asof in 'n droom", is emosioneel afgestomp en benodig soms ook krisisberaad en psigoterapie (Counselling an invaluable aid for hijack victims, 1996:16; Louw 1989: 144; MacDonald, 1975:249; So help RAU slagoffers van kapings, 1996:11).

Die aantal traumasentrums wat in Suid-Afrika op die been gebring is om krisisintervensie aan slagoffers van motorvoertuigkaping te verskaf (bv. die Cher Psychotherapy Centre in Orange Grove en die beradingsentrums van Matrix, 'n motorvoertuigopsoring en herwinningsmaatskappy), bevestig dat die misdaad ernstige psigologiese nagevolge vir slagoffers inhou (Cowley, 1997:1; Counselling an invaluable aid for hijack victims, 1996:16; Simon, 1996:38; Nevin, 1995:52).

1.3.1.3 Finansiële gevolge

Vanuit 'n finansiële oogpunt is die direkte koste verbonde aan motorvoertuigkaping ook hoog. Die grootste verlies is gewoonlik die motorvoertuig wat gekaap word. Hierbenewens gaan motorvoertuigkaping dikwels ook gepaard met mediese onkoste, verhoogde versekeringspremies, vermindering of verlies van geen-eis bonusse en versekeringsuitbetalings wat gebaseer is op die markwaarde, in plaas van die vervangingswaarde van voertuie (Menhennet, 1992:24; Elias, 1986:111; Lee & Rikoski, 1984:3; MacDonald, 1975:50; Nevin, 1995:48; Shurlok - The company profile, 1997: 35; Vehicle recovery system, n.d.:1; Voertuigopsoring - 'n Suksesverhaal, 1998:43). Indien in ag geneem word dat 'n private motorvoertuig, naas vaste eiendom, die grootste enkele finansiële belegging is wat die gemiddelde persoon gedurende sy leeftyd maak, is die finansiële impak van kaping dikwels een van die grootste finansiële terugslae wat 'n persoon kan ervaar (Brickell & Cole, 1975:1; McCaghy, Giordano & Henson, 1977:368; The AA Road Traffic Safety Foundation, 1995:3).

Slagoffers lei ook finansiële skade in terme van persoonlike items soos laserskywe, selfone, sporttoerusting en werksdokumente wat ten tye van die kaping in die motorvoertuig was (Steenkamp, 1997:70). Die koste om alternatiewe vervoer te bekom, die ongerief wat gepaard gaan met die terugvind van die eiendom (bv. waar 'n motorvoertuig in 'n ander dorp gevind is en daar deur die eienaar uitgeken moet word), ophoud by versekeringsmaatskappye en die vervanging van 'n motorvoertuig indien dit nie gevind word nie, dra daartoe by dat motorvoertuigkaping 'n uitermatige finansiële las op slagoffers en hulle gesinne plaas (Du Plessis, 1992:104; Harris & Clarke, 1991: 228; Walker, 1989:266).

1.3.1.4 Sosiale gevolge

Die gevolge wat motorvoertuigkaping inhou, die onvoorspelbaarheid waarmee dit gepaardgaan, die geweld waarmee dit geassosieer word asook die feit dat dit meestal deur vreemdelinge gepleeg word, lei daartoe dat die kaping van 'n motorvoertuig een van dié

misdade is wat die meeste deur die publiek gevrees word (Conklin, 1972:2, 4; Fattah, 1992:108; Inter-departmental strategy team, 1996:41, 52; Kraus, 1979:200; Pettitway, 1979:1; Pratt, 1980:4, 5; Sykes & Cullen, 1992:156). Vanweë die nood-saaklikheid en nuttigheidswaarde van 'n motorvoertuig in die moderne samelewing, is individue grootliks op motorvoertuie vir vervoer aangewese. Dit dra weer daartoe by dat alle padgebruikers in 'n mate kwesbaar is vir hierdie misdaad. Anders as die meeste persoonlike eiendom wat staties is en derhalwe effektief met behulp van sekuriteits-maatreëls beskerm kan word, beweeg motorvoertuie voortdurend van een plek na die volgende. Dit lei daartoe dat beskerming nie altyd moontlik is nie en dat die potensiaal vir roof groot is (Karmen, 1990:109).

Aansluitend hierby benadruk Hulme (1995:2) dat die binnekant van 'n motor een van die gevaarlikste plekke is waar 'n individu hom of haar in Suid-Afrika kan bevind. Myerson (1995:24, 96) wat 'n soortgelyke siening huldig, beklemtoon dat geen area veilig, geen motorvoertuig onaantasbaar en geen elektroniese sisteem onfeilbaar of bestand teen motorvoertuigkaping is nie. In hierdie verband meld Mkhondo (1994:10) dat "many people now believe that driving a car is almost akin to signing a death warrant. If negligent drivers on the road miss you, car-jackers will get you". Aanhalings van die aard in dagblaaië, oor die radio en op televisie bevestig enersyds die angs wat motorvoertuigkaping in Suid-Afrika ontlok en andersyds die klimaat van geweld wat tans in Suid-Afrika heers. Myerson (1995:97) wys ter ondersteuning hiervan daarop dat Suid-Afrikaanse burgers se vrees vir motorvoertuigkaping, hulle vrees vir motorvoertuig-ongelukke en roof in die algemeen oorskadu.

Vrees is egter nie die enigste sosiale gevolg wat motorvoertuigkaping inhou nie. Die gevoel van sekuriteit en veiligheid wat slagoffers moet inboet, is 'n verdere aspek wat dikwels met 'n motorvoertuigkaping geassosieer word (Barkas, 1978:149). 'n Styging in die uitgawes wat aangegaan word om sekuriteitsmeganismes in motorvoertuie te installeer (bv. die Tracker-sisteem), daadwerklike veranderings in lewenstyl (soos bv. om nie meer in die aand alleen te bestuur nie), die dra van vuurwapens en die stig van vigilante groepe deur landsburgers, bied verdere bevestiging van die sosiale gevolge wat motorvoertuigkaping kan inhou (Crime Information Management Centre, 1998:65; Nevin, 1995:53; Nou's dit oorlog, sê direkteur ná kaping, 1996:1).

Die feit dat belastingbetalers moet bydra tot die wetstoepassingskoste verbonde aan misdade van die aard en dat daar oënskynlik geen afname in motorvoertuigkaping is nie, dra daartoe by dat individue vertroue in die strafregspiegingsisteem verloor. Dit bring weer mee dat hulle begin glo dat misdaad buite beheer is (Barkas, 1978:165; Nevin, 1995:48).

1.3.1.5 Internasionale reaksie

Media rapportering van motorvoertuigkaping en die geweld wat daarmee geassosieer word, het 'n negatiewe invloed op Suid-Afrika se internasionale betrekkinge. Uit 'n ekonomiese oogpunt het die toename in geweldsmisdade 'n inhiberende effek op potensiële buitelandse beleggers. 'n Afname in buitelandse beleggingsvertroue asook die onttrekking van bestaande beleggings, het 'n nadelige uitwerking op die Suid-Afrikaanse ekonomie wat reeds swaar getref is deur 'n swak wisselkoers en goudprys (Business ready to fight back, 1996:7; Crime Information Management Centre, 1997b:25; Hijackers holding investment in SA to ransom, 1996:1; Misdaad: SA in staat van beleg, 1998:13; The Nedcor Project on Crime, Violence and Investment, 1996:52). Nevin (1995:53) wat bogenoemde onderskryf, waarsku dat "potential foreign investors who may be aware of hijacking violence think twice about sending their executives to South Africa because of the risk of having to repatriate them in bodybags".

Alhoewel motorvoertuigmisdaad soos kapinge sosiale stabiliteit en ekonomiese groei bedreig en na bewering die ekonomie ongeveer R7,4 biljoen per jaar kos, raak dit ook die toerismebedryf nadelig. Hierdie bedryf word veral geknou deur negatiewe publisiteit wat Suid-Afrika bestempel as 'n "violent country and no-go zone" en "the most violent country not in a state of war" (Department of Safety and Security, 1996:11; Erasmus, 1996a:5; Motormisdaad, 1999:20; Nel, 1996:10). 'n Opname wat by die Epcot Centre in Disneyworld, VSA gedoen is, het dan ook getoon dat besoekers Suid-Afrika beskou as "their least likely tourist destination, because it was the most unsafe" (Why all this fuss about hijacking?, 1995:10).

1.3.1.6 Plaaslike reaksie

Vanweë die feit dat die misdaadsyfer en veral die voorkoms van motorvoertuigkapinge in Suid-Afrika abnormaal hoog is in vergelyking met internasionale standaarde, gebeur dit ook al meer dat Suid-Afrikaanse burgers emigreer (Gauteng is hijack centre, 1995:1; Ma laat vaar hoop vir Suid-Afrika, emigreer ná moord op pa, 1996:4; Misdaad: SA in staat van beleg, 1998:13; Motormisdaad, 1999:20; Na elke kaping emigreer tien, 1997:6; Steenkamp, 1997:3). Emigrasie het veral 'n negatiewe uitwerking op die plaaslike arbeidsmark, aangesien dit meestal hoogs geskoolde individue is wat verkies om die land weens die misdaadgevaar te verlaat.

Sosiale stabiliteit, demokrasie asook die regte van landsburgers kom ook in gedrang weens die

hoë misdadaasyfer. Die volgende opmerking van die Nasionale Kommissaris van Polisie, G. Fivaz (aangehaal in Polisie se blitsvuis wen die stryd, 1997:54) beklemtoon die dilemma waarin misdade soos kapings die land plaas: "The country is in danger of becoming a gangster state where (car) hijackers, druglords, muggers and other criminals will trample hard-won democratic rights into the dust".

1.3.1.6.1 Effek op die versekeringswese

Die jaarlikse toename in motorvoertuigkapings beïnvloed versekeringsmaatskappye direk en dus ook die individu wat sy of haar motorvoertuig verseker op 'n indirekte wyse. Volgens die South Africa Insurance Association (SAIA) kos misdaad die versekerings-industrie ongeveer R4,4 biljoen per jaar (Crime Information Management Centre, 1998:65). Die las wat versekeringsmaatskappye as gevolg van motorvoertuigverwante misdade soos kapings moet dra, het in so 'n mate toegeneem dat hierdie maatskappye moontlik nie meer in die toekoms in staat sal wees om voorsiening te maak vir motorvoertuigkapingdekking nie (Erasmus, 1996a:6). Kapingslagoffers sal gevolglik nie vir die verlies van 'n motorvoertuig kan eis nie of premies vir die dekking sal in so 'n mate verhoog dat persone met 'n lae of gemiddelde inkomste, nie versekering teen sodanige risiko sal kan bekostig nie. Diegene wat alreeds ekonomies die swaarste getref word, sal as gevolg hiervan nog verder verarm en uitgelewer wees aan diegene wat hulle deur kapings viktimizeer. Ten spyte van die feit dat versekeringspremies in Suid-Afrika reeds hoog is in vergelyking met dié van ander lande, kan klousules ook in versekeringskontrakte gevoeg word wat stipuleer dat 'n motorvoertuig in geval van 'n kaping, self vervang moet word (Cheary, 1996:3; Elias, 1986:112; Roodbol, 1995:10; Santam se eise vir kapings en motordiefstal neem toe, 1998:2).

Hoewel motorvoertuigkapings versekeringsmaatskappye nadelig raak, is daar wel verskeie van hierdie maatskappye soos Traveline International wat probeer om die probleem aan te spreek deur traumadekking aan slagoffers te bied. Hierdeur word slagoffers finansiëel in staat gestel om die fisieke en psigiese trauma van motorvoertuig-kapings te hanteer. Na 'n kaping word R10 000 onmiddellik in kontant aan die slagoffer uitbetaal om mediese onkoste asook sielkundige dienste te dek. In die geval van 'n kaping kan Traveline's Hijack Trauma Assistance Line vir hulp geskakel word, terwyl nood mediese vervoer, wat as deel van die versekeringspakket beskikbaar is, voorsien word (Nevin, 1995:48). Die Global Versekeringsmaatskappy het 'n soortgelyke versekeringspakket, naamlik Trauma Assist, bekendgestel. In hierdie geval word finansiële bystand aan slagoffers van kapings, aanranding, kindermishandeling, verkragting, gyselaarneming, moord, roof en dood as gevolg

van enige ander gewelddadige gebied (Global Insurance Company, n.d.:1; Unieke polis dek slagoffers van roof, kapings en moord, 1996:11).

1.3.1.6.2 Reaksie van die Suid-Afrikaanse Polisie

Indien sowel die omvang as gevolge van motorvoertuigkapings in ag geneem word, kan afgelei word dat hierdie misdaad een van die ernstigste probleme is waarmee die SAPD te kampe het. Hierdie afleiding word gesteun deur die feit dat die Nasionale Kommissaris motorvoertuigkaping reeds gedurende 1996/1997 as 'n prioriteitsmisdaad geïdentifiseer het en dat dit as sodanig in die Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie aangedui word (Crackdown on hijacking now a national priority, 1995:1; Crime Information Management Centre, 1998:58; Department of Safety and Security, 1996: 10; <http://www.southafrica.net/government/safety/saps02.html>.; Inter-departmental strategy team, 1996:41; Nevin, 1995:48).

In elke provinsie is daar ook teenkapingsseenhede gestig wat onder die Ernstige Gewelddadige hoof resorteer. Volgens Direkteur Reg Crewe van die Nasionale Speurdiens (SAPD) (kyk faksimile van 23 Junie 1997, Bylae I) is lede wat met die ondersoek van motorvoertuigkapings belas is, by die Moord-en-Roofeenhede in die onderskeie provinsies gesetel. In Gauteng en KwaZulu-Natal (Durban) is twee hoofweg-patrollie-eenhede op die been gebring om onder andere motorvoertuigkaping te ondersoek en te bekamp (Huisamen, 1996b:16; Nine drivers hijacked each day in KwaZulu-Natal, 1996:13).

Volgens Hulme (1995:7) bestaan die hoofwegpatrollie-eenhede meestal uit ervare lede van die voertuigdiefstal eenheid wat genomineer en gekeur is om die eenhede te bedryf. Opleiding word egter ook verskaf met betrekking tot wapenhantering, die gebruik van tegnieke om motorvoertuie van die pad af te trek en hoe om 'n kapingsituasie te hanteer (Polisie se blitsvuis wen die stryd, 1997:55).

1.3.1.6.3 Inisiatiewe vanuit die besigheidsgemeenskap

'n Aantal BMW's, met 'n beraamde koste van R33 miljoen, is gedurende 1995 aan die SAPD geskenk. Die skenking vorm deel van 'n inisiatief wat deur Business Against Crime geloods is om die hoofwegpatrollie in Gauteng se effektiwiteit te verhoog (BMW shows, its bite at least matches its bark, 1996:13; How to deal with car hijacking, 1996:28; Live to drive another day, 1996:16; Tough reaction force, 1996:13).

Die sellulêre kommunikasienetwerk, Mobile Telephone Network (MTN), het die bestuurders van die Gauteng se hoofwegpatrolie ook van mobiele telefone voorsien, terwyl Continental-bande onderneem het om die motorvoertuie gratis van bande te voorsien (Die selfoon help misdaad hokslaan, 1997:58; Polisie se blitsvuis wen die stryd, 1997:54, 55). Toyota het ook twee motorvoertuie aan die grenspolisie-eenheid in KwaZulu-Natal geskenk. Die doel hiervan is om die grenspos beter toe te rus met die oogmerk om te voorkom dat gekaapte motorvoertuie oor die grens geneem word (Vervoer bly probleem vir SAPD, 1997:52).

Die vennootskappe wat tussen die SAPD en die besigheidsgemeenskap gesluit is ten einde motorvoertuigkaping te voorkom, dui eensyds op die erns waarmee die probleem bejeën word en andersyds op die feit dat die misdaad sodanige afmetings aanneem dat dit op 'n multidissiplinêre vlak aangespreek moet word. Die implementering van die Tracker-sisteem, 'n gesteelde voertuigherwinning- en -opsporingstelsel wat landswye dekking bied en deur die SAPD gerugsteun word, kan ook hier as voorbeeld dien. Die 10 jaar samewerkingsooreenkoms tussen die SAPD en Unicode ('n unieke voertuigidentifikasiesisteem wat die voertuigdiefstaleenheid van hardeware, sagteware en dekodeerseenhede voorsien wat effektief by padblokkades en grensposte gebruik kan word), is 'n verdere voorbeeld van vennootskappe wat in die Nasionale Misdaadvoorkomingsplan gestipuleer is as pogings om motorvoertuigkaping te bekamp (A warning to car thieves, 1995:27; Inter-departmental strategy team, 1996:41; 'n Satelliet wat motordiewe vang, 1997:121; New initiative to stem vehicle theft, 1996:62; Vehicle recovery system, n.d.:1).

Die sellulêre kommunikasienetwerk Vodacom, het ook in samewerking met die SAPD en Radio 702, die Cellwatch-program in Gauteng tot stand gebring. Deur middel van die program word die registrasienommers van gesteelde of gekaapte motorvoertuie deur die radiostasie uitgesaai. 'n Beroep word op luisteraars gedoen om die nommer 082-2777 te skakel indien hulle 'n gekaapte motorvoertuig sien of self by 'n kaping betrokke is. Hierdie besigheidsinisiatief lei daartoe dat die gemeenskap ook by die voorkoming van hierdie misdaad betrek word (Inter-departmental strategy team, 1996:42; The Nedcor Project on Crime, Violence and Investment, 1995:11). 'n Derde van die gesteelde of gekaapte motorvoertuie wat hier aangemeld word, word met die publiek se hulp teruggevind (Die selfoon help misdaad hokslaan, 1997:58).

Teenkapingsseminare en kapingoorlewingskursusse wat by BMW se Gevorderde Bestuursentrum in Johannesburg en deur organisasies soos Pro Driving Tactics aangebied word, dui verder op die ernstigheid waarmee motorvoertuigkaping deur die

besigheidsgemeenskap bejeën word. Seminare met betrekking tot die aard en moontlike voorkoming van motorvoertuigkaping, wat gereeld deur maatskappye wat spesialiseer in gevorderde en leerlingbestuur (bv. Masterdrive en Spectra Consultants) aangebied word, benadruk verder die aktuele aard van die probleem (Family safety, 1999:10; John Myring, persoonlike mededeling, 14 Mei 1997; Johnston, 1997:1; Master Drive, 1996:1).

Ondanks die samewerkingsooreenkomste en inisiatiewe vanuit die besigheidsgemeenskap, bly motorvoertuigkaping 'n probleem wat jaarliks toeneem. Hierdie toename dui daarop dat meer kennis aangaande die misdaad nodig is en dat daar 'n behoefte bestaan aan wetenskaplike navorsing wat kan bydra tot 'n beter begrip van en die voorkoming van die verskynsel.

1.3.2 Probleme rakende bestaande navorsing

Ondanks die erns van die motorvoertuigkapingverskynsel, bestaan daar min wetenskaplik gefundeerde navorsing oor hierdie fenomeen. Navorsing (Conradie, 1994; Crime Information Management Centre, 1998; Reid, 1997) wat tot dusver in Suid-Afrika onderneem is, fokus op die aard en omvang van motorvoertuigkapings asook die slagoffers se belewing van die gebeurtenis en die wyse waarop hulle terapeuties hanteer kan word. 'n Internasionale rekenaaromatige databasissoektog wat deur inligtingkundiges van die Merensky Biblioteek, Universiteit van Pretoria onderneem is, het aan die lig gebring dat daar tot en met 1999 geen metodologiesverantwoordbare kriminologiestudie onderneem is om die rol van slagoffervatbaarheid en -aandadigheid in motorvoertuigkapings te ondersoek nie.

Studies wat wel onderneem is om aan te toon in watter mate slagoffers vatbaar is vir viktimisasie en in welke mate hulle tot die pleeg van 'n misdaad bydra, sentreer rondom misdade soos moord, verkragting en aanranding. Biles (1974:99; 1987:71), Cohen, Cantor en Kleugel (1981a:645) asook Thio (1988:180) meld in hierdie verband dat navorsing oor die rol van slagoffers in 'n misdaad soos roof dikwels verwaarloos word, ten spyte van die feit dat dié misdaad ook die resultaat van interaksie tussen die oortreder, die slagoffer en die omgewing is. McCaghy (1980:54) benadruk ook hierdie leemte in wetenskaplike literatuur deur daarop te wys dat "becoming a victim is a process, just as there is a process of becoming a criminal".

Alhoewel ondersoeke deur McClintock en Gibson (1961) asook Normandeau (1968) melding maak van die feit dat slagoffers 'n roofvoorval kan presipiteer deur byvoorbeeld nie die nodige voorkomingsmaatreëls te tref nie, is die rol van slagofferaandadigheid tydens 'n roofvoorval nog

nie wetenskaplik nagevors en op motorvoertuigkaping van toepassing gemaak nie (Galaway & Hudson, 1981:172; Karmen, 1990:115; Thio, 1988:180). Wetenskaplike navorsing met betrekking tot die wyse waarop slagoffers tydens 'n kaping optree, die *modus operandi* van die kaper, die misdadiger se persepsie van die slagoffer en sy of haar gedrag, ontbreek ook.

Studies wat wel oor slagoffervatbaarheid en -aandadigheid onderneem is, is hoofsaaklik gebaseer op inligting wat uit amptelike databronne soos polisierekords bekom is (Pratt, 1980:12). Die rede hiervoor is dat navorsers binne die kriminologie weens etiese redes nie die beplanning en uitvoering van 'n misdaad kan meemaak en direk kan waarneem nie. Navorsers is dus genoodsaak om retrospektief te werk en te volstaan met die data wat uit polisieverslae verkry word. Hoewel dit 'n aanvaarbare navorsingsmetode is, bevat die dokumente selde al die inligting wat 'n navorser vir 'n in-diepte ondersoek benodig.

Curtis (1974:97) wys in aansluiting hierby daarop dat die verslae gebaseer is op die kennis en ingesteldheid van misdaadondersoekers wat die inligting in polisieverslae en -dossiere deur hulle eie siening kan kontamineer. Ten einde die probleem te oorkom, beveel hy aan dat navorsers wat veral op slagofferaandadigheid fokus, die gebruik van polisieverslae en ander institusionele filters moet probeer vermy (Lamborn, 1981b:175).

Navorsing oor die *modus operandi* van die oortreder word ook meestal gebaseer op sekondêre inligting wat van die slagoffer verkry is (Barker, Geraghty, Webb & Key, 1993:2). Volgens Kube (1988:80) moet hierdie werkwyse waar moontlik vermy word en moet rowers self by die navorsing betrek word. Die rede hiervoor is dat hulle die "kundiges" is en dat hulle met gesag oor die onderwerp kan praat. Walsh (1986:49) meld in die verband dat "because offenders are the source of the crime it would seem absurd not to avail oneself of their versions of what they were doing and why". Feeney (1986:68) poneer in aansluiting hierby dat "if headway is ever to be made in dealing with crime, we must access the information that offenders have and use this for purposes of prevention and control". Marais en Van Rooyen (1990:80) steun Feeney se standpunt en beklemtoon dat meer empiriese ondersoeke waar 'n misdadiger se planmatige optrede vanuit sy of haar perspektief bestudeer word, noodsaaklik is.

Volgens Galaway en Hudson (1981:174-175) kan die slagoffer, misdadiger en navorser se persepsies van slagoffervatbaarheid en -aandadigheid verskil. Dit is gevolglik belangrik dat die slagoffer se gedrag in samehang met die misdadiger se persepsie en definisie van die situasie, bestudeer word (Fattah, 1979:199). Snyman (1986:1) wat hierdie standpunt onderskryf, wys daarop dat dit bykans onmoontlik is om die dinamiek van misdaad te verstaan

indien daar nie aan sowel die dader as die slagoffer aandag geskenk word nie. Indien kapingslagoffers se kenmerke, houding en gedrag asook hul verhouding en interaksie met kapers empiries ondersoek word, kan daar 'n wesentlike bydrae tot die kennis van hierdie besondere misdaad gelewer word.

1.3.3 Probleme rakende tipologieë en teorieë

Ten einde slagoffervatbaarheid, -aandadigheid en die *modus operandi* van motorvoertuigkapers te ondersoek, is dit nodig om dit aan die hand van toepaslike teorieë te verklaar. Vanweë die feit dat bestaande teorieë in hierdie verband beperk is, is navorsing noodsaak om ook van tipologieë gebruik te maak. Alhoewel tipologieë nie verskynsels verklaar nie, wys Galaway en Hudson (1981:21) daarop dat hierdie klassifikasiesistels dikwels 'n goeie raamwerk vir die analisering van verskynsels bied. Verskeie slagoffer-tipologieë asook relevante viktimologie- en kriminologieteorieë is gevolglik geïdentifiseer om as riglyn vir navorsing met betrekking tot slagoffervatbaarheid en die *modus operandi* van die kaper te dien.

Alhoewel enkele tipologieë (bv. dié van Mendelsohn, Fattah, Schafer en Karmen) slagofferaandadigheid as kriterium het, kan die tipologieë egter nie direk op aanspreeklikheid tydens 'n motorvoertuigkaping van toepassing gemaak word nie. Aangesien geen tipologie gevind kon word wat geskik sou wees vir die plasing van die motorvoertuigkapingvoorvalle in die onderhawige studie nie en geen viktimologie- en/of kriminologieteorie verder geïdentifiseer kon word om as riglyn vir die formulering van hipoteses met betrekking tot slagofferaandadigheid te dien nie, is dit nodig dat 'n tipologie aan die hand van bestaande tipologieë gekonstrueer moet word. Hierdie tipologie wat in Hoofstuk 2 volledig bespreek word, sal gebruik word om die navorsing te rig.

1.3.4 Waarde van die ondersoek

Die bestudering van die eienskappe en gedragpatrone van misdaadslagoffers per se, kan tot beter insigte met betrekking tot misdaadvoorkoming lei. 'n Moontlikheid wat bestaan, is dat bepaal kan word waarom 'n spesifieke slagoffer in 'n spesifieke situasie geviktimizeer word. Volgens Elias (1986:85) kan sodanige bevinding bydra tot die ontwikkeling van strategieë om risiko's te verminder. Deur op die kaper se planmatige optrede vanuit 'n binnestaander (sy of haar) perspektief te fokus, kan die oorsake en spesifieke konteks waarbinne motorvoertuigkaping plaasvind, ook beter begryp word. Kennis oor die deelnemers se

subjektiewe definisies van die kapingsituasie asook hulle aksies en reaksies kan ook meehelp om aanvaarde mites en stereotipes met betrekking tot verhoogde risiko in terme van slagoffervatbaarheid en -aandadigheid uit die weg te ruim. Inligting wat van die kaper self bekom is, veral in terme van die *modus operandi* en seleksie van teikens, kan ook 'n rasionaal vir die ontwikkeling van misdaadvoor-komingsinisiatiewe bied.

Bevindinge wat uit hierdie studie voortspruit, sal enersyds vir die SAPD van waarde wees en andersyds ook tot voordeel van die breër gemeenskap kan strek. Indien landsburgers bewus gemaak word van hulle eie kwesbaarheid, hoe om die risiko wat dit meebring te verminder en op welke wyse hulle gedrag en optredes die pleeg van 'n motorvoertuigkaping kan presipiteer, kan die studie ook bydra tot die skep van 'n veiliger samelewing. Kennis aangaande hierdie prioriteitsmisdaad kan ook 'n betekenis-volle bydrae lewer tot 'n afname in die vrees vir motorvoertuigkappings. In hierdie verband konstateer hulle dat "the extension of scientific inquiry may favour more rational understanding in this field and consequently a more dispassionate and less panicky appraisal of hijack situations".

1.3.5 Doelwitte van die studie

In die lig van die voorafgaande probleemstelling word die volgende doelwitte vir die onderhawige studie gestel:

- (i) Formulering van 'n tipologie met betrekking tot slagofferaandadigheid tydens 'n motorvoertuigkaping.
- (ii) Bepaling van die mate waarin motorvoertuigkapers 'n motorvoertuigkaping beplan.
- (iii) Bepaling van die mate waarin die voor- en nadele van misdaadpleging deur motorvoertuigkapers oorweeg word.
- (iv) Identifisering van die faktore wat teikenseleksie beïnvloed.
- (v) Vasstelling van die situasionele faktore wat die seleksie van spesifieke persone as slagoffers vir motorvoertuigkaping kan beïnvloed.
- (vi) Bepaling van die *modus operandi* wat motorvoertuigkapers volg om van geselekteerde persone slagoffers te maak.

- (vii) Bepaling van die mate waarin slagoffers kwesbaar is vir motorvoertuigkaping.
- (viii) Identifisering van slagofferoptrades wat tot 'n motorvoertuigkapinginsident kan bydra.

1.4 SLOTBESKOUIING

Ten einde bogenoemde doelstellings te verwesenlik, sal die volgende indeling vir die res van die studie gebruik word. In Hoofstuk 2 word tipologieë en teorieë wat die empiriese navorsing sal rig, uiteengesit. Vanweë die feit dat motorvoertuigkaping die fokuspunt van die ondersoek is, word navorsingsbevindings rakende afgehandelde studies oor roof en motorvoertuigkaping in Hoofstuk 3 van nader toegelig. Ten einde struktuur aan die ondersoek te gee, sal navorsingsverwagtinge en hipoteses na aanleiding van die tipologiese en teoretiese onderbou asook die bestaande navorsingsbevindings, in Hoofstuk 4 geformuleer word. In Hoofstuk 5 word die metodologie asook die prosedures en tegnieke (navorsingsontwerp) wat gebruik word om die navorsingsverwagtinge en hipoteses te toets, uiteengesit. Die resultate van die navorsing en die interpretasie van die gegewens word in Hoofstuk 6 en 7 aangebied. In Hoofstuk 8 word gevolgtrekkings gemaak, terwyl aanbevelings en praktiese voorstelle na aanleiding van die ondersoek ook aan die hand gedoen word. Prioriteite vir verdere navorsing word ook in hierdie hoofstuk geïdentifiseer.

2. TIPOLOGIESE EN TEORETIESE PERSPEKTIEWE

Motorvoertuigkaping is die produk van verskeie faktore, derhalwe is dit onmoontlik om 'n enkele teorie te identifiseer wat 'n verklaring bied waarom 'n spesifieke slagoffer as teiken vir 'n spesifieke misdaad gekies word. In die lig hiervan is dit nodig om van 'n geïntegreerde benadering wat sowel tipologieë as teorieë insluit, gebruik te maak. Aangesien tipologieë die voorlopers van teoriebou vorm en geen teorie met betrekking tot slagofferaandadigheid geïdentifiseer kan word nie, gaan 'n tipologie (gebaseer op die tipologieë van Mendelsohn, Fattah, Schafer en Karmen) saamgestel word om as riglyn vir die bestudering van slagofferaandadigheid by motorvoertuigkaping te dien. Die tipologieë van Von Hentig en Van der Westhuizen sal in aansluiting hierby as raamwerk vir die analisering van slagoffervatbaarheid aangewend word. Benewens hierdie tipologieë, sal kriminologie- en viktimologieteorieë wat op slagoffervatbaarheid en die *modus operandi* van die oortreder betrekking het, ook gebruik word om die navorsing te rig. Die teorieë wat aandag sal geniet, is die rasonale-keuseperspektief van Cornish en Clarke, die roetine-aktiwiteitsbenadering van Cohen en Felson asook die sintesebenadering wat deur Fattah ontwikkel is.

2.1 SLAGOFFERTIPOLOGIEË

Biles (1987:71) definieer 'n tipologie as "a classification scheme that aids in the understanding of what a group of people has in common and how it differs from other groups". Louw et al. (1978:83) verwys op soortgelyke wyse na 'n tipologie as "enige sisteem of stelsel wat gebruik word om individue volgens sekere kriteria te klassifiseer". 'n Tipologie is dus 'n klassifikasiesistelsel wat as 'n verwysingsraamwerk vir waarneming en data-insameling gebruik kan word. Vanweë die feit dat 'n groot en soms onhanteerbare hoeveelheid data deur 'n tipologie georden word, kan moontlike gemeenskaplikhede en ooreenstemmings tussen verskynsels waargeneem word (Conklin, 1998:567; Mouton & Marais, 1988:139). Volgens McKinney (1966:5-8) dien 'n tipologie ook as basis vir die identifisering, beskrywing, vergelyking, verklaring en voorspelling van verskynsels en kan dit beskou word as 'n brug tussen teorieë en ongeordende empiriese gegewens. Enkele tipologieë met betrekking tot slagoffervatbaarheid en -aandadigheid wat operasioneel saamgestel is om juis hierdie funksie te verrig, geniet vervolgens (in die volgorde waarin dit ontwikkel is) aandag. Nadat die tipologieë bespreek is, sal hulle bruikbaarheid aan die hand van die kriteria vir 'n geskikte tipologie oorweeg word.

2.1.1 Tipologie van Benjamin Mendelsohn

Mendelsohn het as praktiserende advokaat gereeld tydens die voorbereiding van sake, in-diepte onderhoude met slagoffers, ooggetuies en beskuldigdes gevoer. Mettertyd het hy besef dat die verhouding tussen slagoffers en misdadigers dinamies van aard is en dat slagoffers dikwels tot hulle viktimisasie bydra (Roberts, 1990:24-25). Na aanleiding hiervan ontwikkel hy in 1947 'n tipologie wat gebaseer is op die skuldaandeel van die slagoffer. In die tipologie wys hy daarop dat slagofferaandadigheid op 'n kontinuum van skuldig tot onskuldig voorgestel kan word (Doerner & Lab, 1995:6; Meadows, 1998:12-13; Schmallegger, 1996:289). Die tipologie sien soos volg daaruit:

- **Die volkome of algeheel onskuldige slagoffer**

Hierdie individue toon geen provokerende of fasiliterende gedrag nie en doen alles binne hulle vermoë om misdaad te voorkom. Individue wat op die verkeerde tyd op die verkeerde plek is asook weerlose kinders wat mishandel word, is voorbeelde van hierdie tipe slagoffers. Persone wat bewusteloos of onbewus van hulle potensiaal vir viktimisasie is, soos byvoorbeeld persone wat in 'n koma is en by 'n ongelukstoneel beroof of verkrag word, word ook by hierdie kategorie ingesluit.

- **Die slagoffer met beperkte skuld**

Slagoffers met beperkte skuld word meestal geviktimiseer as gevolg van nalatigheid en/of onkundigheid. Kliënte van prostitute wat beroof word, vroue wat 'n aborsie ondergaan en met hulle lewens boet asook dwelmmiddelbruikers wat as gevolg van 'n oordosis sterf, is voorbeelde van slagoffers wat hulle bewustelik in 'n situasie plaas wat tot hulle viktimisasie kan lei.

- **Die skuldige slagoffer en die slagoffer wat net so skuldig soos die misdadiger is**

Individue wat ander bystaan in die pleeg van 'n misdaad of aanmoedig om dit te doen en in die proses beseer word, val in hierdie kategorie. Aangesien hierdie persone soms ook as vrywillige of insiklike slagoffers bekend staan, is slagofferlose misdade soos prostitusie hier ter sprake. Verskeie vorme van selfmoord, naamlik selfmoordkomplotte, selfmoord met instemming en genadedood op versoek, dien hier as voorbeelde.

- **Die slagoffer aan wie meer skuld toegeken word as die misdadiger**

Hierdie kategorie word gebruik vir slagoffers wat op so 'n wyse optree dat misdadige aksie geprovokeer of aktief uitgelok word. 'n Persoon wat byvoorbeeld 'n kroeggeveg uitlok, kan hom of haarself aan provokasie skuldig maak.

- **Die volkome skuldige slagoffer of die slagoffer wat die meeste of alleen skuld dra**

Slagoffers wat konfrontasie inisieer (bv. 'n persoon wat 'n argument in 'n kroeg begin), aggressiewe persone wat deur 'n ander persoon uit selfverdediging gedood word en 'n inbreker wat deur 'n huisbewoner geskiet word, kan as volkome skuldige slagoffers beskou word.

- **Die gesimuleerde of denkbeeldige slagoffer**

Slagoffers wat voorgee dat hulle geviktimizeer is ten einde die strafregplegingsstelsel te mislei, staan as gesimuleerde of denkbeeldige slagoffers bekend. Kinders asook individue wat aan die delusionele versteuring (paranoïde versteuring) ly of oor 'n histerioniese persoonlikheid beskik, maak hulle dikwels aan die gedrag skuldig.

2.1.2 Tipologie van Hans von Hentig

In sy boek, *The Criminal and his Victim*, wat in 1948 gepubliseer is, wys Von Hentig (1948:404-419) daarop dat viktimisering dikwels die gevolg van sekere risikofaktore is wat individue se potensiaal vir viktimisering verhoog. Op grond hiervan ontwikkel hy 'n klassifikasiesistelsel wat uit 13 kategorieë bestaan en gebaseer is op biologiese, sosiale, psigologiese en situasionele faktore wat kwesbaarheid of geneigdheid vir viktimisering betekenissvol kan beïnvloed. Die tipologie sien soos volg daaruit:

- **Jeugdige**

'n Gebrek aan ondervinding, emosionele onvolwassenheid, oortollige energie, fisieke swaakteit en beperkte weerstand teen versoekings, maak jeugdige veral vatbaar vir gewelds- en seksuele misdade.

- **Vroue**

Von Hentig huldig die standpunt dat kwesbaarheid met geslag verband hou en dat vroue kwesbaarder as mans is. Die rede hiervoor is die beperkte fisieke krag waaroor vroue beskik. Dit is dan ook waarom hulle so dikwels die slagoffers van seksuele misdrywe word.

- **Bejaardes**

'n Kombinasie van fisieke en psigiese swakheid (a.g.v. die verouderingsproses), in samehang met materiële voorspoed, maak bejaardes die ideale prooi vir uitbuiters, swendelaars en roofsugtige misdadigers.

- **Geestesgebrekkiges en -krankes**

Geestesgestremde persone, alkoholiste, dwelmmiddelafhanklikes en persone wat aan die antisosiale persoonlikheidsversteuring (psigopatie) ly, is nie altyd in staat om helder te dink nie of tree dikwels so impulsief op dat hulle nie bewus is van die gevaarlike omstandighede waarin hulle, hulle bevind nie. Hierdie persone se geestestoestand dra dus daartoe by dat hulle kwesbaarheid vir viktimisasie hoog is.

- **Immigrante**

Aangesien immigrante nie vertrou is met die eise wat 'n nuwe kultuur stel nie, gebeur dit dikwels dat hulle met armoede, werkloosheid en vyandige gesindhede gekonfronteer en selfs deur lede van die dominante kultuur verwerp word. Immigrante het soms ook nie 'n ander keuse as om in omgewings te woon waar misdaad hoog is nie. Die gevolg hiervan is dat hulle enersyds geviktimizeer kan word en andersyds maklik by misdadige groepe betrokke kan raak.

- **Minderheidsgroepe**

Minderheidsgroepe is in 'n groot mate kwesbaar vir diskriminasie, ongelyke behandeling en uitbuiting. Veral wanneer minderheidsgroepstatus verband hou met faktore soos ras, geslag, taal en godsdienst, kan individue se risiko vir viktimisasie verhoog.

- **Domnormales**

Hierdie individue, wat volgens Von Hentig gebore slagoffers is, word as gevolg van hulle

intellektuele status maklik deur uitbuiters geviktimizeer. Die rede hiervoor is dat hulle nie die beskerming geniet van geestesgestremdes nie en ook nie oor die intellektuele potensiaal beskik om die moontlikheid van viktimisasië in te sien nie.

- **Depressiewe en swartgallige persone**

Hierdie kategorie sluit individue in wie se emosionele toestand hulle risiko vir viktimisasië verhoog. Probleme van hierdie aard kan byvoorbeeld tot onverskillige optrede lei soos om nie die nodige voorsorg vir selfbeskerming te tref nie.

- **Hebsugtige persone**

Aangesien die neiging by sommige persone bestaan om meer geld te maak as wat normaalweg aanvaarbaar is, ontstaan die moontlikheid dat alle redelikheid, intelligensie en ervaring deur die behoefte oorheers word. Dit dra weer daartoe by dat hierdie individue veral vatbaar vir uitbuiting word. Hebsugtige persone se geldgierigheid oorheers dikwels hulle vermoë om realisties oor gevare te besin. Derhalwe val hulle georganiseerde misdadigers, swendelaars, dobbelaars en ander uitbuiters maklik ten prooi.

- **Losbandige en wellustige persone**

Hierdie kategorie word gebruik vir promiskue persone en prostitute wie se lewenstyl hulle risiko vir viktimisasië verhoog.

- **Eensame en gebroke persone**

Die soeke na vriendskap en kameraadskap asook die behoefte om deel van 'n groep te wees, kan daartoe bydra dat individue se verdedigingsmeganismes verswak en dat negatiewe eienskappe in ander geïgnoreer word. Wanneer dit gebeur, verhoog die individu se risiko om geviktimizeer te word. Persone wat 'n lewensmaat verloor deur byvoorbeeld te skei of iemand aan die dood af te staan, kan hulleself as eensame en gebroke persone beskou en vanweë die eensaamheid hulle potensiaal vir viktimisasië verhoog.

- **Gehate persone**

Sommige persone se optredes is van so 'n aard dat hulle haat by ander ontlok wat weer tot

uiting kan kom in die viktimisering van die persone wat die haat veroorsaak. 'n Vader wat 'n alkoholis is en gesinslede se lewens oor 'n lang tydperk benadeel het, kan die slagoffer word van die konflikatmosfeer wat hy self geskep het.

- **Gefrustreerde, geblokkeerde en/of vegtende persone**

Hierdie individue is dikwels slagoffers van situasies wat hulle self geskep het. Individue wat by misdadige bedrywighede betrokke is en dan geviktimiseer word asook slagoffers van afpersing, uitbuiting en slenterspeletjies, kan as geblokkeerde en/of gefrustreerde slagoffers beskou word. Die feit dat hulle nie die misdaad by die polisie kan gaan aanmeld nie, verhoog hulle kwesbaarheid vir viktimisasie. Vegtende slagoffers het betrekking op individue wat as gevolg van die weerstand wat hulle teen die misdadiger bied, beseer word.

2.1.3 Tipologie van Ezzat Fattah

Alhoewel Fattah nie 'n sentrale kriterium as grondslag vir sy tipologie wat in 1967 geformuleer is, gebruik nie, is sy tipologie ook op slagoffervatbaarheid en -aandadigheid gebaseer (Drapkin & Viano, 1974:20; Pretorius, 1986:36-37; Elias, 1986:59; Karmen, 1990:117). Fattah se tipologie sluit die volgende kategorieë in:

- **Nie-deelnemende slagoffers**

Nie-deelnemende slagoffers lewer geen bydrae tot die misdade wat teen hulle gepleeg word nie. Hierdie kategorie stem ooreen met die volkome onskuldige slagoffer wat deur Mendelsohn geïdentifiseer is.

- **Latente of gepredisponeerde slagoffers**

Hierdie individue toon sekere kenmerke wat hulle predisponeer om geviktimiseer te word. Alhoewel Fattah van mening is dat bepaalde tipes misdade by herhaling teen latente of gepredisponeerde slagoffers gepleeg word, laat hy na om aan te toon watter kenmerke by hierdie persone aanwesig is.

- **Provokerende of uittartende slagoffers**

Provokerende slagoffers is individue wat viktimisasie aktief uitlok. Uittarting sluit enige fisieke,

verbale en/of nie-verbale gedrag wat tot viktimisasie kan bydra, in.

- **Deelnemende slagoffers**

Individue wat as gevolg van hulle passiwiteit of nalatigheid sake vir die misdadiger vergemaklik, kan as deelnemende slagoffers beskou word.

- **Valse slagoffers**

Valse slagoffers is individue wat voorgee dat hulle slagoffers van misdaad is, terwyl dit in werklikheid nie die geval is nie. Hierdie kategorie stem ooreen met die denkbeeldige slag-offers wat deur Mendelsohn geïdentifiseer is.

2.1.4 Tipologie van Stephen Schafer

In sy boek, *The Victim and his Criminal*, wat in 1968 gepubliseer is, hersien Schafer (1977:45) Mendelsohn en Von Hentig se tipologieë en gee hy ook 'n kritiese herevaluering van die slagoffer se rol tydens viktimisasie. Hoewel hy net soos Mendelsohn en Von Hentig tot die slotsom kom dat slagoffers soms tot hulle eie viktimisasie bydra, benadruk hy die funksionele verantwoordelikheid van slagoffers om viktimisasie te voorkom. Na aanleiding hiervan stel hy 'n tipologie saam waar verantwoordelikheid van die slagoffer die kriterium vir klassifikasie is. Die tipologie sluit die volgende kategorieë in:

- **Nie-verwante ("unrelated") slagoffers**

Geen slagoffer verantwoordelikheid is hier ter sprake nie, aangesien daar geen voorafgaande betrokkenheid tussen die partye bestaan nie. Die slagoffers is in hierdie geval onskuldige slagoffers van die misdaad wat gepleeg word. 'n Bankteller wat die slagoffer van 'n bank-roof is, kan as 'n nie-verwante slagoffer beskou word.

- **Provokerende slagoffers**

Individue wat 'n oortreder aktief uitlok en as gevolg hiervan geviktimizeer word, kan as provokerende slagoffers beskou word. In hierdie geval deel die slagoffer verantwoordelikheid met die misdadiger, aangesien die misdadiger se reaksie op sekere aksies of gedrag van die slagoffer volg.

- **Presipiterende slagoffers**

Slagoffers wat in hierdie kategorie val, is in 'n mate verantwoordelik vir hulle viktimisasie. Hierdie slagoffers skep geleentheid vir misdaad deur gevaarlike plekke of situasies te betree of te besoek op tye wat hulle risiko vir viktimisasie verhoog. Individue wat ontoepaslik geklee is of alleen in 'n donker steeg stap, is voorbeelde van hierdie tipe slagoffers.

- **Biologies swak slagoffers**

Bejaardes, jeugdige en enige ander individue wat as gevolg van sekere fisieke en/of psigiese kenmerke nie in staat is om weerstand teen misdaad te bied nie en as gevolg hiervan kwesbaar vir viktimisasie is, word by hierdie kategorie ingesluit.

- **Sosiologies swak slagoffers**

Hierdie kategorie word gebruik vir immigrante, minderheidsgroepe en ander individue wat nie ten volle in die samelewing geïntegreer is nie en as gevolg van kulturele verskille as maklike teikens vir viktimisasie beskou word. Hierdie slagoffers asook diegene wat as gevolg van sekere fisieke en psigiese faktore 'n hoë risiko vir viktimisasie toon, dra geen verantwoordelikheid vir die misdade wat teen hulle gepleeg word nie.

- **Selfviktimiserende slagoffers**

Individue wat betrokke is by dwelmmiddelgebruik, prostitusie en dobbelary en as gevolg hiervan skade ly, word as selfviktimiserende slagoffers beskou. Hierdie slagoffers is ten volle verantwoordelik vir die gevolge van viktimisasie.

- **Politieke slagoffers**

Politieke slagoffers het betrekking op individue wat geviktimizeer word omdat hulle diegene met politieke mag opponeer. Vanweë die feit dat hierdie individue gewoonlik geviktimizeer word om hulle in 'n ondergeskikte posisie te hou, dra die individue geen slagofferverantwoordelikheid nie.

2.1.5 Tipologie van Jacob van der Westhuizen

Van der Westhuizen (1977:123-125) se slagoffertipologie wat in 1977 geformuleer is, bevat elemente van Von Hentig se tipologie en is geskoei op die kriterium van slagoffer-vatbaarheid. Sy tipologie sluit die volgende kategorieë in:

- **Weerlose slagoffers**

Vroue, kinders, bejaardes, siekes, eensames, geestesgestremdes en sterwende persone wat liggaamlik en/of psigies weerloos teen misdaad is, word by hierdie kategorie ingesluit.

- **Pronksugtige slagoffers**

Persone wat hulle sukses, liggame, juwele (weelde) en/of eiendom ten toon stel en dan as gevolg hiervan geviktimizeer word, kan as pronksugtige slagoffers beskou word.

- **Wellustige slagoffers**

Individue wat hulleself skuldig maak aan prostitusie, homoseksuele aktiwiteite, owerspel, masochisme en seksorgies, verhoog hulle risiko vir besering of viktimisering deur hulle optrede.

- **Hebsugtige slagoffers**

Hierdie kategorie word gebruik vir afpersers, swendelaars en ander persone wat hulle medemens finansieel uitbuit en later slagoffers van hulle eie ongenaakbaarheid word.

- **Doellose slagoffers**

Individue wat rondswerf, soos immigrante en toeriste asook diegene wat doelloos in die samelewing rondbeweeg soos boemelaars, drosters en bedelaars, kan as doellose slagoffers getipeer word.

- **Aggressiewe slagoffers**

Enige individu wat as gevolg van 'n aggressiewe houding of gedrag, aanranding of moord uitlok, kan in hierdie kategorie geplaas word.

- **Nalatige slagoffers**

Nalatige slagoffers is persone wat nie die nodige voorsorg teen misdaad tref nie en gevolglik geviktimizeer word weens hulle agterloosigheid en/of argeloosheid. Individue wat byvoor-beeld sleutels, geld en/of eiendom laat rondlê, kan as gevolg van hierdie gedrag hulle potensiaal vir viktimisering verhoog.

- **Beroepblootgestelde slagoffers**

Individue wat as gevolg van beroepsomstandighede 'n hoë risiko vir viktimisering toon, is hier ter sprake. Banktellers, kassiere, sekuriteitswagte, polisiebeamptes, nagwerkers (bv. medici, verpleegkundiges en skofwerkers), taxibestuurders asook persone wat op afgeson-derde plekke werk, soos boere, kan as beroepblootgestelde slagoffers beskou word.

- **Afwykende groepgebonde slagoffers**

Individue wat lid is van 'n groep wat by misdadige aktiwiteite betrokke is en deur hierdie groeplede by dobbelary, bende-aktiwiteite of enige ander vorm van misdadige gedrag betrek word, staan as afwykende groepgebonde slagoffers bekend.

- **Toevallige slagoffers**

Persone wat alles doen wat binne hulle vermoë lê om misdaad te ontwyk, maar ten spyte van voorsorgmaatreëls nogtans geviktimizeer word, val in hierdie kategorie. 'n Huiseienaar wat alle moontlike voorsorg teen inbraak tref en ten spyte van diefwering, 'n waghond en 'n alarmstelsel steeds 'n misdadiger wat inbreek ten prooi val, kan hier as voorbeeld dien.

2.1.6 Tipologie van Andrew Karmen

Karmen (1990:117-120) het soos bogenoemde skrywers, ook 'n tipologie van verskillende tipes slagoffers saamgestel, maar dit op 'n spesifieke misdaad, naamlik motorvoertuig-diefstal van toepassing gemaak. Hierdie tipologie wat in 1980 geformuleer is, is op die skuldaandeel van individue gebaseer en word in ses kategorieë ingedeel. Volgens hierdie indeling word slagoffers geïdentifiseer wat varieer van volkome onskuldige slagoffers tot slagoffers wat volkome verantwoordelik vir die misdaad is. Karmen se tipologie sien soos volg daaruit:

- **Konsensieuse weerstandbiedende slagoffers (“Conscientiously resisting”)**

Hierdie individue wat as volkome onskuldige slagoffers beskou kan word, is misdaadbewuste persone wat spesiale voorsorgmaatreëls tref om motorvoertuigdiefstal te voorkom. Sekuriteitspesialiste word byvoorbeeld genader of gesofistikeerde teendiefstal-meganismes word geïnstalleer. Daar word dus aktief opgetree om die misdadiger se taak te bemoeilik en risiko's vir viktimisasie te verminder. Hierdie individue is hoofsaaklik die slagoffers van professionele misdadigers wat weet hoe om gesofistikeerde teendiefstal-hardeware buite werking te stel.

- **Konvensioneel versigtige slagoffers (“Conventionally cautious”)**

Hoewel hierdie slagoffers ook besorg is oor die risiko vir motorvoertuigdiefstal, tref hulle slegs konvensionele voorkomingsmaatreëls soos om deure te sluit, waardevolle artikels uit die motorvoertuig te verwyder en nie sleutels in die motorvoertuig se aansitter te laat nie. Hulle maak ook staat op teendiefstalmeganismes wat voertuigvervaardigers as standaard-toerusting in motorvoertuie installeer.

- **Nalatige fasiliterende slagoffers (“Carelessly facilitating”)**

Hierdie individue, wat as gedeeltelik onskuldige slagoffers beskou kan word, skep geleentheid of fasiliteer misdaad deur hulle nalatige gedrag. Alhoewel hierdie slagoffers nie doelbewus viktimisasie uitlok nie, is hulle onverskillig ten opsigte van die risiko's wat vir die pleeg van die misdaad bestaan. Deure wat nie gesluit word nie, vensters wat oopgelaat word en sleutels wat binne die motorvoertuig vergeet word, is voorbeelde hiervan. Hierdie individue is dikwels die slagoffers van onervare motordiewe wat geleentheidsmisdade pleeg.

- **Presipiterende inisiërende slagoffers (“Precipitative initiators”)**

Individue wat motorvoertuigdiefstal presipiteer deur 'n motorvoertuig ongesluit, blootgestel en kwesbaar in 'n area met 'n hoë misdaadkoers te laat met die hoop dat hulle motorvoertuig (veral een wat in 'n swak toestand is) gesteel sal word, kan as gedeeltelik verantwoordelike slagoffers beskou word.

- **Provokerende sameswerende slagoffers (“Provocative conspirators”)**

Hierdie individue kan in 'n groot mate vir die motorvoertuigdiefstal verantwoordelik gehou word, aangesien hulle die diefstal van hulle motorvoertuie inisieer. 'n Individu wat saam met 'n motorvoertuigdief werk of reëlings tref om sy of haar motorvoertuig vir versekerings-doeleindes te laat steel, is 'n voorbeeld van hierdie tipe slagoffer.

- **Volkome verantwoordelike slagoffers**

Persone wat 'n motorvoertuig valslik as gesteel aanmeld met die oogmerk om 'n versekeringseis in te stel, kan as volkome verantwoordelike slagoffers beskou word. Individue wat versekering op 'n motorvoertuig uitneem wat hulle nie besit nie met die doel om dit later as "gesteel" aan te meld en 'n versekeringseis in te stel, is inderwaarheid misdadigers wat hulle as slagoffers voordoen.

2.2 EVALUERING VAN SLAGOFFERTIPOLOGIEË

'n Tipologie het slegs waarde indien dit aan sekere vereistes voldoen. Bogenoemde tipologieë word vervolgens aan die hand van hierdie vereistes geëvalueer.

2.2.1 Vereistes vir tipologieë

'n Tipologie behoort aan sekere vereistes te voldoen ten einde prakties toepasbaar te wees. Die tipologieë van Von Hentig, Mendelsohn, Fattah, Schafer, Van der Westhuizen en Karmen sal vervolgens aan die hand van die vereistes geëvalueer word, waarna die waarde daarvan vir die onderhawige studie aangedui sal word.

- **Uniformiteit**

Uniformiteit beteken dat 'n eenvormige kriterium vir klassifikasie gebruik moet word (Pretorius, 1986:31). Von Hentig se slagoffertipologie wat gebaseer is op biologiese, sosiale, psigologiese en situasionele faktore wat 'n individu se risiko vir viktimisasie kan verhoog, gaan mank aan 'n sentrale kriterium vir klassifikasie, terwyl Fattah nie eers 'n sentrale kriterium as grondslag vir sy tipologie oorweeg het nie. Die tipologieë van Mendelsohn en Karmen, wat skuldaandeel beklemtoon asook dié van Schafer en Van der Westhuizen wat onderskeidelik verantwoordelikheid en slagoffervatbaarheid as kriterium gebruik, voldoen wel aan die

uniformiteitsvereiste.

- **Onderlinge uitsluitendheid**

Ten einde aan die vereiste van uitsluitendheid te voldoen, moet die geïdentifiseerde tipes mekaar sodanig onderling uitsluit dat 'n besondere geval slegs aan een van die tipes toegewys kan word (Snyman, 1986:33). Die klassifikasiesetel van Von Hentig voldoen nie aan hierdie vereiste nie. 'n Jong vroulike immigrant wat beroof word, kan byvoorbeeld as 'n vrou, jeugdige en/of immigrant geklassifiseer word. Die tipologie van Fattah toon dieselfde leemte. Latente slagoffers kan ook as provokerende of deelnemende slagoffers gekategoriseer word. Aangesien 'n pronksugtige slagoffer ook aggressief of nalatig kan wees, voldoen Van der Westhuizen se tipologie ook nie aan bogenoemde vereiste nie. Die klassifikasiesetel van Schafer kan op dieselfde wyse gekritiseer word, aangesien 'n biologies swak slagoffer ook selfviktimerend kan optree. Slegs twee van die tipologieë, naamlik dié van Mendelsohn en Karmen, voldoen aan die vereiste vir onderlinge uitsluitendheid omdat geen oorvleueling van tipes voorkom nie.

- **Eenvoudigheid**

Eenvoudigheid verwys na die gemak waarmee 'n tipologie gebruik kan word om empiriese gegewens te verwerk (McKinney, 1966:26). Hoe eenvoudiger 'n klassifikasiesetel, hoe makliker is dit om die setel te gebruik. Die tipologieë van Mendelsohn en Karmen wat slagoffers op 'n kontinuum plaas wat van volkome onskuldige tot volkome skuldige slagoffers strek, bemoeilik die toepassing van die tipologieë op empiriese gegewens. Von Hentig en Fattah se nalaat van die identifisering van 'n sentrale kriterium vir klassifikasie, lei daartoe dat hulle tipologieë nie geredelik op empiriese gegewens toegepas kan word nie. Tipologieë wat nie onderling uitsluitend is nie, soos dié van Schafer waar biologiese swak slagoffers ook jong mans en bejaarde vrouens kan insluit, voldoen ook nie aan bogenoemde kriterium nie. Slegs die tipologie van Van der Westhuizen voldoen aan die vereiste van eenvoudigheid, aangesien die tipes relatief ongekompliseerd is en die klassifikasiesetel maklik op empiriese gegewens toegepas kan word.

- **Betekenisvolheid**

Volgens Pretorius (1986:31) behels betekenisvolheid dat 'n tipologie moet voldoen aan die vereistes waarvoor dit ontwerp is. Die tipologieë van Mendelsohn en Karmen, wat voorsiening

maak vir verskeie variasies van skuldaandeel, kan as voorbeeld gebruik word van tipologieë wat aan die betekenisvolheidsvereiste voldoen. Van der Westhuizen en Schafer se tipologieë, wat ontwerp is om die verantwoordelikheid vir die misdaad te bepaal, voldoen ook aan hierdie kriterium. Die tipologieë van Von Hentig en Fattah is egter te wyd en te vaag om aan hierdie vereiste te voldoen.

- **Meetbaarheid**

Meetbaarheid verwys na die mate waarin die onderskeie komponente van tipologieë gemeet kan word (Galaway & Hudson, 1981:21). Weerloosheid as 'n komponent van slagoffervatbaarheid is byvoorbeeld 'n kategorie wat in sowel Von Hentig as Van der Westhuizen se tipologieë voorkom. Dit is egter moeilik om weerloosheid te meet. Schafer se verwysing na die biologies swak slagoffers asook Mendelsohn en Karmen se sentrale kriterium van skuldaandeel, is ook moeilik meetbaar. Die feit dat Fattah nie duidelik omskryf watter eienskappe viktimisasie kan predisponer nie, maak dit moeilik om te bepaal of hierdie tipologie wel aan die meetbaarheidsvereiste voldoen.

- **Universaliteit**

'n Tipologie behoort universeel bruikbaar te wees (Pretorius, 1986:31). Dit impliseer dat dit nie tydsgebonde sal wees nie en dus met tydsverloop relevant sal bly. Al ses die tipologieë wat bespreek is voldoen aan die vereiste van universaliteit, aangesien die kategorieë van slagoffers wat by die klassifikasiesistelsels ingesluit is, wêreldwyd voorkom. Aspekte soos skuldaandeel en verantwoordelikheid wat in die tipologieë van Mendelsohn, Schafer en Karmen as sentrale kriteria gebruik word, is ook by die pleeg van alle misdade ter sprake en dus universeel bruikbaar.

- **Volledigheid**

Die volledigheid van 'n tipologie verhoog die waarde daarvan, aangesien dit alle vorme of variasies van slagoffers, misdadigers, misdaad en/of slagoffer-misdadigerverhoudings weerspieël (Snyman, 1986:35). Die feit dat die tipologieë van Mendelsohn, Von Hentig en Karmen slegs vir individuele slagoffers voorsiening maak en nie soos dié van Van der Westhuizen na groepe slagoffers verwys nie, dui op 'n onvolledige klassifikasiesistelsel. Die tipologie van Fattah wat slegs voorsiening maak vir misdade teen die persoon en nie verduidelik watter individuele kenmerke viktimisasie kan presipiteer nie, gaan veral mank aan hierdie

vereiste. Schafer en Van der Westhuizen se tipologieë kan slegs as gedeeltelik volledig beskou word. Alhoewel Van der Westhuizen voorsiening maak vir groepgebonde en beroepblootgestelde slagoffers, kan 'n kategorie soos woonomgewing-blootgestelde slag-offers (bv. slagoffers wat in 'n area met 'n hoë misdaadsyfer woonagtig is), hierby ingesluit word (Pretorius, 1982:57). Onvolledigheid kan moontlik toegeskryf word aan die kompleksiteit van die misdaadverskynsel wat dit moeilik maak om alle vorme en variasies van slagofferskap in 'n enkele tipologie te omvat.

- **Pragmatisme**

Pragmatisme het betrekking op die praktiese bruikbaarheid van 'n tipologie (Pretorius, 1986:32). Die tipologieë van Mendelsohn en Karmen, waar skuldaandeel verskaal word, is enersyds waardevol in dié sin dat dit wys op die slagoffer se aandeel tydens misdaad en andersyds gebruik kan word om 'n omvattende metingskaal op te stel. Die eenvormige kriteria waarop Schafer en Van der Westhuizen hulle tipologieë baseer, lei daartoe dat slagoffers maklik volgens hierdie tipologieë geklassifiseer kan word. Dit dra daartoe by dat tipologieë bruikbaar is vir navorsers. In teenstelling met die praktiese bruikbaarheid van hierdie twee tipologieë, is dié van Von Hentig te wyd om aan die vereiste van pragmatisme te voldoen. Die klassifikasiekategorieë wat Fattah in sy tipologie gebruik, is te vaag en hy laat na om die begrippe duidelik te definieer ten einde praktiese bruikbaarheid te verseker.

2.2.2 Waarde van bestaande slagoffertipologieë vir die onderhawige studie

Alhoewel bogenoemde navorsers nie hulle tipologieë op empiriese navorsing gegrond het nie, dra elke tipologie by tot beter begrip van die dinamika van die slagoffer-misdadiger-verhouding (Schmallegger, 1996:285). Die waarde van die tipologieë lê veral in die moontlikheid wat dit bied om slagofferrisiko's en verantwoordelikhede te beoordeel en die wyse waarop kennis hiervan tot die ontwikkeling van spesifieke misdaadvoorkomingstrategieë kan bydra (Elias, 1986:60).

Tipologieë met betrekking tot slagoffervatbaarheid, soos dié van Von Hentig en Van der Westhuizen, kan egter nie onvoorwaardelik en ongewysig vir doeleindes van die onderhawige studie aanvaar word nie. Die rede hiervoor is dat al die komponente van die twee klassifikasiestelsels nie vir navorsing van belang is nie. Enkele faktore wat wel 'n individu se vatbaarheid vir 'n motorvoertuigkaping betekenisvol kan beïnvloed en wat as 'n riglyn vir hipoteseformulering kan dien, is ouderdom, geslag en lidmaatskap aan minderheids-groepe (vgl. die tipologie van Von Hentig, afd. 2.1.2), asook weerloosheid, aggressiwiteit, nalatigheid en

beroep (vgl. die tipologie van Van der Westhuizen, afd. 2.1.5).

Vanweë die feit dat die twee tipologieë nie voorsiening maak vir aspekte soos lewenstyl en geleentheid vir misdaad nie, sal teorieë wat hierdie aspekte ondervang, in samehang met bogenoemde tipologieë gebruik word om die viktimisasierisiko of vatbaarheid vir motorvoertuigkaping te ondersoek en te verklaar. (Hierdie teorieë word in afd. 2.3 volledig toegelig.)

Aangesien geen tipologie of viktimologieteorie bestaan wat slagofferaandadigheid klassifiseer of verklaar nie, word die tipologieë van Mendelsohn, Fattah, Schafer en Karmen as riglyn gebruik vir die konstruering van 'n tipologie rakende slagofferaandadigheid tydens motorvoertuigkaping. Hierdie klassifikasiesistelsel sal as tipologiese onderbou vir die studie dien.

2.2.3 Tipologie met betrekking tot slagofferaandadigheid tydens motorvoertuigkaping

Soos in die geval van slagoffervatbaarheid, kan sommige van die subklasse van die voorgemelde tipologieë oor slagofferaandadigheid (bv. die verwysing na nalatigheid in al vier die relevante tipologieë), ook direk of by implikasie op motorvoertuigkaping van toepassing gemaak word. Veral die tipologie van Karmen wat spesifiek op motorvoertuigdiefstal gerig is, is van waarde vir die onderhawige studie. 'n Volledige tipologie vir slagoffers van motorvoertuigkaping kan egter nie eksklusief vanuit hierdie tipologie saamgestel word nie, aangesien Karmen se vierde kategorie van presipiterende inisiërende slagoffers nie werklik tydens motorvoertuigkaping ter sprake is nie. In alle waarskynlikheid sal individue hulle nie aan die risiko's van 'n motorvoertuigkaping blootstel ten einde van 'n motorvoertuig wat in 'n swak toestand is, ontslae te raak nie. Hulle sal eerder 'n kaper wat aan hulle bekend is nader en reël dat die motorvoertuig "gekaap" word. In dié geval is Karmen se vyfde kategorie van provokerende sameswerende slagoffers (wat wel in die onderhawige tipologie ingesluit kan word), ter sprake. Karmen se klassifikasiesistelsel maak verder ook nie voorsiening vir weerstand as 'n faktor wat tot besering of skade kan bydra nie. Die volgende tipologie, gebaseer op slagofferaandadigheid tydens motorvoertuigkaping, word met inagneming van bestaande tipologieë gekonstrueer ten einde die navorsing te rig:

- **Volkome onskuldige slagoffers**

Hierdie kategorie stem ooreen met die eerste kategorie van Karmen se tipologie. Individue wat spesiale voorsorgmaatreëls teen motorvoertuigkaping tref soos om teenkaping-meganismes

en/of opsporingstelsels in motorvoertuie te laat installeer of selfs die registrasienommer bo-op die motorvoertuig se dak en/of op die deure te verf en dan steeds die slagoffer van 'n motorvoertuigkaping word, kan as totaal onskuldige slagoffers beskou word.

- **Slagoffers wat in 'n groot mate onskuldig is**

Hierdie persone tref, soos die konvensioneel versigtige slagoffers in Karmen se tipologie, konvensionele voorkomingsmaatreëls teen motorvoertuigkaping deur nie sleutels opsigtelik in die hand te dra nie, deure te sluit en vensters toe te hou asook 'n sitplekgordel te dra. Alhoewel individue in hierdie kategorie nie in dieselfde mate op motorvoertuigkaping ingestel is as bogenoemde slagoffers nie, word hulle van hulle motorvoertuie beroof sonder dat hulle enigsins tot die misdaad bydra of daartoe aanleiding gee.

- **Gedeeltelik onskuldige slagoffers**

Individue wat nie vensters toehou en/of deure sluit nie asook diegene wat onverskillig ten opsigte van die risiko van motorvoertuigkaping is deur byvoorbeeld onnodig langs die pad stil te hou, kan as gedeeltelik onskuldige slagoffers beskou word (vgl. nalatigheid, afd. 1.2.3.2.4). Die fisieke binnegaan van 'n geografiese gebied en/of sosiale situasie wat 'n hoë viktimisasierisiko inhou, soos om in 'n gebied met 'n hoë misdaadkoers rond te ry, dieselfde roete werk toe en terug te volg en/of 'n verlate pad te gebruik, is voorbeelde van gedrag wat by hierdie kategorie slagoffers voorkom (vgl. onverantwoordelike uitnodiging, afd. 1.2.3.2.4). Alhoewel hierdie persone nie doelbewus tot die misdaad bydra nie, kan die aard van hulle optrede viktimisasie fasiliteer.

Individue wat wel van hulle motorvoertuie beroof word en besluit om weerstand teen die viktimisasie te bied, kan ook in die kategorie ingedeel word. Ten spyte van die feit dat die slagoffers se optrede instinktief van aard mag wees, kan onnadenkende optrede daartoe bydra dat besering gefasiliteer word (vgl. afd. 3.2.1.2.5).

- **Slagoffers wat in 'n groot mate vir hulle viktimisasie verantwoordelik is**

Individue wat 'n motorvoertuigkaping uitlok deur byvoorbeeld roekeloos te bestuur, val in hierdie kategorie (vgl. provokasie, afd. 1.2.3.2.4).

Persone wat met 'n kaper reëlings tref om hulle motorvoertuie vir versekeringsdoeleindes te

"kaap", is as gevolg van hierdie aktiewe aanmoediging (vgl. aanstigting en/of samewerking, afd. 1.2.3.2.4) ook in 'n groot mate vir hulle viktimisasie verantwoordelik. Reëlings kan byvoorbeeld getref word dat 'n "gekaapte" motorvoertuig in onderdele opgesny word en/of oorsee verkoop word alvorens die motorvoertuig as "gekaap" aangemeld word. Indien 'n kaping gesimuleer en die individu per ongeluk tydens die misdaad beseer word, bly hy of sy steeds in 'n groot mate vir die misdaad en derhalwe ook vir sy of haar slagofferskap verantwoordelik.

- **Volkome verantwoordelike slagoffers**

Individue wat die kaping van 'n motorvoertuig wat nie bestaan nie fabriseer om sodoende versekeringsbedrog te pleeg, kan as volkome verantwoordelike slagoffers en misdadigers beskou word.

2.2.4 Beoordeling van die tipologie aan die hand van die vereistes wat vir tipologieë gestel word

Aangesien hierdie tipologie slegs een aspek, naamlik slagofferaandadigheid as kriterium vir klassifikasie gebruik, voldoen dit aan die vereiste van uniformiteit. Die tipologie maak ook voorsiening vir verskillende variasies van skuldaandeel en voldoen dus aan die vereiste waarvoor dit ontwerp is. Die tipologie kan gevolglik as bruikbaar vir die onderhawige studie beskou word.

Skuldaandeel en aanspreeklikheid is by alle tipe misdade ter sprake, dus is die tipologie ook universeel bruikbaar. Aangesien daar slegs vir individuele slagoffers voorsiening gemaak word en nie na groepe slagoffers (bv. maatskappye) verwys word nie, kan die klassifikasiestelsel as onvolledig beskou word indien dit gebruik moet word in navorsing waar groepe ter sprake is. Vanwêe die feit dat slegs individuele slagoffers by die onderhawige ondersoek betrek word, raak hierdie kritiek nie die doel waarvoor die tipologie opgestel is nie.

Alhoewel skuldaandeel moeilik meetbaar is, is die tipologie nogtans prakties bruikbaar in dié sin dat dit enersyds betrekking het op die slagoffer se aandeel tydens die misdaad en andersyds gebruik kan word by die opstel van 'n metingskaal. Die feit dat slagoffers op 'n kontinuum geplaas kan word wat van volkome onskuldige tot volkome verantwoordelike slagoffers strek, bemoeilik die toepassing van die tipologie op empiriese gegewens. Aangesien elke kapingsvoorval slegs in een spesifieke kategorie ingedeel kan word en dus aan die vereiste van onderlinge uitsluitendheid voldoen, kan hierdie leemte oorbrug word en sodoende die verwerking van empiriese gegewens in 'n groot mate vergemaklik.

Vanweë die feit dat die tipologie aan die meeste van die vereistes vir 'n tipologie voldoen, sal dit in samehang met afgehandelde navorsing oor motorvoertuigkapings, as riglyn vir die formulering van hipoteses en die opstel van 'n vraelys dien.

2.3 VIKTIMOLOGIE - EN KRIMINOLOGIETEORIEË

Plug, Meyer, Louw en Gouws (1986:362) omskryf 'n teorie as 'n groep logiese samehangende stellings wat aangebied word om 'n verskynsel te verklaar en die verbande tussen verskynsels te beskryf. Die meeste kriminologieteorieë poog dan ook om die sosiale, psigologiese, fisieke en ekonomiese faktore wat tot misdaad aanleiding kan gee, te identifiseer en te verklaar (Gottfredson, 1984:4). Alhoewel verskeie kriminologieteorieë (die anomieteorie van Merton, die subkultuurteorie van Cohen, die differensiële ge-leentheidsteorie van Cloward en Ohlin, die differensiële assosiasieteorie van Sutherland, die differensiële versterkingsteorie van Burgess en Akers, die sosiale beheerteorie van Hirschi, die subkultuurteorie van Wolfgang en Ferracutti, asook die konflikteorieë) gebruik kan word om te verklaar waarom 'n spesifieke individu 'n motorvoertuig roof, is die bepaling van kousaliteit nie die fokus van die ondersoek nie. Aangesien die *modus operandi* van die kaper asook situasionele faktore wat 'n rol tydens die roof van 'n motorvoertuigkaping kan speel in die onderhawige studie van belang is, is slegs viktimologie- en kriminologieteorieë wat spesifiek op hierdie aspekte betrekking het, geselekteer om as riglyn vir die navorsing te dien.

Die eerste relevante teorie, naamlik die rasonele-keuseperspektief postuleer dat sekere kognitiewe prosesse voor of tydens misdaadpleging ter sprake is. Hiervolgens kies 'n oortreder gewoonlik om misdaad te pleeg en selekteer 'n spesifieke teiken op grond van sy of haar beoordeling van die moeite, risiko, geleenthede en belonings wat met die misdaad geassosieer word. Aansluitend hierby sal die roetine-aktiwiteitsbenadering van Cohen en Felson gebruik word om die viktimisasierisiko van slagoffers te verklaar. Benewens genoemde teorieë sal Matza en Sykes se verklaring vir die gebruik van neutraliseringstegnieke om misdaad te regverdig en Fattah se sintesebenadering geïntegreer word om te verduidelik hoe hierdie faktore die keuse van 'n teiken kan beïnvloed.

2.3.1 Rasonele-keuseperspektief

Alvorens die teorie uiteengesit word, is dit nodig om aandag te skenk aan die historiese

agtergrond wat tot die ontwikkeling van die teorie aanleiding gegee het.

2.3.1.1 Historiese agtergrond

Die oorsprong van die rasionele-keuseperspektief kan teruggevoer word na die werk van Adam Smith (1723-1790), 'n Skotse filosoof. Hy het reeds gedurende die agtiende eeu daarvan melding gemaak dat individue, op grond van sekere rasionele kostevoordeel-berekeninge, ekonomiese keuses uitoefen soos byvoorbeeld wat om te koop, wat om te vervaardig en teen watter prys dit verkoop kan word (Light, Keller & Calhoun, 1989:16).

Die konsep "rasionele besluitneming" is in ongeveer dieselfde tydperk vir die eerste keer binne kriminologieverband geverbaliseer. Jeremy Bentham (1748-1832), 'n eksponent van die Klassieke Skool in die kriminologie, het soos sy tydgenoot Cesare Beccaria (1738-1794) die standpunt gehuldig dat die mens oor 'n vrye wil beskik en gevolglik sekere keuses kan maak (Conklin, 1998:40; Vito & Holmes, 1994:76). Bentham het die misdadiger as 'n rasionele wese beskou wat tussen reg en verkeerd kan onderskei en meld in hierdie verband dat "he is master of his fate, captain of his soul, creature capable of understanding himself and of acting to promote his own best interest" (aangehaal in Vold, 1979:8). Hy het beklemtoon dat die meeste individue hedonisties is en derhalwe gemotiveer is om genot te ervaar en pyn te vermy (Gottfredson & Hirschi, 1987:9; Lyman & Potter, 1997:62; Schmallegger, 1996:140). Hierdie sogenaamde "hedonistic calculus" wat impliseer dat individue poog om positiewe uitkomst te verhoog en negatiewe uitkomst te verminder, het gelei tot die ontwikkeling van die afskrikkingshipotese ("deterrence hypothesis") in die kriminologie. Hierdie hipotese, wat ook as een van die grondslae van moderne straf-toemeting dien, is gebaseer op die aanname dat individue gemotiveer is om misdaad te pleeg indien die verwagte voordele die verwagte koste van wetsoortreding oorskry (Barkan, 1997:120; Cohen & Land, 1987:54; Goldkamp, 1987:134).

Alhoewel die standpunte van die Klassieke Skool deur aanhangers van die positivisme genegeer is, het verskeie ekonomies gefundeerde benaderings rakende misdadige gedrag die besorgdhede van die Klassieke Kriminologie laat herlewe. Hierdie herlewing is gestimuleer deur 'n artikel van Gary Becker, *Crime and Punishment: An Economic Approach*, wat in 1968 gepubliseer is. In die artikel gaan hy van die standpunt uit dat misdaad 'n ekonomiese transaksie of beroepskeuse is, waar die besluit om 'n misdaad te pleeg, gebaseer word op 'n analise van die voordele (beloning) en nadele (koste) van die optrede (Becker, 1968:169; Clarke & Cornish, 1985:156; Cornish & Clarke, 1986:5; Glick, 1995:84; Trasler, 1986:19-20; Lattimore & Witte, 1986:129; Vetter & Silverman, 1986:289). Misdaad word gesien as 'n rasionele

ekonomiese aktiwiteit waar die misdadiger sekere berekenings of evaluasies maak met betrekking tot die geleentheid om wettig of onwettig geld te bekom, die inkomste wat deur bogenoemde geleentheid verdien kan word, die kans op arrestasie indien onwettig opgetree word en die moontlikheid van straf indien arrestasie sou plaasvind (Holzman, 1982:242). Hierdie ekonomiese benadering, wat as 'n belangrike grondslag vir die rasionele-keuseperspektief gedien het, word deur Williams en McShane (1994:221) soos volg omskryf: "In a sense, the economic approach brought us full circle to the two-hundred-year-old classical position that individual behavior is a calculation of gain and pain".

Navorsing in ander vakdissiplines soos die psigologie, het ook tot die ontwikkeling van die rasionele-keuseperspektief bygedra. In hierdie verband meld Clarke en Cornish (1985:148) dat die klem wat op inligtingprosessering en kognitiewe prosesse tydens besluitneming gelê is, ook gelei het tot hernude belangstelling in die misdadiger se denkprosesse.

Idees wat tot die ontwikkeling van die rasionele-keuseperspektief bygedra het, is ook ontleen aan ander modelle soos die Verwagte-utiliteitsmodel ("Expected utility model") en die Verwagtings-waardemodel ("Expectancy value model"). Eersgenoemde model beklemtoon dat misdadigers op 'n rasionele wyse optree deurdat hulle aktiwiteite wat waarde inhou verkies bo aktiwiteite wat geen nut of voordeel het nie (Lattimore & Witte, 1986:148; McPheters, Mann & Schlagenhauf, 1984:552). Die Verwagtings-waardemodel gaan van die standpunt uit dat individue oor die vermoë beskik om inligting so te prosesseer of te verwerk dat sekere verwagtinge oor die implikasies van aksies of gedrag gevorm kan word. Hierdie vermoë is gebaseer op ervaring en huidige waarnemings. Verder benadruk die model dat die verwagting dat gedrag 'n sekere uitkoms sal hê asook die subjektief waargenome waarde van die uitkoms, belangrike veranderlikes is wat die besluit om 'n sekere gedragspatroon te vestig, beïnvloed (Atkinson & Birch, 1970:182; Feather, 1982:5, 9; Kruglanski & Klar, 1985:48; Raynor, 1978:76; Wyatt, 1989:8).

Volgens Clarke en Cornish (1985:148) het belangstelling in die verband tussen die ekologie en misdaad ook bygedra tot die ontwikkeling van die rasionele-keuseperspektief. In hierdie verband wys navorsers (Brantingham & Brantingham, 1975:12) daarop dat misdadigers op grond van rasionele oorwegings sekere teikens (bv. huise in die buitewyke van die stad) kies omdat dit ontsnapping vergemaklik.

Die rasionele-keuseperspektief het ook wortels in die "drift"-teorie van David Matza (Williams & McShane, 1994:221). Hierdie teorie wat gedurende 1964 ontwikkel is, bepaal dat 'n individu se

wil 'n predisponerende faktor is in die besluit om 'n misdaad te pleeg (Matza, 1964:34). Alhoewel Matza nie vrye wil per se beklemtoon het nie, het sy werk vroeë laat ontstaan oor die misdadiger se vermoë om rasioneel op te tree.

Voortspruitend uit bogenoemde teorieë en modelle is beseft dat indien navorsers misdaad wil oplos, hulle nie net vir kriminogene faktore in misdadigers se fisieke en/of psigiese samestelling, hulle agtergrond en/of hulle sosiale omgewing moet soek nie. Daar moet ook gepoog word om te verklaar waarom misdadigers anders as nie-misdadigers dink (McPheters et al., 1984:551). Die behoefte aan 'n misdaad-spesifieke fokus ("crime-specific focus") waar situasionele faktore tydens misdaadpleging beklemtoon word en daar gepoog word om te verklaar waarom individue in 'n gegewe situasie en op 'n bepaalde tydstip op 'n sekere wyse optree, is al meer binne kriminologieverband geformaliseer (Clarke, 1983:229).

Die rasionele-keuseperspektief, wat beskou kan word as 'n moderne weergawe van die klassieke benadering in die kriminologie, neem bogenoemde faktore in ag en poog om op 'n eklektiese wyse elemente van vroeë ekonomiese modelle en verskeie besluitnemingsteorieë in een perspektief saam te vat. Die werk van Derek Cornish en Ronald Clarke, twee van die belangrikste eksponente van dié benadering, geniet vervolgens aandag.

2.3.1.2 Uitgangspunte van die rasionele-keuseperspektief

Die rasionele-keuseperspektief is gebaseer op die standpunt dat individue op 'n rasionele wyse keuses uitoefen ten einde op die mees doeltreffende wyse bepaalde doelwitte te bereik soos om rykdom en opwinding te verkry (Clarke, 1983:232). Voortspruitend hieruit word die misdadiger beskou as 'n "homo economicus", oftewel 'n rasionele rekenaar wat deur onmiddellike behoeftes en geleenthede beïnvloed word (Morrison & O'Donnell, 1994:10). Volgens Cornish en Clarke (1987:933) kan misdaad gesien word as die resultaat van bewuste rasionele keuses en besluite waartydens die kostes, geleenthede en voordele verbonde aan die optrede oorweeg word. Besluitneming verwys in hierdie geval eensyds na die bewuste denkprosesse wat gedrag regverdig en andersyds na die onderliggende kognitiewe meganismes wat inligting selekteer en prosesseer.

Die eerste besluit sentreer rondom aanvanklike misdaadbetrokkenheid waartydens die meriete van verskeie wettige en onwettige aksies om doelwitte te bereik, of alternatiewe om behoeftes te bevredig, oorweeg word. Die voordele (beloning) en die nadele (koste of gevolge) van die verskillende gedragsopsies word oorweeg, waarna die handeling wat die meeste voordele

inhou, uitgevoer word (Cornish & Clarke, 1986:3). Alhoewel psigologiese asook sosiale en demografiese faktore, opvoeding en vorige leerervarings 'n individu kan predisponeer om by misdaad betrokke te raak, is hierdie veranderlikes nie noodwendig kriminogeen van aard nie (Clarke & Cornish, 1985:167). Hierdie faktore dra slegs by tot 'n "gereedheid" of 'n ontvanklikheid vir misdaad, wat impliseer dat die individu onder die regte omstandighede misdaad sal pleeg.

Indien die keuse om te oortree die beste keuse onder bepaalde omstandighede is, moet daar in die tweede instansie 'n keuse gemaak word met betrekking tot die tipe misdaad wat gepleeg sal word. Die potensiële voor- en nadele van verskillende misdade word teen mekaar opgeweeg, waarna die individu op 'n spesifieke misdaad besluit (Goldkamp, 1987: 132). In hierdie verband wys Clarke en Cornish (1985:170) daarop dat alternatiewe nie noodwendig elke keer in ag geneem word wanneer 'n misdaad gepleeg word nie.

Verdere besluitnemingsprosesse sluit teikenseleksie en 'n keuse met betrekking tot *modus operandi* in (Johnson & Payne, 1986:171). Volgens Cornish en Clarke (1987:942) vind 'n soortgelyke vergelykingsproses plaas wanneer potensiële slagoffers of teikens vergelyk word. Besluite met betrekking tot die voortsetting en/of staking van misdadige gedrag word verder ook gebaseer op 'n kostevoordeelanalise, waartydens bestaande alternatiewe geher-evalueer word (Cornish & Clarke, 1986:12).

Verskillende faktore word tydens die onderskeie stadia van misdaadbetrokkenheid oorweeg en die inligting wat individue tot hulle beskikking het, varieer ook van geval tot geval. Alle individue evalueer dus nie belonings en risiko's op dieselfde wyse nie en dit kan gebeur dat 'n buitestaander (vanweë die feit dat die koste oënskynlik die beloning van misdaad oorskry) die misdadiger se besluit as irrasioneel beskou. Die misdadiger kan egter op daardie stadium die beste keuse in die bepaalde omstandighede uitoefen of na sy of haar oordeel "redelik" of rasioneel optree (Morrison & O'Donnell, 1994:11).

Cornish en Clarke (1987:942) wys in aansluiting hierby daarop dat elke besluit wat die misdadiger neem (ongegag hoe elementêr die prosesse mag wees), wel 'n mate van rasionaliteit toon. Hierdie rasionaliteit kan egter deur faktore soos gemoedstemming, motief, morele oordele, persepsie van die misdaadgeleentheid asook die gebruik van substansies wat afhanklikheidsvormend is soos alkohol en dwelmmiddels, beïnvloed word (Bennett & Wright, 1984:152; Walsh, 1986:41). Die beskikbaarheid van inligting (bv. wanneer die misdadiger nie alle relevante faktore in aanmerking neem nie, die moontlikheid vir arrestasie onderskat of nie

van misdaadsanksies kennis dra nie), die beskikbare tyd asook die kognitiewe vermoë van die misdadiger om inligting te verkry of te prosesseer, is enkele ander veranderlikes wat rasionaliteit kan beïnvloed. Meer aandag kan byvoorbeeld ook aan minder belangrike inligting geskenk word, die individu kan 'n "kortpad" in die prosessering van inligting neem, terwyl groepbesluitneming ook 'n rol kan speel (Clarke & Cornish, 1985:160). Op grond hiervan verkies Cornish en Clarke (1987:942) om van sagte determinisme of beperkte rasionaliteit te praat. Die oortreder word met ander woorde beskou as 'n ingeligte prosesseerder met 'n beperkte vermoë wat kan foute maak.

Rasionaliteit (hoewel beperk) is egter nie net ter sprake wanneer individue aanvanklik kies om by misdaad betrokke te raak, daarmee te volhard of dit te staak nie, maar ook wanneer 'n spesifieke misdaad gepleeg word (Schmallegger, 1996:483). Alhoewel aanvanklike kriminele betrokkenheid belangrik is, is die onmiddellike besluit om 'n spesifieke misdaad te pleeg, in die onderhawige studie van meer belang. Die situasionele faktore of omstandighedsveranderlikes wat moontlik 'n rol kan speel in die besluit om 'n spesifieke slagoffer se motorvoertuig te kaap, sal vervolgens aandag geniet.

2.3.1.3 Toepassing van die rasonele-keuseperspektief op motorvoertuigkaping

Volgens Cook (1976:173) en Walsh (1986:48) is die meeste rowers selektief in die keuse van teikens en oefen hulle sekere strategiese keuses uit ten einde die suksesvolle voltooiing van die misdaad te verseker. Roof en gevolglik ook motorvoertuigkaping, kan dus beskou word as die resultaat van 'n rasonele berekeningsproses waartydens 'n kostevoordeel-analise van die misdaadsituasie gedoen word. Feeney (1986:55) maak melding van 'n psigiese berekening ("mental calculus") wat ter sprake is wanneer 'n individu dit oorweeg om 'n roof te pleeg, terwyl Normandeau (1968:133), wat verskeie polisie-dossiere met betrekking tot roof bestudeer het, die volgende poneer:

No man would rob that which he was sure he could not keep; no man would, by a voluntary act, deprive himself of liberty; no man would expose himself to certain disgrace and infamy without the possibility of gain.

Bogenoemde in ag genome asook empiriese navorsing wat bevestig dat rowers in die algemeen die omstandighede en vooruitsigte van roof versigtig oorweeg en roofvoorvalle gewoonlik beplan (Curtis, 1974; Feeney & Weir, 1974; Timrots & Rand, 1987), dien as voldoende gronde vir die toepassing van die rasonele-keuseperspektief op motorvoertuig-kaping.

Cornish en Clarke (1987:933) beklemtoon dat indien navorsers misdadige keuses wil analiseer, hulle die onmiddellike omstandighede wat tydens misdaad ter sprake is, moet assessee. Hulle verwys in hierdie verband na die sogenaamde keuse-strukturering-eienskappe ("choice-structuring properties") wat 'n individu se besluit om 'n spesifieke misdaad te pleeg, kan beïnvloed. Enkele faktore wat moontlik met motorvoertuigkaping verband hou en as fasiliteerders of as inhibeerders vir die pleeg van die misdaad kan dien, geniet vervolgens aandag.

2.3.1.3.1 Fasiliterende faktore

Volgens Cornish en Clarke (1987:940) is die beloning wat met 'n spesifieke misdaad geassosieer word, een van die belangrikste fasiliteerders vir misdaadpleging. Conklin (1998: 308) wat hiermee akkoord gaan, wys daarop dat belonings instrumenteel of ekspressief van aard kan wees. Die ekonomiese voordeel wat 'n spesifieke misdaad inhou asook ekspressiewe belonings soos opwinding, respek binne die portuurgroep en/of 'n gevoel van mag wat die misdadiger deur misdaadpleging verkry, kan as versterking of motivering vir die optrede dien (Kroese & Staring, 1994:3).

Alhoewel motorvoertuie soms vir vervoerdoeleindes of die pleeg van 'n ander misdaad gekaap word, is die primêre motief meestal ekonomies van aard. Volgens Wright en Rossi (1986:143) kan die finansiële voordele wat 'n misdaad soos motorvoertuigkaping inhou, as 'n belangrike aansporingsmeganisme vir misdaadpleging dien. Indien in ag geneem word dat kapers (of "runners" soos hulle ook bekend staan) tussen R5 000 en R10 000 per motor-voertuig betaal word en sindikaatslede tussen 60% tot 70% van die markwaarde van gekaapte motorvoertuie ontvang, is dit te begrype dat motorvoertuigkaping een van die belonendste loopbaanmoontlikhede geword het (Clarke, 1997:26).

Die geleenthede vir misdaadpleging in terme van die beskikbaarheid, kwesbaarheid en toeganklikheid van teikens, is verdere faktore wat misdaadpleging kan fasiliteer (Cornish & Clarke, 1987:940). Die groter beskikbaarheid van eiendom soos motorvoertuie kan tot meer geleenthede vir misdaadpleging lei (Conklin, 1972:88; Goldkamp, 1987:132; Mayhew, Clarke, Sturman & Hough, 1976:3; Vito & Holmes, 1994:79). Alhoewel 'n oorfloed van eiendom meer geleenthede vir misdaad skep, kan skaarste (bv. 'n vraag na onderdele van ou motorvoertuie) die waarde van 'n motorvoertuig verhoog en gevolglik ook as 'n aansporings-meganisme dien (Gould, 1969:51, 57). Die kwesbaarheid van die slagoffer, byvoorbeeld in terme van sy of haar

demografiese eienskappe (vgl. die tipologieë van Von Hentig en Van der Westhuizen, afd. 2.1.2 en 2.1.5), die tipe motor wat die individu bestuur asook die persoon se nie-bewustheid van of swak ingesteldheid op die risiko van motorvoertuigkaping, kan enersyds die individu se toeganklikheid as teiken verhoog en andersyds viktimisasie fasiliteer.

Die hulpbronne wat die potensiële misdadiger tot sy of haar beskikking het om misdaad te pleeg, kan ook as aansporing vir misdaad dien (Cornish & Clarke, 1987:940; Gould, 1969:51; Kroese & Staring, 1994:4). Die beskikbaarheid van wapens, medewerkers, ont-vangers van gekaapte goedere ("fences") asook 'n goeie mark vir gekaapte motorvoertuie, is enkele aspekte wat hier ter sprake is. Conklin (1972:110-112) wys byvoorbeeld op die instrumentele waarde van 'n wapen en meld dat 'n vuurwapen meestal 'n immobiliserende uitwerking op 'n slagoffer het. Wright en Rossi (1986:5) sluit hierby aan deur daarop te wys dat die gebruik van vuurwapens sowel die geantisipeerde voordele as die geantisipeerde koste verbonde aan misdaadpleging wysig. Enersyds verhoog 'n hulpbron van hierdie aard die kans op suksesvolle uitvoering van die misdaad en verminder dit die moontlikheid van slagofferweerstand, terwyl dit andersyds die risiko vir straf verhoog indien die oortreder gevang word.

Enige gedrag van die slagoffer wat die potensiële misdadiger kan motiveer om sy of haar motorvoertuig te kaap, kan ook as fasiliterend vir misdaadpleging beskou word. Nalatigheid, 'n ongeërgde houding, aanhitsing, en/of samewerking, is enkele wyses waarop die slagoffer direk of indirek, bewustelik of onbewustelik, motorvoertuigkaping kan bevorder.

Alhoewel die moontlikheid van arrestasie en vervolging 'n inhiberende invloed op misdaadpleging het en gevolglik ook onder die opskrif bespreek sal word, dien gemeld te word dat 'n geringe kans op arrestasie, misdaadpleging kan fasiliteer. In hierdie verband wys Holzman (1982:244) daarop dat lae arrestasiesyfers asook die feit dat slegs 'n klein persentasie van diegene wat wel gearresteer word skuldig bevind word, daartoe lei dat hierdie aspek eerder as 'n fasiliteerder as 'n inhibeerder beskou kan word. Beekman en Daly (1990:16) onderskryf bogenoemde en poneer in aansluiting hiermee die volgende: "The low apprehension, prosecution and conviction rate of criminals make crime a booming industry, with high profits and low risks".

2.3.1.3.2 Inhiberende faktore

Die potensiële misdadiger se persepsie van die risiko vir arrestasie en vervolging asook die sekerheid en aard van die straf wat opgelê kan word indien die oortreder gevang word, is een

van die belangrikste faktore wat die pleeg van 'n misdaad soos motorvoertuigkaping kan inhibeer (Carroll, 1978:1514; Cornish & Clarke, 1987:940; Gabor et al., 1987:65; Tibbetts, 1997:237; Tuck & Riley, 1986:158). Alhoewel navorsers soos Feeney (1986:60-61) asook Wright en Rossi (1986:143) meen dat rowers meestal nie arrestasie as 'n risikofaktor oorweeg nie, toon die meer resente navorsing van Morrison en O'Donnell (1994:55) dat die meeste rowers die aanwesigheid van hierdie risiko erken. Hoewel Conklin (1998:305) die standpunt onderskryf, wys hy daarop dat die kostevoordeelanalise deur veranderlikes soos ouderdom beïnvloed kan word. Jong eiendomsmisdadigers en/of eerste oortreders is dikwels impulsief en toon in teenstelling met ouer en meer professionele misdadigers wat voor- en nadele meer rasioneel teen mekaar opweeg, 'n ongeërgde houding ten opsigte van straf. Selfs gevangesetting word dikwels bloot gesien as 'n tydelike terugslag wat as waarskuwing dien om in die toekoms meer versigtigheid aan die dag te lê (Gabor et al., 1987:67; Kroese & Staring, 1994:4; Tuck & Riley, 1986:158). Die navorsing van Carroll (1978:1519) waarby volwasse en jeugdige oortreders asook nie-misdadige individue betrek is, het getoon dat 41% van die respondente ag slaan op die moontlikheid van arrestasie, 60% die kans op sukses oorweeg, 67% die moontlikheid van straf evalueer, terwyl 84% die potensiële beloning (die hoeveelheid geld) wat misdaadpleging inhou, as belangrik beskou. Volgens Carroll en Weaver (1986:23) dui hierdie navorsing daarop dat die moontlikheid vir arrestasie en straf nie noodwendig geïgnoreer word nie, maar dat die ekonomiese waarde wat misdaad inhou net van groter belang is. Die beloning wat die misdaad inhou weeg dus swaarder as die gevolge daarvan. Volgens Conklin (1998:307) kan dit moontlik toegeskryf word aan die feit dat beloning onmiddellik realiseer, terwyl die koste meer onseker en in die toekoms geleë is.

Enkele ander faktore wat 'n misdaad soos motorvoertuigkaping moontlik kan inhibeer, is die teenwoordigheid van omstanders (vgl. afd. 2.3.2.2), en/of patrollie-eenhede soos die hoof-wegpatrollie. (In afdeling 3.5.2 word meer hierop uitgebrei.) Moontlike identifikasie deur die slagoffer asook die teenwoordigheid van meer as een passasier in 'n motorvoertuig, kan moontlik ook 'n potensiële misdadiger daarvan weerhou om 'n spesifieke motorvoertuig te kaap (Clarke, 1996:334; Goldkamp, 1987:132; Maree, 1995:171).

Die fisieke gevaar wat 'n misdaad soos motorvoertuigkaping inhou of die kans dat die misdadiger fisiek beseer of gedood kan word tydens konfrontasie met die slagoffer, is 'n verdere faktor wat 'n potensiële misdadiger in gedagte moet hou wanneer beplan word om 'n motorvoertuig te kaap (Conklin, 1998:304, 323; Morrison & O'Donnell, 1994:54). Die moontlikheid dat 'n slagoffer weerstand kan bied asook die instrumentele geweld wat benodig word om die slagoffer van sy of haar eiendom (motorvoertuig) te beroof, is twee veranderlikes

wat hier ter sprake is. Vanweë die feit dat die slagoffer se gedrag onvoorspelbaar is en nie deur die misdadiger beheer kan word nie, is weerstand een van die belangrikste faktore wat die sukses van 'n misdaad soos motorvoertuigkaping kan bepaal (Block & Skogan, 1986:248; Glick, 1995:219).

Morele oorwegings is 'n verdere belangrike faktor wat 'n individu kan weerhou om misdaad te pleeg (Cornish & Clarke, 1987:940; Tibbetts, 1997:237; Vito & Holmes, 1994:7). (Hierdie aspek geniet in afdeling 2.3.3 verder aandag.)

2.3.1.3.3 Verdere faktore wat tydens kostevoordeelanalise ter sprake is

Die mate van beplanning, kennis, vaardighede asook die toerusting of instrumente wat benodig word om 'n misdaad te pleeg, is verdere faktore wat besluitneming kan beïnvloed (Clarke, 1996:334; Conklin, 1998:304). In afdeling 1.3.1 is gemeld dat die gespesialiseerde sekuriteitsmaatreëls wat teenswoordig in motorvoertuie geïnstalleer word, daartoe lei dat potensiële oortreders motorvoertuigroof bo -diefstal verkies. Die feit dat geen spesiale vaardighede benodig word om 'n motorvoertuig te kaap nie; die misdadiger onmiddellik toegang tot die eiendom kan verkry; min voorbereiding vir die misdaad nodig is en die slagoffer ontvoer kan word om teenkapingsmeganismes te ontkoppel, kan selfs as aansporing vir die pleeg van die misdaad dien. Die moeite verbonde aan die pleeg van die misdaad, oftewel die gemak waarmee 'n motorvoertuig gekaap kan word asook die kans op sukses, is aspekte wat besluitneming betekenisvol kan beïnvloed (Gould, 1969:51; Hirschi, 1986:116). Ter ondersteuning hiervan wys Snow (1995:80) daarop dat die publisiteit met betrekking tot suksesvolle kapings, misdaadkoerse betekenisvol beïnvloed: "At first there were only a handful of cases in large cities, but the widespread publicity about its success quickly spread across the country, and carjacking soon became a national problem".

Vorige ervaring is 'n verdere belangrike veranderlike wat 'n potensiële misdadiger kan motiveer of afskrik om 'n spesifieke misdaad te pleeg. Indien 'n kaper een suksesvolle roof uitgevoer het, is die kans goed dat hy of sy weer 'n motorvoertuig sal roof. Die rede hiervoor is dat individue geneig is om gedrag wat positiewe gevolge inhou te herhaal (Gabor et al., 1987:122). In hierdie verband benadruk Cornish en Clarke (1986:164), Gabor en Normandeu (1989:275) asook Holzman (1982:244) dat misdadigers tydens en na misdaadpleging eerstehandse kennis met betrekking tot die risiko's, gevolge en implikasies van wetsoortreding opdoen.

Die tyd en plek van misdaadpleging is ook noodsaaklike veranderlikes wat in ag geneem

behoort te word wanneer besluit word om 'n misdaad te pleeg. 'n Potensiële kaper kan byvoorbeeld verkies om motorvoertuie in spitsverkeer te kaap wanneer die slagoffers se ontvlugtingsmoontlikhede beperk is en opsporing deur die polisie bemoeilik word. In teenstelling hiermee kan 'n kaper dit verkies om slagoffers op verlate plekke te verras ten einde die inmenging van bystanders te voorkom (Kroese & Staring, 1994:4).

Bogenoemde faktore, asook die inhiberende en fasiliterende faktore wat bespreek is, is slegs enkele faktore wat 'n individu se besluit om 'n motorvoertuig te kaap en/of 'n spesifieke teiken (slagoffer/motorvoertuig) te selekteer, kan beïnvloed. Alhoewel die besluitnemings-prosesse wat die pleeg van 'n spesifieke misdaad direk voorafgaan van korter duur is as die prosesse wat tydens aanvanklike kriminele betrokkenheid ter sprake is, is hierdie prosesse net so kompleks soos in die geval van laasgenoemde (Cornish & Clarke, 1986:2).

2.3.1.4 Evaluering van die rasonele-keuseperspektief

Volgens Conklin (1998:564) is die waarde van die rasonele-keuseperspektief geleë in die feit dat misdaad beskou word as die resultaat van bewuste rasonele keuses en besluite waartydens die kostes, geleenthede en voordele verbonde aan misdaadpleging oorweeg word. Die beklemtoning van kostevoordeelanalises en strategiese denkprosesse wat voor en tydens misdaadpleging ter sprake is, dra by tot beter begrip vir kriminaliteit in die breë. Die rede waarom individue aanvanklik by misdaad betrokke raak asook waarom daar besluit word om 'n spesifieke misdaad te pleeg en/of een teiken bo 'n ander te selekteer, kan ook met behulp van die rasonele-keuseperspektief verklaar word (Clarke, 1996:335; Cornish & Clarke, 1986:10; Feeney, 1986:67; Trasler, 1986:2). In aansluiting hierby meld Holzman (1982:245-246) dat die rasonele-keuseperspektief buigsaam genoeg is om op sowel aanvanklike misdaadbetrokkenheid as op die staking van misdadige aktiwiteite toegepas te word. 'n Kaper kan byvoorbeeld op 'n gegewe tydstop van mening wees dat die voordele nie meer die koste van misdaadpleging oorskry nie en besluit om misdadige aktiwiteite te staak.

Die kostevoordeelanalise waarna die rasonele-keuseperspektief verwys, bied ook antwoorde op vrae soos waarom 'n andersins wetsgehoorsame burger eenmalig 'n misdaad pleeg en waarom daar 'n verandering in misdadige beroepe plaasvind (Trasler, 1986:2). Die verskuiwing van motorvoertuigdiefstal na motorvoertuigkaping (vgl. afd. 2.3.1.3.3) kan ook op hierdie wyse verklaar word.

Eksponente van die rasonele-keuseperspektief gee ook erkenning aan die feit dat

besluitnemingsprosesse van misdadiger tot misdadiger en van een misdaadsituasie tot die volgende kan verskil (Maree, 1995:63). Daar word ook beklemtoon dat spesifieke misdade spesifieke behoeftes bevredig en dat die situasionele konteks van besluitneming asook die inligting wat tydens keuses oorweeg word, van een oortreding tot die volgende verskil (Cornish & Clarke, 1986:2).

Die onmiddellike omstandighede of situasionele faktore wat besluitneming beïnvloed, dien as 'n fokuspunt van die perspektief wat in die onderhawige studie gebruik sal word om die rol van slagoffervatbaarheid en -aandadigheid in motorvoertuigkapings te verklaar. Die feit dat Clarke en Cornish (1985:174) daarop wys dat geeneen van die “dominante” kriminologie-teorieë situasionele veranderlikes in ag neem nie, maak die perspektief dus waardevol om die navorsing te rig.

Lyman en Potter (1997:62) wys daarop dat die rasonele-keuseperspektief 'n verklaring bied vir die feit dat individue somtyds gedrag openbaar wat ooglopende nadele of die potensiaal vir fisieke besering, arrestasie en vervolging inhou. Die perspektief laat egter ook ruimte vir straf indien 'n misdadiger wel gearresteer word. Vanweë die feit dat misdadigers 'n doelbewuste besluit neem om misdaad te pleeg, moet hulle ook verantwoordelikheid vir hulle dade kan aanvaar en daarvoor gestraf word. Verantwoordelikheid word in die rasonele-keuseperspektief ook indirek op die potensiele slagoffer geplaas om sy of haar risiko vir viktimisasie (bv. die kaping van 'n motorvoertuig) te erken en voorkomingsmaatreëls te tref ten einde misdaadpleging te voorkom.

Holzman (1982:245) vestig verder die aandag daarop dat een van die belangrikste redes vir mislukte misdaadvoorkomingsaksies in die verlede, geleë was in die feit dat biologiese, sosiale en psigologiese oorsake oorbeklemtoon is, terwyl die onmiddellike omstandighede van misdaadpleging (persoonlik en in die omgewing) op die agtergrond geskuif is. In hierdie verband wys hy daarop dat die beklemtoning van situasionele faktore tydens misdaadpleging, soos aangebied deur die rasonele-keuseperspektief, 'n bruikbare raamwerk vir misdaadvoorkoming kan bied. Ter ondersteuning van bogenoemde bevestig Cornish en Clarke (1987:943) dat kennis van besluitnemingsprosesse en keuse-struktureingeienskappe wat tydens verskillende misdade ter sprake is, voordelig vir die ontwikkeling van misdaadvoorkomingstrategieë aangewend kan word.

Clarke (1983:232-233) meen dat die rasonele-keuseperspektief veral as rasionaal kan dien vir situasionele misdaadvoorkomingsprogramme waar die onmiddellike omgewing gemani-puleer

word om viktimisasie soos motorvoertuigkaping te voorkom. Deur byvoorbeeld individue bewus te maak van hulle kwesbaarheid asook die wyse waarop hulle direk of indirek tot viktimisasie bydra, kan geleenthede vir motorvoertuigkapings aansienlik verminder word. Die moeite, koste of nadele verbonde aan misdaadpleging kan ook geaksentueer word (Clarke, 1996:335; Conklin, 1998:543; Cornish & Clarke, 1986:155; Goldkamp, 1987:126, 132). Misdaadfasiliteringsfaktore soos die beskikbaarheid van wapens kan byvoorbeeld beheer word, terwyl teikenverharding, soos die installering van opsporing- en herwinningstelsels, ook van waarde kan wees. Die risiko vir arrestasie en vervolging kan verhoog word deur die teenwoordigheid van omstanders (bv. georganiseerde buurtwag-programme) en patrollies te verhoog. Bennett (1986:85) wat bogenoemde onderskryf, wys daarop dat genoemde strategieë misdadigerbesluitneming kan manipuleer en daartoe kan lei dat rasionele misdadigers hulle beoordeling van die voor- en nadele van misdaadpleging kan wysig.

Volgens Vito en Holmes (1994:79) hou die aannames van die rasionele-keuseperspektief ook die moontlikheid van rehabilitasie in, aangesien rasionele misdadigers aan rehabilitasie-programme sal deelneem wat die meeste persoonlike voordeel bied. Rehabilitasieprogramme kan ook gekoppel word aan die voordele wat met wetsgehoorsame gedrag gepaard gaan. Norrie (1986:218) som bogenoemde soos volg op: "(It offers a broad framework within which a wide variety of short-term and long-term policies - social, preventative, rehabilita-tive, situational, and deterrent - in relation to criminal behavior could be explored".

Die rasionele-keuseperspektief word egter ook op grond van verskeie faktore gekritiseer. Hirschi (1986:105) en Schmallegger (1996:483) argumenteer byvoorbeeld dat die rasionele-keuseperspektief te veel klem lê op individuele keuse en te min aandag skenk aan biologiese, sosiale, psigologiese en ekonomiese faktore wat meermale die werklike oorsaak van misdaad is. Dieselfde kritiek waaraan die Klassieke Skool in die kriminologie blootgestel was, naamlik dat die aannames te indeterministies van aard is, kan dus ook teen die rasionele-keuseperspektief ingebring word. Clarke en Cornish (1985:178) het egter reeds op 'n vroeë stadium in die ontwikkeling van hulle uitgangspunte gepostuleer dat "decision-making concepts can be used for the purposes of constructing good enough theories without necessarily being firmly committed to a particular position in the free will/determinism debate". Glaser (1977:488) meld ter ondersteuning hiervan dat "both free will and determinism are socially derived linguistic representations of reality brought into play for different explanatory purposes at different levels of analysis and they may usefully co-exist in the scientific enterprise". Alhoewel die rol van slagoffervatbaarheid en slagoffer-aandadigheid tydens kapings asook die *modus operandi* van die oortreder die fokus van die ondersoek is en situasionele faktore en misdadige keuses van

belang is, word die invloed van biologiese, sosiale, psigologiese en ekonomiese faktore wat 'n individu kan predisponer om 'n motorvoertuig te kaap, egter ook erken.

Kritiek word verder geopper ten opsigte van die feit dat die eksponente van die rasionele-keuseperspektief die misdadiger intellektueel as meer gesofistikeerd beskou as wat hy of sy in werklikheid is (Hirschi, 1986:105). Volgens Schmalleger (1996:483) beskik individue nie altyd oor die vermoë om rasionele besluite te neem nie. Indien misdadige gedrag geheel en al rasioneel was, sou swaar strawwe daartoe kon lei dat misdaad, ten minste in beginsel, voorkom kan word.

Trasler (1986:20) beklemtoon egter in reaksie op bogenoemde kritiek, dat die leer van die rasionele-keuseperspektief erkenning gee aan die feit dat besluitneming nie altyd heeltemal rasioneel is nie. Clarke (1983:231) meld byvoorbeeld dat individue se vermoë, kapasiteit en bereidheid om inligting te verkry of te verwerk verskil en dat daar veral gereageer word op bestaande besluite ("standing decisions"). Die aanvanklike besluit om misdaad te pleeg dien dus as basis vir besluitneming, sonder dat die voor- en nadele van misdaadpleging voor elke misdaad teen mekaar opgeweeg word. Hy wys verder daarop dat dit kan gebeur dat omstandighede verander en die misdadiger op grond van bestaande besluite die verkeerde besluit kan neem. Glick (1995:85) konstateer verder dat misdadigers nie oor 'n "kristalbal" beskik wat die voor- en nadele van misdaadpleging kan uitwys nie en dat misdadige gedrag meestal deur die individu se persepsie van risiko's en belonings gerig word. Individue kan dus soms onrealisties wees in hulle beoordeling of oorweging van die relatiewe risiko en beloning van misdaad (Tunnell, 1990:673-690). Johnson en Payne (1986:170, 172) wat bogenoemde onderskryf, poneer dat "the picture emerges of a limited information processor, often working under pressure of time, who uses many different strategies to simplify the task of evaluating choice alternatives in the complex environment of everyday life".

Kritiek word verder geopper teen die feit dat die rasionele-keuseperspektief nie voorsiening maak vir misdade wat op die ingewing van die oomblik gepleeg word nie (Vito & Holmes, 1994:78-85). Hoewel Cornish en Clarke (1986:vi) nie die bestaan van irrasionele en/of impulsiewe optredes ontken nie, argumenteer hulle dat selfs misdade wat impulsief gepleeg word of patologies gemotiveerd is, 'n mate van rasionaliteit bevat. Norrie (1986:227) se navorsing bevestig dan ook dat selfs tydens impulsiewe misdade soos wanneer 'n mishan-delde vrou haar man vermoor, 'n rasionele komponent nie noodwendig ontbreek nie. Volgens Tibbetts (1997:237) kan die rasionele-keuseperspektief ook suksesvol op seksuele aanranding en gesinsgeweld toegepas word. Clarke en Cornish (1985:164) onderskryf bogenoemde deur

daarop te wys dat sekere predisponerende faktore 'n individu kan dryf tot by 'n punt waar misdaad 'n realistiese handelswyse word. Johnson en Payne (1986:170) wat hiermee akkoord gaan, wys daarop dat

a considered decision process may underlie many criminal acts. This is particularly true if you allow for a current, apparently impulsive criminal act, such as shoplifting, to be the result of a prior decision to consider shoplifting in certain circumstances.

Indien dit dus wel moontlik is vir 'n individu om 'n motorvoertuig op die ingewing van die oomblik te kaap, is die aksie meestal die resultaat van 'n bestaande besluit of 'n vorige oorweging om in sekere omstandighede of wanneer die situasie hom voordoen, 'n motor-voertuig te kaap.

Die rasonele-keuseperspektief gaan volgens Akers (1990:671) en Schmallegger (1996:483) ook mank aan erkenning van die rol van moraliteit in kostevoordeelanalises en uiteindelijke misdaadpleging. (Hierdie aspek sal in die bespreking van Fattah se sintesebenadering, afd. 2.3.3, verder aandag geniet.)

Conklin (1998:305) waarsku dat die rasonele-keuseperspektief nie gebruik kan word om voorspellings te maak nie, aangesien individue nie belonings en risiko's op dieselfde wyse bereken nie. Alhoewel die benadering misdaadvoorkomingswaarde inhou, beklemtoon Vito en Holmes (1994:79) dat beleidmakers en voorkomingspesialiste kennis behoort te dra van die feit dat 'n verandering van misdaadgeleenthede daartoe kan lei dat misdadigers op 'n innoverende wyse die misdaad sal verplaas. Maree (1995:39-40) benadruk dat selfs indien 'n afname in misdaad as gevolg van spesifieke voorkomingstrategieë bespeur word, die moontlikheid van verplasing in ag geneem behoort te word. Cornish en Clarke (1987:934) asook Morrison en O'Donnell (1994:10) wys daarop dat verplasing verskeie vorme kan aanneem. Die algemeenste vorm van verplasing is ruimtelike (territoriale) verplasing wat 'n verskuiwing in terme van plek impliseer. Indien kapers dit byvoorbeeld oorweeg om 'n motorvoertuig op 'n spesifieke plek te kaap en 'n patrolliemotor in die area opmerk, kan hulle besluit om na 'n ander area te beweeg wat nie gepatrolleer word nie.

Temporale verplasing kan ook plaasvind. In hierdie geval word die misdaad op 'n ander tydstip gepleeg. Die misdadiger kan byvoorbeeld wag totdat patrolling gestaak word of ander tye, soos spitsverkeertye, kan geselekteer word ten einde so min as moontlik aandag te trek. In gevalle waar beveiligingsmaatreëls geïmplementeer is om misdaadgeleenthede te beperk, kan teikenverplasing of 'n verskuiwing in teiken ook plaasvind. 'n Individu wat die registrasienommer

van sy of haar motorvoertuig op die deure van die voertuig geveer het en/of 'n opsporings- en herwinningstelsel laat installeer het, is byvoorbeeld 'n minder kwesbare teiken. Dit kan daartoe bydra dat die misdadiger besluit om eerder 'n ander motorvoertuig te kaap.

Funksionele verplasing waar die misdadiger besluit om 'n ander misdaad te pleeg (bv. motorvoertuigkaping in plaas van motorvoertuigdiefstal) of om 'n ander *modus operandi* te volg, kan ook voorkom. In laasgenoemde geval kan 'n misdadiger byvoorbeeld van mening wees dat die risiko vir arrestasie laer en die moontlikheid vir sukses groter is indien 'n potensiële slagoffer by sy of haar huis, eerder as in 'n besige straat, ingewag word. Ten spyte van bogenoemde kritiek, bevestig die verplasing van misdade dat misdadigers op 'n doelbewuste en rasonele wyse teikens selekteer (Hirschi, 1986:116).

Die rasonele-keuseperspektief is 'n resente perspektief wat verdere navorsing regverdig. Clarke (1983:231) beklemtoon ook dat misdadigers se persepsies van misdaadgeleenthede asook hulle assessering van die risiko om gevang te word, empiries ondersoek behoort te word. Aspekte soos misdadigers se motiewe en intensies, hulle gevoelens, morele oordele en tegnieke van neutralisering asook denkpatrone eie aan misdadigers, is enkele aspekte wat verdere ondersoek regverdig. Carroll en Weaver (1986:33) asook Kempf (1986:187) beklemtoon in aansluiting hierby dat afsonderlike besluitnemingsmodelle ontwikkel behoort te word vir die verklaring van aanvanklike deelname aan misdaad, die seleksie van spesifieke teikens en die misdadiger se besluit om misdaad te staak.

Alhoewel verskeie navorsers (Bennett & Wright, 1984; Carroll & Weaver, 1986; Feeney, 1986; Nagin & Paternoster, 1993; Tunnell, 1990) die rasonele-keuseperspektief suksesvol op misdade soos inbraak, winkeldiefstal, roof, diefstal en dronkbestuur toegepas het, is meer navorsing met betrekking tot die toepassing van die perspektief op geweldsmisdade nodig (Akers, 1990:663; Cornish & Clarke, 1986:14). Vanweë die feit dat die benadering ook op inkomstebelastingontduiking van toepassing gemaak is, kan die perspektief ook gebruik word om witboordjiemisdade te verklaar (Tibbetts, 1997:237).

Die evaluering van die rasonele-keuseperspektief toon dat dit, ten spyte van bogenoemde kritiek, 'n nuttige raamwerk kan bied waarbinne bestaande teorieë geïnkorporeer kan word om misdadige gedrag soos motorvoertuigkaping te verklaar. Cornish en Clarke (1986:viii) konstateer in hierdie verband die volgende:

It does provide ... a way of pulling together many diverse strands of criminological theory and

research. It also provides both a fresh agenda for empirical enquiry concerning offender's perspectives and we believe the prospect of new light on the likely effects of various crime-control policies.

Vanweë die feit dat oortreders se perspektiewe (of sienings) van slagoffervatbaarheid en slagofferaandadigheid asook aspekte wat hulle besluit of keuse om misdaad te pleeg beïnvloed, in die onderhawige studie van belang is, kan die teorie met vrug gebruik word.

Die belangrikste bydrae van die benadering, is geleë in die feit dat dit in enige sosiale konteks van toepassing gemaak kan word. Die rasonele-keuseperspektief is volgens Akers (1990:654) juis om hierdie rede besig om akademies gesproke, "daaglik" meer aanhangers te kry: "Rational choice may be on the verge of becoming for the 1980s and 1990s, what neo-Marxist perspectives were in the 1970s, as it spreads to virtually all social science disciplines and law". Bartollas (1997:116) wat die voorafgaande onderskryf, meld dat "rational choice theory ... is one of the hottest topics in the 1990s in criminology, sociology, political science, and law".

2.3.2 Roetine-aktiwiteitsbenadering

Die ontwikkeling van die roetine-aktiwiteitsbenadering, wat in 'n groot mate ook op situasionele faktore tydens misdaadpleging fokus en viktimisasierisiko kan verklaar, geniet vervolgens aandag.

2.3.2.1 Historiese agtergrond

Die roetine-aktiwiteitsbenadering het beslag gekry in die werke van André Michael Guerry en Adophe Quetelet wat reeds gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu reëlmatige patrone in die verspreiding van misdadige gedrag geïdentifiseer het (Messner & Tardiff, 1985:241). Die konsentriese sonemodel van Robert Park en Ernest Burgess (wat in die vroeë 1920's op die ruimtelike verspreiding van misdaad gewys het) asook die werk van Clifford Shaw en Henry McKay (wat gedurende 1942 'n betekenisvolle verband tussen sosiale disorganisasie, ekologie en misdaad aangetoon het), het verder beslag gegee aan die ontwikkeling van die roetine-aktiwiteitsbenadering (Kennedy & Forde, 1990:208; Kennedy & Silverman, 1988:1; Schmallegger, 1996:238; Vito & Holmes, 1994:141).

Idees is ook oorgeneem uit die menslike ekologieteorie van Amos Hawley wat gedurende die 1950's daarop gewys het dat roetine-aktiwiteite 'n noodsaaklike deel van individue se daaglikse

bestaan uitmaak en dat hierdie aktiwiteite tydruimtelik versprei is (Sherman, Gartin & Buerger, 1989:31; Williams & McShane, 1994:222). Gebaseer op hierdie teorie, ontwikkel Marcus Felson en Larry Cohen in 1979 die roetine-aktiwiteitsbenadering wat bepaal dat roetine-aktiwiteite en lewenstyl betekenisvol bydra tot sowel die hoeveelheid as die tipe misdaad wat in 'n spesifieke samelewing voorkom (Messner & Tardiff, 1985:241).

2.3.2.2 Uitgangspunte van die roetine-aktiwiteitsbenadering

In teenstelling met die tradisionele positivistiese beklemtoning van oortrederkenmerke, misdadige geneigdheid en aspekte wat individue motiveer om 'n spesifieke misdaad te pleeg, fokus die roetine-aktiwiteitsbenadering op die omstandighede waaronder individue misdaad pleeg (Cohen & Land, 1987:43). Volgens Cohen en Felson (1979:588) word daar nie gekyk waarom sekere individue geneig is om misdaad te pleeg nie, maar hoe die tydruimtelike ("spatio-temporal") organisering van sosiale aktiwiteite daartoe kan bydra dat misdadige geneigdheid in misdadige aksies omgesit word.

Die roetine-aktiwiteitsbenadering gaan van die standpunt uit dat misdaad die produk of resultaat is van 'n geleentheid wat hom voordoet in sosiale aktiwiteite wat daaglik op straat plaasvind (Kennedy & Baron, 1993:92). Hierdie aktiwiteite wat ook as roetine-aktiwiteite bekend staan, word deur Cohen en Felson (1979:593) omskryf as "any recurrent and prevalent activities which provide for basic population and individual needs, whatever their biological or cultural origins". Formele werk, die voorsiening van voedsel en huisvesting, bevrediging van seksuele behoeftes, ontspanning, sosiale interaksie, leer en kinderopvoeding, word hierby ingesluit. Roetine-aktiwiteite en veral veranderinge in aktiwiteitspatrone bied dikwels geleentheid vir misdaad of verhoog die potensiaal vir viktimisasie, aangesien dit daartoe kan lei dat drie elemente, naamlik 'n gemotiveerde oortreder, 'n geskikte teiken en die afwesigheid van beskerming op 'n gegewe plek en sekere tyd bymekaar kom (Cohen & Felson, 1979:592).

Volgens Cohen en Felson (1979:589) is die afwesigheid van enige van die drie elemente voldoende om die suksesvolle voltooiing en/of pleeg van veral direkte kontak roofsgtige misdaad ("direct contact predatory crime") te laat faal. Die saamvloei van laasgenoemde twee elemente, naamlik 'n geskikte teiken en die afwesigheid van beskermers of beskerming, kan selfs lei tot 'n toename in misdaad sonder dat die toestande wat misdadigers motiveer om by misdaad betrokke te raak, toeneem. Alhoewel hierdie drie elemente nodig is vir 'n misdaad om plaas te vind, bring die teenwoordigheid van al drie bogenoemde elemente nie noodwendig mee dat 'n individu geviktimizeer sal word nie (Cohen et al., 1981a:646). Hierdie drie elemente geniet

vervolgens aandag.

- **Gemotiveerde oortreder**

Volgens Cohen en Land (1987:43-45) bied bestaande kriminologieteorieë soos byvoorbeeld die teorieë van Merton, Cohen, Cloward en Ohlin, Sutherland en Hirschi asook dié van Sellin en Wolfgang, verklarings vir misdadige gedrag. Aspekte wat 'n individu motiveer om mis-daad te pleeg, word ook in die teorieë aangespreek, met die gevolg dat gemotiveerde oortreders as 'n gegewe in die roetine-aktiwiteitsbenadering aanvaar word.

- **Geskikte teiken**

Vier komponente, naamlik die waarde, fisieke sigbaarheid, toeganklikheid en die "inertia" (gemak waarmee die teiken verkry kan word), dra daartoe by dat 'n teiken deur 'n misdadiger as "geskik" beskou word (Cohen & Cantor, 1980:143). Die finansiële en simboliese waarde van 'n teiken beïnvloed die begeerlikheid daarvan, terwyl die sigbaarheid betrekking het op die waarneembaarheid en/of die risiko om deur potensiële misdadigers raakgesien te word (Dussich & Eichman, 1976:94; Felson & Cohen, 1980:393). Toeganklikheid impliseer die bereikbaarheid asook die gemak waarmee die misdadiger die teiken kan nader sonder om aandag te trek. Inspanningloosheid daarteenoor, verwys na die gemak waarmee die teiken verkry kan word (Cohen et al., 1981a:646). Enige faktor wat dit vir die misdadiger moeilik maak om 'n teiken ('n persoon of eiendom) vir onwettige doeleindes te oorrumpel of in besit te neem, word hierby ingesluit. Die massa van beweegbare eiendom asook 'n slagoffer se vermoë om gewelddadige weerstand te bied, word byvoorbeeld hier in ag geneem (Cohen & Cantor, 1980:143).

Volgens Felson en Cohen (1980:393-394) het roetine-aktiwiteite 'n betekenisvolle invloed op die "geskiktheid" van 'n teiken. Die rede hiervoor is dat 'n geroetineerde patroon van optrede die moontlikheid verhoog dat eiendom en/of individue in sigbare en toeganklike plekke op 'n spesifieke tyd is (Kennedy & Forde, 1990:208).

- **Afwesigheid van beskerming**

Beskerming word deur Felson en Cohen (1980:392) omskryf as "any spatio-temporally specific supervision of people or property by other people which may prevent criminal violations from occurring". Beskerming varieer van formele organisasies wat uitsluitlik vir beskermingsdoeleindes tot stand gebring is tot die blote nabyheid van 'n individu wat persone of

eiendom kan beskerm (Cohen et al., 1981a:646). Enige persoon wat die suksesvolle voltooiing van 'n misdaad as gevolg van blote teenwoordigheid of direkte aksies kan voorkom, kan dus as 'n beskermer beskryf word. Die beskermer hoef nie noodwendig 'n mens te wees nie. In hierdie verband beklemtoon Cohen en Felson (1979:591) dat tegnologiese hulpmiddels ook 'n beskermingsrol kan vervul.

2.3.2.3 Toepassing van die roetine-aktiwiteitsbenadering op motorvoertuigkaping

Conklin (1972:72) is van mening dat 'n groot persentasie van nie-kommersiële roofvoorvalle deur situasionele geleenthede gepresipiteer word. Selfs in gevalle waar rowers spesifieke slagoffers selekteer, skep situasionele geleenthede dikwels omstandighede wat voordelig vir die pleeg van 'n spesifieke misdaad is.

Aangesien die roetine-aktiwiteitsbenadering spesifiek klem lê op situasionele geleenthede wat ontstaan wanneer 'n gemotiveerde oortreder en 'n geskikte teiken, in die afwesigheid van beskerming, op 'n gegewe plek en sekere tyd bymekaar kom, kan die benadering op motorvoertuigkaping toegepas word. Die roetine-aktiwiteitsbenadering fokus ook spesifiek op roofsugtige misdade ("direct contact predatory violations") wat direkte fisieke kontak tussen ten minste een misdadiger en ten minste een ander persoon of objek wat die oortreder in besit wil neem of wil beskadig, impliseer (Cohen & Felson, 1979:589). In hierdie verband bevestig Landau en Fridman (1993:167) dan ook dat beide moord en roof by Cohen en Felson se omskrywing van direkte kontak roofsugtige misdade inpas. Aangesien slagoffervatbaarheid ook 'n belangrike tema in die onderhawige studie is en Cohen en Cantor (1980:143) beklemtoon dat roetine-aktiwiteite 'n individu se risiko vir viktimisatie betekenisvol kan beïnvloed, word die benadering as geskik beskou om die navorsing te rig.

Volgens die roetine-aktiwiteitsbenadering kan variasies in die daaglikse aktiwiteite van individue, die moontlikheid dat bogenoemde drie elemente op 'n spesifieke tyd en plek sal saamvloei, verhoog of verlaag (Felson, 1987:911; Lynch, 1987:286). Enige sosiale verandering wat daartoe lei dat meer aktiwiteite buite die huis plaasvind, kan 'n individu se risiko vir roofsugtige viktimisatie verhoog (Cohen & Land, 1987:49). Hierdie aanname is in ooreenstemming met die lewenstyl-/blootstellingsmodel vir persoonlike viktimisatie van Hindelang, Gottfredson en Garofalo (1978:245), wat postuleer dat roetine-aktiwiteite weg van die huis individue se risiko vir persoonlike viktimisatie verhoog, aangesien dit hulle in kontak bring met of blootstel aan potensiële of gemotiveerde oortreders (Cohen et al. 1981a:648). Roetine-aktiwiteite, of lewenstyl soos Hindelang et al. (1978:241) daarna verwys, hou ook verband met die

demografiese eienskappe van 'n individu. Messner en Tardiff (1985:242) bevestig bogenoemde en wys daarop dat demografiese faktore ook die saamvloei van genoemde drie elemente beïnvloed: "Socio-demographic characteristics structure routine activities and, in so doing, affect both the location of potential victims in physical space and the pool of personal contacts from which offenders are ultimately drawn".

Aspekte soos ouderdom (waar kinders onder die ouderdom van 18 jaar bv. nie 'n motorvoertuig mag bestuur nie) en inkomste (wat bepalend is vir die vermoë van 'n individu om 'n motorvoertuig te besit), kan dus ook in die geval van motorvoertuigkaping 'n individu se kwesbaarheid vir viktimisasie beïnvloed. Felson en Cohen (1980:398) wys ook daarop dat 'n verandering in die roetine-aktiwiteite van vroue, soos die toenemende betrokkenheid van vroue in die arbeidsmark, hulle risiko vir viktimisasie verhoog. 'n Moontlike rede hiervoor is dat 'n gemotiveerde oortreder en 'n geskikte teiken in die afwesigheid van beskermers bymekaar uitkom. Die rol van laasgenoemde drie elemente in die voorkoms van motor-voertuigkapings geniet vervolgens aandag.

- **Gemotiveerde oortreder**

In die geval van motorvoertuigkapings kan, in ooreenstemming met die roetine-aktiwiteitsbenadering, aanvaar word dat daar genoeg gemotiveerde individue is met die geneigdheid en die vermoë om 'n motorvoertuig te roof indien omstandighede dit toelaat of die geleentheid ontstaan (vgl. redes vir die toename in motorvoertuigkapings, afd. 3.1.1).

- **Geskikte teiken**

Die geskiktheid of kwesbaarheid van 'n potensiële teiken kan ook geëvalueer word aan die hand van die waarde, sigbaarheid, toeganklikheid en gemak waarmee eiendom soos 'n motorvoertuig in besit geneem kan word. Vanweë die feit dat motorvoertuigkapings hoof-saaklik vir ekonomiese gewin gepleeg word, kan aanvaar word dat die waarde van 'n motorvoertuig 'n belangrike rol in teikenseleksie speel (Cook, 1976:175; Landau & Fridman, 1993:168). Dit beteken egter nie dat slegs nuwe modelle en/of duur motorvoertuie gekaap sal word nie. Ouer modelle, veral waar onderdele skaars is, word ook in terme van die beloning wat dit inbring, as geskik beskou.

Die sigbaarheid en toeganklikheid van 'n motorvoertuig hou betekenisvol verband met die daaglikse roetine-aktiwiteite van eienaars of bestuurders. Indien roetine-aktiwiteite van so 'n

aard is dat 'n individu noodgedwonge 'n motorvoertuig moet bestuur, verhoog sy of haar sigbaarheid vir/en blootstelling aan gemotiveerde oortreders (Cao & Maume, 1993:17). In hierdie verband benadruk Kennedy en Forde (1990:208) asook Miethe, Stafford en Long (1987:184) dat mobiliteitspatrone 'n betekenisvolle invloed op viktimisasie kan hê. 'n Individu se risiko vir viktimisasie soos om van 'n motorvoertuig beroof te word, is hoër indien 'n meer mobiele lewenstyl gehandhaaf word.

Die aantal motorvoertuie op straat kan ook sigbaarheid beïnvloed. Volgens Cohen en Felson (1979:593) toon Gould se navorsing dat die toename in die omset en die beskikbaarheid van motorvoertuie tussen 1921 en 1965 in die VSA, gelei het tot 'n toename in motorvoertuigdiefstal. Cohen en Land (1987:50) konstateer in aansluiting hierby dat welvaart dikwels aanleiding gee tot 'n toename in eiendomsmisdade, aangesien meer eiendom vir diefstal en gevolglik ook kaping, beskikbaar is. Conklin (1998:319) onderskryf bogenoemde deur daarop te wys dat 'n oorfloed van eiendom met hoë eiendomsmisdaadsyfers geassosieer word. Die mate waarin motorvoertuie meer geredelik beskikbaar en dus ook meer sigbaar word, kan die risiko vir motorvoertuigkaping verhoog.

Die gemak waarmee die kaper 'n potensiële slagoffer kan nader sonder om aandag te trek, is noodsaaklik ten einde die suksesvolle uitvoering van 'n motorvoertuigkaping te verseker. Vanweë die feit dat kapers staatmaak op die verrassingselement tydens kaping, gebeur dit dikwels dat niksvermoedende individue in spitsverkeer gekaap of selfs by hulle huise ingewag word (Erasmus, 1996b:12). In beide hierdie gevalle verwag die individu nie om die slagoffer van 'n motorvoertuigkaping te word nie, met die gevolg dat die misdadiger die potensiële slagoffer en sy of haar eiendom kan bereik sonder dat dié onraad vermoed.

Faktore wat dit vir die misdadiger moeilik maak om 'n teiken vir onwettige doeleindes te oorrumpel of in besit te neem ("inertia"), kan ook in die geval van 'n motorvoertuigkaping die geskiktheid van 'n teiken beïnvloed. Aspekte soos die teenwoordigheid van 'n immobiliseringsmeganisme asook die moontlikheid dat die slagoffer weerstand kan bied of selfs 'n wapen kan besit, kan die suksesvolle uitvoer van 'n motorvoertuigkaping negatief beïnvloed.

- **Afwesigheid van beskerming**

Die teenwoordigheid van werklike of potensiële beskerming of beskermers is 'n belangrike aspek wat deur motorvoertuigkapers in ag geneem moet word (Gabor & Normandeau, 1989:277). Alhoewel 'n kaping in spitsverkeer moontlik daartoe kan lei dat die slagoffer onkant

betrap word, kan die teenwoordigheid van ooggetuies 'n potensiële misdadiger moontlik laat besluit om nie die motorvoertuig te kaap nie. Volgens Cohen en Cantor (1980:144) het die teenwoordigheid van polisiepatrollies, verkeersbeamptes, sekuriteits-beamptes en selfs lede van 'n buurtwagstelsel, 'n betekenisvolle invloed op 'n misdadiger se besluit om nie voort te gaan om 'n spesifieke misdaad op 'n gegewe tydstip en/of plek te pleeg nie. Gabor en Normandeau (1989:277) wat die siening onderskryf, wys daarop dat rowers dikwels die teiken en plek waar hulle beplan om 'n misdaad te pleeg bestudeer en so ver as moontlik poog om gebiede te selekteer waar die teenwoordigheid van polisiebeamptes en omstanders beperk is.

Volgens Cohen en Cantor (1980:147) kan die teenwoordigheid van meer as een volwasse individu in 'n motorvoertuig ook 'n belangrike rol speel by die nie-seleksie van 'n teiken, aangesien 'n medepassasier beskerming kan verhoog. Hierdie aanname is in ooreenstemming met Normandeau (1968:224) se navorsingsbevindings wat bevestig dat die risiko om beroof te word wanneer 'n individu alleen is, tien maal groter is as vir 'n persoon wat in 'n groep bestaande uit twee of meer persone rondbeweeg. Die kenmerke en potensiële reaksies van slagoffers (bv. die moontlikheid van weerstand wat ook as 'n vorm van beskerming beskou kan word), is ook 'n aspek wat voor en tydens die pleeg van 'n motorvoertuigkaping deur misdadigers oorweeg word (Morrison & O'Donnell, 1994:12).

Dit is egter nie net individue wat as beskermers kan optree nie. Die aanwesigheid van sekuriteitsmaatreëls soos satellietopsporing- en -herwinningstelsels kan ook beskerming verleen, veral waar die teenwoordigheid van so 'n stelsel duidelik op die buitekant van 'n motorvoertuig aangedui word. Die aanbring van plakkers wat bevestig dat 'n teenkapings-meganisme geïnstalleer is, kan egter ook negatiewe gevolge vir die slagoffer inhou. (Hierdie aspek word volledig gedek in afd. 3.5.4.)

Die afleiding kan gemaak word dat die geleentheid vir misdaad in terme van die saamvloei van 'n gemotiveerde kaper, 'n waardevolle, sigbare en toeganklike teiken en die afwesigheid van potensiële beskermers, ook in die geval van motorvoertuigkaping afhang van die strukturering van daaglikse interaksies of aktiwiteite. Vanweë die feit dat 'n verandering in roetine-aktiwiteite ook 'n verandering in misdaadgeleentheid meebring, kan enige strukturele veranderinge in roetine-aktiwiteitspatrone dus 'n betekenisvolle invloed op die voorkoms van motorvoertuigkapings hê (Maxfield, 1987:276; Williams & McShane, 1994:223).

2.3.2.4 Evaluering van die roetine-aktiwiteitsbenadering

Felson en Cohen (1980:390) beklemtoon dat misdaad nie toevallig plaasvind nie en dat die sosiale struktuur van die samelewing daartoe kan bydra dat misdaadneigings in misdadige aksies omgesit word. Hierdie beklemtoning van die sosiale struktuur asook die wyse waarop die ekologiese konteks misdaad moontlik maak of genereer, werp volgens Cao en Maume (1993:15) nuwe lig op die tyd-ruimtelike verspreiding van misdaad. Volgens Messner en Tardiff (1985:242) is dit dan ook een van die belangrikste bydraes van die roetine-aktiwiteitsbenadering. Cohen en Felson (1979:605) se verwysing na die rol van situasionele en omgewingsfaktore in misdaadveroorsteking asook die wyse waarop roetine-aktiwiteite en/of 'n verandering daarvan 'n individu se kwesbaarheid vir roofsgtige viktimisasie kan beïnvloed, bied 'n verklaring vir die wisseling in misdaadkoerse (Sherman et al., 1989:31). Aansluitend hierby meld Vito en Holmes (1994:411) dat die toepassing van die roetine-aktiwiteitsbenadering 'n raamwerk bied waarvolgens misdaadpatrone bestudeer en misdaadkoerse verminder kan word.

Die beklemtoning van die voorvereistes wat nodig is vir 'n misdaad om plaas te vind asook die feit dat misdadigers teikens selekteer op grond van aspekte soos waarde, aantreklikheid en die afwesigheid van beskerming, is veral vir die onderhawige studie van belang. Die feit dat misdadigers kwesbare teikens selekteer, dui daarop dat misdadigers *rasioneel gemo-tiveer* en in staat is om die risiko vir misdaad verstandig te oorweeg (Maxfield, 1987:279). Felson en Cohen (1980:392, 403) wat die uitgangspunte van die rasionele-keuseperspektief onderskryf, is van mening dat die roetine-aktiwiteitsbenadering selfs as 'n variasie van die rasionele-keuseperspektief beskou kan word. Cornish en Clarke (1986:10) poneer in aansluiting hierby die volgende: "Rational choice theory deals mainly with the content of decisions; routine activity approaches in contrast, are seen to deal with the ecological context that supply the range of options from which choices are made".

Alhoewel Maxfield (1987:279) van mening is dat die ontwikkeling van die roetine-aktiwiteitsbenadering geïnhibeer word deur 'n gebrek aan empiriese toetsing, is die rasionele-aktiwiteitsbenadering op verskeie misdade van toepassing gemaak. Cohen en Cantor (1980; 1981) het in twee afsonderlike studies persoonlike diefstal en residensiële inbraak met behulp van hierdie benadering verklaar, terwyl Cohen et al. (1981a) die aannames van die roetine-aktiwiteitsbenadering suksesvol op roof van toepassing gemaak het. Maxfield (1987), Lynch (1987), Maume (1989) asook Sherman et al. (1989) het met behulp van empiriese navorsing ook steun vir die aannames van die roetine-aktiwiteitsbenadering gevind.

Kennedy en Silverman (1988:17) is van mening dat die roetine-aktiwiteitsbenadering een van die belangrikste aspekte van misdaad beklemtoon, naamlik die dinamika van viktimisasie. Die

rol wat misdadigers, slagoffers en omstanders (beskermers) in misdaad-pleging speel, kom in die aannames van bogenoemde benadering na vore.

Die roetine-aktiwiteitsbenadering hou ook situasionele misdaadvoorkomingspotensiaal in (Vito & Holmes, 1994:145; Williams & McShane, 1994:222). Die waarde van argitekto-niese en omgewingsontwerp, waar beskerming (bv. waarneming deur polisiebeamptes en omstanders) verhoog en geskikte teikens (bv. deur middel van teikenverharding) verminder word, word deur Cohen en Felson (1979:592) uitgelig. Felson (1987:928) meld in hierdie verband dat strategieë met betrekking tot misdaadbeheer, die saamvloei van 'n gemotiveerde oortreder en 'n geskikte teiken in die afwesigheid van beskerming, moet probeer voorkom. Volgens Vito en Holmes (1994:154) gaan aanhangers van die roetine-aktiwiteitsbenadering van die standpunt uit dat potensiële slagoffers sekere voorsorg-maatreëls kan tref om die risiko vir viktimisasie te voorkom. Aannames van hierdie aard ontlok egter kritiek, aangesien die klem van die misdadiger na die slagoffer verskuif word en daar van die slagoffer verwag word om sy of haar lewenstyl (roetine-aktiwiteite) te verander. Rosenbaum (1988:334) waarsku veral teen slagofferblamering en beklemtoon dat individue nie altyd risikoplekke en omstandighede kan vermy nie. Mense het dikwels geen ander keuse as om byvoorbeeld hulle motorvoertuie te gebruik nie. Cohen en Felson (1979: 605) konstateer in hierdie verband die volgende: "The opportunity for predatory crime appears to be enmeshed in the opportunity structure for legitimate activities to such an extent that it might be very difficult to root out substantial amounts of crime without modifying much of our way of life". Hulle wys verder daarop dat roofsugtige misdade soos kapings, meermale 'n neweproduk is van vryheid en voorspoed wat manifesteer in die daaglikse roetine-aktiwiteite van individue. Motorvoertuie wat vryheid van beweging ('n basiese mensereg) bevorder, bied dus ook geleentheid vir roofsugtige viktimisasie: 'It is ironic that the very factors which increase the opportunity to enjoy the benefits of life also may increase the opportunity for predatory violations' (Cohen & Felson, 1979:605). 'n Individue se besluit om 'n nuwe motorvoertuig te koop, kan dus in die lig van bogenoemde bespreking, as kriminogeen beskou word.

'n Verdere punt van kritiek sentreer rondom die feit dat witboordjie- en veral geweldsmisdade nie met behulp van die roetine-aktiwiteitsbenadering verklaar kan word nie (Barkan, 1997:104). In aansluiting hierby, vestig Miethe et al. (1987:192-194) die aandag daarop dat roetine-aktiwiteite nie geweldsmisdade soos die fisieke mishandeling en seksuele misbruik van kinders of moord kan verklaar nie. Hulle skryf hierdie beperking enersyds toe aan die feit dat geweldsmisdade meestal naby of in die huis deur bekendes gepleeg word en andersyds dat geweldsmisdade dikwels ekspressief, spontaan en impulsief plaasvind. Alhoewel motorvoertuigkaping ook as 'n

geweldsmisdaad beskou kan word en meermale naby die huis plaasvind, word dit ook as 'n eiendomsmisdaad beskou wat oor die algemeen nie impulsief of spontaan plaasvind nie. Die roetine-aktiwiteitsbenadering kan dus gebruik word om die misdaad te verklaar. Ter ondersteuning hiervan kan gemeld word dat twee Kanadese navorsers, Kennedy en Forde (1990), variasies in geweldsmisdade met lewenstyl-faktore in verband gebring het.

Die roetine-aktiwiteitsbenadering gaan volgens Garofalo (1987:27) ook mank aan verklarings vir die redes wat individue motiveer om misdaad te pleeg. Kennedy en Silverman (1988:17) wat die siening onderskryf, wys daarop dat viktimisasie-ondersoeke selde inligting oor misdadigermotiewe bevat. Cohen en Felson (in Cohen & Land, 1987:51) argumenteer egter dat misdadigermotivering as 'n gegewe aanvaar kan word omdat verskeie kriminologie-teorieë verklarings vir die verskynsel bied. Hulle wys verder daarop dat die uitdaging nie geleë is in die verklaring van misdadigermotief nie, maar in die voorspelling van situasies wat daartoe kan bydra dat misdaadgeneigdheid in misdaadaksies omgesit word. Felson en Cohen (1980:403) poneer in hierdie verband die volgende: "(It) is not an argument for biological reductionism or a denial of the unique features of the human species; rather this involves a simple recognition that illegal acts require more than an attitude or inclination among individuals".

Die roetine-aktiwiteitsbenadering gee ook nie erkenning aan die feit dat 'n misdadiger 'n potensiële slagoffer se roetine-aktiwiteite kan leer ken en dat dit 'n individu se risiko vir viktimisasie kan verhoog nie. In die geval van 'n motorvoertuigkaping kan 'n misdadiger 'n individu dop hou en uit sy of haar geroetineerde wyse van optrede aflei wanneer die beste tyd is om die individu se motorvoertuig te kaap.

Volgens Sherman et al. (1989:31) gaan die benadering ook mank aan empiriese navorsing wat die spesifieke plekke waar misdadigers en geskikte teikens in die afwesigheid van beskerming bymekaar uitkom, ekologies analiseer. Individuele risiko word ook nie met die hoeveelheid tyd wat 'n individu in 'n spesifieke plek deurbring, in verband gebring nie. Laasgenoemde faktor kan veral in die geval van motorvoertuigkaping van belang wees, aangesien die hoeveelheid tyd wat 'n potensiële slagoffer in 'n stilstaande motorvoertuig spandeer, die risiko vir 'n kaping kan verhoog.

Miethe et al. (1987:185, 192) spreek ook die volgende kritiek uit met betrekking tot die roetine-aktiwiteitsbenadering: "(It is) usually lacking independent measures of victims' lifestyles, with researchers substituting demographic correlates for lifestyle. Most tests of routine activities theory lack independent measures of the lifestyles in question and substitute presumed

demographic correlates with them". Hulle is verder van mening dat meer navorsing nodig is met betrekking tot die relatiewe gewig en belangrikheid van die drie hoofkomponente van die benadering, naamlik 'n gemotiveerde oortreder, 'n geskikte teiken en die afwesigheid van beskerming.

Miethe et al. (1987:193) wys verder daarop dat die teenwoordigheid van al drie elemente nie noodwendig viktimisasie verseker nie en dat "geskikte teikens" wat geen beskerming het nie, nie noodwendig diegene is wat geviktimizeer word nie. Die feit dat mans, ten spyte van die feit dat vroue fisiek swakker is, dikwels die teiken van 'n motorvoertuigkaping is en ouers met kinders in die motorvoertuig ook nie kapingsinsidente vryspring nie, kan hier as voorbeeld dien. Cohen, Kleugel en Land (1981b:507) is van mening dat hierdie verskynsels verklaar kan word deur ag te slaan daarop dat blootstelling aan risiko twee belangrike aspekte insluit, naamlik predisponerende (strukturele) en presipiterende (situasionele) faktore. Fisieke sigbaarheid en residensiële nabyheid kan byvoorbeeld as predisponerende faktore beskou word, terwyl die afwesigheid van beskermers en/of beskerming, 'n presipiterende faktor kan wees. Hulle beklemtoon dat indien 'n onderskeid tussen hierdie twee kategorieë getref kan word, daar verklaar sal kan word waarom sekere persone, ondanks hulle nabyheid aan gemotiveerde misdadigers in die afwesigheid van beskermers, nie geviktimizeer word nie. 'n Meer sistematiese ontleding van die onderlinge verband tussen die drie voorvereistes vir viktimisasie is noodsaaklik.

Kennedy en Baron (1993:93) benadruk verder dat die ontstaan van misdaadgeleenthede slegs verstaan kan word indien kennis gedra word van die besluite wat misdadigers, slagoffers en beskermers neem en die wyse waarop die besluite tot die konvergensie van bogenoemde drie elemente kan bydra. Hulle wys daarop dat keuses nie net individuele roetine-aktiwiteite beïnvloed nie, maar ook hulle aksies ("their actions on convergence"). Navorsing kan dus ook in hierdie verband onderneem word.

Volgens Cao en Maume (1993:15) het Cohen en Felson nie genoegsame aandag geskenk aan die sosio-ekonomiese oorsake van risiko-lewenstyle nie. Hierteenoor kritiseer Messner en Tardiff (1985:244) die roetine-aktiwiteitsbenadering op grond daarvan dat die rol van demografiese faktore in die saamvloei van die drie basiese elemente, nie in ag geneem is nie.

Lynch (1987:283-284) bevraagteken ook die meting van roetine-aktiwiteite. Lewenstyl kan volgens hom alle gedrag insluit wat individue op 'n geroetineerde basis of grondslag uitvoer. Hy wys daarop dat roetine-aktiwiteite "nouer" gedefinieer moet word, ten einde empiriese toetsing te

vergemaklik. Cohen en Cantor (1981:123) erken egter dat meer navorsing met betrekking tot die spesifieke bewegings van mense en eiendom nodig is en dat faktore wat die aantreklikheid van teikens verhoog, veral aandag moet geniet. Die vasstelling van aspekte wat kwesbaarheid vir 'n motorvoertuigkaping verhoog, is dan ook 'n doelwit van die onderhawige studie.

Cao en Maume (1993:22) poneer verder dat die waarde van die roetine-aktiwiteitsbenadering in terme van voorspelling, ook verdere navorsing regverdig. Indien daar in die onderhawige studie aangetoon kan word dat sekere slagoffereienskappe of gedrag daartoe kan bydra dat 'n slagoffer of eiendom as 'n kwesbare of geskikte teiken vir motorvoertuigkaping beskou word, kan motorvoertuigkapings nie net gedeeltelik voorspel en/of voorkom word nie, maar die waarde van die roetine-aktiwiteitsbenadering as 'n basis vir die voorspelling van misdaad, ook geëvalueer word.

Ten spyte van bogenoemde kritiek, is Williams en McShane (1994:222) van mening dat die roetine-aktiwiteitsbenadering 'n belangrike bydrae tot die kriminologie gelewer het. Landau en Fridman (1993:167) wat bogenoemde standpunt onderskryf, wys daarop dat die roetine-aktiwiteitsbenadering al gewilder word om navorsing te rig en toenemend steun van navorsers ontvang.

2.3.3 Sintesebenadering

Alvorens die sintesebenadering uiteengesit en daar aangetoon word hoe teikenseleksie deur neutralisering beïnvloed kan word, word die historiese ontwikkeling van die benadering geskets.

2.3.3.1 Historiese agtergrond

Gebaseer op navorsing deur Smigel en Ross asook Dynes en Quarantelli wat beklemtoon dat slagoffers nie toevallig of per ongeluk geselekteer word nie, formuleer Erzatt Fattah gedurende 1976 die sintesebenadering. Die benadering is ook in 'n groot mate 'n uitvloeisel van die werk van David Matza en Gresham Sykes (Fattah, 1976:107).

Sykes en Matza (1957:666-667) wys daarop dat die meeste misdadigers aan samelewingsnorme of die dominante normatiewe sisteem verbind is. Indien hierdie norme oortree of verbreek word, word neutraliseringstegnieke gebruik om die verbintenis aan

samelewingsnorme te neutraliseer of tydelik op te skort. Neutraliseringstegnieke stel 'n individu dus in staat om samelewingsreëls te oortree sonder om die geldigheid daarvan te ontken. Op hierdie wyse word die effektiwiteit van sosiale beheer verminder en die kanse vir misdaadpleging verhoog.

Vyf neutraliseringstegnieke is deur hulle geïdentifiseer, naamlik

- ontkenning van verantwoordelikheid (waar aanspreeklikheid ontken en misdaad aan faktore buite die beheer van die misdadiger toegeskryf word)
- ontkenning van besering (waar verkeerde optrede besef word, maar geredeneer word dat niemand beseer is nie)
- ontkenning van die slagoffer (waar verantwoordelikheid vir misdaad aanvaar word en besering erken word, maar geredeneer word dat besering nie verkeerd is in die lig van die omstandighede nie)
- veroordeling van die veroordelaars (waar die aandag van die misdadiger na die motief of gedrag van diegene wat nie misdadige optrede goedkeur nie, verskuif word)
- beroep op hoër lojaliteite (waar samelewingsreëls terugstaan vir die eise van lojaliteit aan ander groepe of vriende) (Sykes & Matza, 1957:667-669).

Enkele van hierdie neutraliseringstegnieke is net so in Fattah se sintesebenadering geïnkorporeer. In die sintesebenadering word die rol wat die slagoffer tydens of gedurende die proses van neutralisering speel, uitgelig. Hierdie benadering het, soos dié van Matza en Sykes (1961:713) ook wortels in Sutherland se teorie van differensiële assosiasie. Laasgenoemde teorie bepaal dat misdadige gedrag nie net die aanleer van tegnieke om misdaad te pleeg behels nie, maar ook die motiewe, dryfvere, rasionalisasies en houdings wat wetsverbreking vergemaklik of bevorder (Sykes & Matza, 1996:206).

2.3.3.2 Uitgangspunte van die sintesebenadering

In ooreenstemming met die rasonale-keuseperspektief, gaan Fattah (1976:106, 125) van die standpunt uit dat misdadige gedrag doelgerig, rationeel en gemotiveerd is. Ten einde misdaad te begryp, is dit nodig om die dryfvere, rasionalisasies en houdings ten opsigte van misdaadpleging te verstaan. Die motief om misdaad te pleeg, ontwikkel nie in 'n vakuum nie, maar is gewoonlik die resultaat van reaksies, interaksies en response wat voor en tydens viktimisasie ter sprake is. Ofskoon die motief waarom 'n individu 'n motorvoertuig kaap nie die fokus van die studie is nie, wys Fattah (1976:106) in die sintesebenadering daarop dat die

slagoffer (en in die besonder slagoffervatbaarheid en -aandadigheid) dikwels 'n rol kan speel in die misdadiger se motiverings- en redeneringsprosesse voor misdaadpleging.

Hy beklemtoon dat teikenseleksie nie onwillekeurig plaasvind nie en dat slagoffers dikwels sorgvuldig uitgekies word. Volgens hom onderskei misdadigers tussen geskikte (aanvaarbare) en minder geskikte (onaanvaarbare) teikens en kan die misdadiger se gesindheid en houding teenoor sekere persone asook die slagoffer se eienskappe en gedrag, die keuse van teikens beïnvloed.

Soos Matza en Sykes, is Fattah (1976:108) ook van mening dat die meeste misdadigers geneig is om hulle oortredings te regverdig, ten einde die effektiwiteit van interne en eksterne sosiale beheermeganismes te verminder. Hierdie regverdigingsproses staan bekend as neutralisering en word deur Watson (1976:67) omskryf as "procedures for reallocating blame, guilt or responsibility away from a straight forward guilty-offender and innocent victim imputation". In aansluiting hierby beskou Fattah (1976:115) neutralisering as 'n proses waar 'n logiese verskoning vir misdadige gedrag gevind word. Hierdie proses bied aan die misdadiger die vryheid om te oortree sonder om die geldigheid of die grondigheid van die norme of samelewingsreëls wat ter sprake is, te ontken. Innerlike faktore soos inhibisies en gewete wat 'n individu van misdaadpleging kan weerhou, word op hierdie wyse geneutraliseer, terwyl selfblaming en skuldgevoelens terselfertyd verminder word. Aangesien navorsers soos Ekpenyong (1989:31) bevestig dat rowers ook hulle oortredings neutraliseer ten einde skuldgevoelens te vermy, geniet hierdie proses verder aandag.

Volgens die sintesebenadering word slagoffers se optrede dikwels deur oortreders as motivering vir hulle misdadige gedrag gebruik. In hierdie geval word die slagoffer se gedrag, kwaliteite en eienskappe as 'n verskoning vir misdaadpleging voorgelou (Fattah, 1976:108). Die slagoffer kan dus bewustelik of onbewustelik tot die motiverings- of neutraliseringsproses bydra (Schneider, 1982:17). Hierdie neutraliseringswyses, wat die ontkenning van die slagoffer (waartydens die slagoffer gedevalueer en meermale selfs geblameer word), die ontkenning van verantwoordelikheid en die ontkenning van besering insluit, geniet vervolgens aandag.

- **Ontkenning van die slagoffer**

Tydens die gebruik van hierdie neutraliseringstegniek word misdadige handeling op twee wyses as geregverdig beskou, naamlik deur die slagoffer te blameer of te devalueer. Devaluasie gaan gepaard met die toeken van sekere eienskappe aan die slagoffer wat die slagoffer as

waardeloos beskou of gedegradeer as 'n "slegte" persoon wat viktimisasie verdien. Seksisme en rassediskriminasie kan byvoorbeeld daartoe lei dat geredeneer word dat die viktimisasie van vroue en individue van ander rasse geregverdig is. Deur 'n vrou te dehumaniseer tot 'n seksobjek of die "swakker" geslag, maak die oortreder dit vir hom makliker om misdadige optrede teenoor vroue te neutraliseer. Fattah (1976:120-121) is ook van mening dat swart persone die viktimisasie van wit persone regverdig op grond van vroeëre diskriminasie en uitbuitingspraktyke wat bestaan het. Barkan (1997:197) wat die siening onderskryf, poneer dat indien misdaadpleging op bogenoemde wyse geregverdig word, haatmisdade dikwels 'n uitvloeisel daarvan is: "People about to commit hate crimes might reason that their targets are less than human and thus deserve to be (victimized) beaten". Fattah (1979:206) verwys hier na "kultureel-legitieme slagoffers" waar individue van 'n spesifieke geslag en ras byvoorbeeld as legitieme objekte vir viktimisasie beskou word.

Tydens 'n motorvoertuigkaping kan devaluasie op grond van stereotipes, vooroordele en diskriminasie moontlik ook misdaadpleging fasiliteer en daartoe lei dat viktimisasie as wettig of aanvaarbaar beskou word. Indien die potensiële slagoffer tot 'n sekere geslag of etniese groep behoort, kan hierdie eienskappe kwesbaarheid vir motorvoertuigroof verhoog. Fattah (1976:109) beklemtoon dat indien slagoffers gedehumaniseer word (m.a.w. sekere kwaliteite word aan die slagoffer toegeskryf om hom of haar in diskrediet te bring), die misdadiger gedesensitiseer word ten opsigte van die skade wat aan die slagoffer veroorsaak word. Enige empatie of meegevoel wat die misdadiger moontlik kan toon, word dus deur middel van neutralisering of regverdiging uit die weggeruim. Hierdie herdefiniëringsproses waar misdaad as geregverdig beskou word, kan moontlik ook as verklaring dien vir die geweld wat dikwels met motorvoertuigkapings gepaard gaan.

Verantwoordelikheid word ook ontken deurdat die oortreder homself as 'n slagoffer van sosiale ongeregtigheid sien (Fattah, 1976:123). Die feit dat wettige geleenthede nie altyd tot 'n misdadiger se beskikking is om byvoorbeeld 'n motorvoertuig te koop nie, kan byvoorbeeld daartoe lei dat individue wat motorvoertuie besit, uit wraak geviktimizeer word. Fattah (1976:124) bevestig dan ook dat "the resentment over economic exploitation acts in many cases as means of auto-legitimization". Sykes en Matza (1957:668), wat oorspronklik hierdie neutraliseringstegniek geïdentifiseer het, het dan ook spesifiek met betrekking tot roof gepostuleer dat: "Robin Hood and his latter day derivatives such as the tough detective seeking justice outside the law, still capture the popular imagination, and the delinquent may view his acts as part of a similar role".

Kwesbaarheid op grond van ras en geslag is egter nie die enigste aspek wat daartoe lei dat die slagoffer misken of ontken kan word nie. Die slagoffer toon dikwels gedrag of eienskappe wat dit vir die misdadiger moontlik maak om 'n misdaad soos motorvoertuig-kaping te regverdig. Volgens Fattah (1976:108) gebeur dit dikwels dat die misdadiger, as gevolg van die slagoffer se optrede, die skuld of verantwoordelikheid vir viktimisasie na die slagoffer verskuif. Slagoffers wat viktimisasie presipiteer deur byvoorbeeld nie die deure van 'n motorvoertuig te sluit nie of wat op enige ander wyse tot viktimisasie bydra of dit vergemaklik, kan as 'n agent vir neutralisering of die regverdiging van die misdaad gebruik word. Die gedrag van die slagoffer word dus as verskoning vir viktimisasie gebruik en die misdadiger kan redeneer dat die individu daarvoor gevra het en dus verdien om geviktimizeer te word. Die slagoffer word as die "wringdoer" beskou en sodoende kan die misdadige optrede geneutraliseer word.

- **Ontkenning van besering**

Ontkenning van besering is 'n verdere neutraliseringstegniek wat volgens Fattah (1976:118) 'n rol kan speel in die desensitisering van oortreders ten opsigte van die skade wat as gevolg van viktimisasie gely word. Deur byvoorbeeld te redeneer dat die meeste slagoffers in elk geval hulle motorvoertuie verseker, kan as motivering dien om 'n misdaad soos motorvoertuigkaping te pleeg. Beekman en Daly (1990:16) asook Kroese en Staring (1994:5) bevestig die gebruik van bogenoemde tegniek en maak die afleiding dat misdadigers motordiefstal en in effek dan ook motorvoertuigkaping as 'n "slagofferlose misdaad" beskou, aangesien eienaars deur versekeringsmaatskappye vergoed word.

Volgens Fattah (1976:114) gaan neutralisering misdaad vooraf en dra daartoe by dat desensitisering plaasvind. Sodoende word die krag van geïnternaliseerde sosiale sanksies van die gewete of morele inhibisies oorkom en van skuldgevoelens ontslae geraak. Neutralisering, veral waar misdaadpleging geregverdig word op grond van slagofferkenmerke, kwaliteite of gedrag, maak dus nie net misdaad moontlik nie, maar bepaal ook die keuse van die slagoffer. Dit kan 'n verklaring bied waarom 'n misdaad soos motorvoertuigkaping teen 'n spesifieke persoon gepleeg word.

2.3.3.3 Evaluering van die sintesebenadering

Min navorsers het tot dusver gepoog om die proses van teikenseleksie en die rasionaal vir die keuse van 'n spesifieke slagoffer as teiken te bepaal. Fattah analiseer juis hierdie proses en met behulp van die sintesebenadering wys hy daarop dat die subjektiewe persepsies van

misdadigers en die rol wat persepsie (van bv. kwesbaarheid en aandadigheid) in teikenseleksie speel, nie onderskat moet word nie. Deur te fokus op misdadigerpersepsie asook die rol wat die slagoffer in neutralisering en uiteindelik die selektering van 'n spesifieke slagoffer speel, bied Fattah 'n moontlike verklaring waarom sekere slagoffers as meer geskikte teikens vir viktimisasie as ander persone beskou word (Strijdom & Schurink, 1992:44).

In teenstelling met Cohen en Felson wat gemotiveerde oortreders as 'n gegewe aanvaar, poog Fattah (1976:105) om aan te toon hoe die slagoffer se gedrag, kwaliteite en eienskappe as motivering en regverdiging vir viktimisasie kan dien. Vanweë die feit dat navorsers soos McCaghy (1985:74) bevestig dat rowers hulle lewenswyse ondersteun deur geverbaliseerde motiewe wat misdaad regverdig, is dit nodig dat daar gelet word op die rol wat slagoffervatbaarheid en -aandadigheid in die neutralisering van 'n misdaad soos motorvoertuigkaping speel.

Fattah (1979:204) is van mening dat die analisering van hierdie desensitiseringsproses lig kan werp op die kragte wat daartoe aanleiding gee dat individue sonder enige empatie teenoor die slagoffer reageer en geen skuldgevoelens ten opsigte van die misdaad ervaar en betoon nie. Hierdie benadering kan ook aangebied word as 'n moontlike verklaring vir die rede waarom kapers slagoffers koelbloedig tydens 'n motorvoertuigkaping doodskiet.

Die sintesebenadering hou ook rehabilitasiewaarde in. Deur misdadigers bewus te maak van die slagoffers, hulle te sensiteer ten opsigte van slagoffers se bestaan en die beserings wat slagoffers opdoen, kan hulle neutraliseringstegnieke oneffektief gemaak word. Sodra dit gebeur, moet hulle die samelewingsnorm ten opsigte van hulle gedrag erken. Deur byvoorbeeld ook individue se houding jeens sekere sosiale groepe te verander, kan hierdie vorm van neutralisering moontlik uitgeskakel en sekere misdade selfs voorkom word.

Die sintesebenadering word egter ook gekritiseer op grond van verskeie faktore. Soos Matza en Sykes, is Fattah (1976:121) van mening dat neutralisering misdadige gedrag voorafgaan en misdaad moontlik maak. Alhoewel navorsers soos Akers (1977:12) bevestig dat morele voorskrifte eers geneutraliseer moet word alvorens 'n misdaad gepleeg kan word, is Hirschi (1969:25, 207) van mening dat neutralisering ná viktimisasie plaasvind en dat Fattah (asook Matza en Sykes) geen bewys kan lewer van hulle aanname dat dit voor misdaadpleging plaasvind nie.

Navorsers soos Conklin (1998:244) en McCaghy (1985:73) wys daarop dat die rol van

neutralisering in misdaadpleging meer kompleks is as wat beheerteoretici aanvaar en dat meer navorsing nodig is alvorens uitsprake hieroor gemaak kan word. Conklin (1998:244) maak egter in die verband die volgende opmerking: "The accounts that people give after the fact for violating the law might, however, reflect the reasoning they engaged in before breaking the law". Redenering voor misdaadpleging en veral die mate waarin die slagoffer se kenmerke en gedrag hierdie redenasieproses kan beïnvloed, is dan ook 'n aspek wat in die onderhawige studie nagevors sal word.

Na aanleiding van die bevindings verkry uit 'n longitudinale studie ("National Youth Survey"), meld Agnew (1994:572) dat neutralisering tot geweld aanleiding kan gee. Vanweë die feit dat motorvoertuigkapings dikwels met geweld gepaard gaan, is die rol van neutralisering in die onderhawige studie van groot belang.

Indien aanvaar word dat neutralisering wel voor misdaadpleging 'n rol speel, dui neutraliseringsteorieë soos dié van Matza en Sykes asook dié van Fattah, nie aan of neutralisering noodsaaklik is indien dieselfde misdaad herhaaldelik gepleeg word nie (Sheley, 1975:14). 'n Spesifieke neutraliseringstegniek kan byvoorbeeld op een stadium as genoegsame motivering dien om 'n spesifieke misdaad te pleeg, terwyl dit nie noodwendig op 'n ander stadium en onder ander omstandighede die geval sal wees nie. Die doel van die ondersoek is egter nie om die misdadiger se motief of al die kognitiewe prosesse wat voor misdaadpleging ter sprake is, te verstaan nie, maar om te bepaal of slagoffereienskappe en -gedrag 'n rol in misdadigermotivering en neutralisering speel.

Strijdom en Schurink (1992:44) kritiseer Fattah op grond van die feit dat aannames in die sintesebenadering gebaseer is op viktimisasie-opnames sonder dat onderhoude met misdadigers gevoer is om hulle perspektief of die werklike herdefiniëringsproses tydens neutralisering te analiseer. Curren en Renzetti (1994:226) sluit hierby aan en poneer op grond hiervan dat neutraliseringsteorieë min empiriese ondersteuning ontvang. Viano (1976: 108) wat ook bogenoemde onderskryf, beklemtoon dat interne en eksterne beheer- of weerhoudingsfaktore van een persoon tot die volgende en van een misdaad tot die volgende een verskil en dat meer navorsing wat op individuele onderhoude met misdadigers gebaseer is, in die verband nodig is. In die onderhawige studie is een van die oogmerke om hierdie punt van kritiek te ondervang, deurdat persoonlike onderhoude met kapers gevoer sal word ten einde hulle motivering en rasionaal vir teikenseleksie te bepaal.

Curren en Renzetti (1994:222) bevraagteken ook of die variasies in misdaadkoerse nie aan

individue se beter vermoë om te neutraliseer, toegeskryf moet word nie. Neutraliserings-teoretici neem ook nie die invloed van die sosiale struktuur en strukturele beperkings soos ekonomiese faktore op neutralisering in ag nie. Strijdom en Schurink (1992:44) wys in aansluiting hierby daarop dat Fattah se sintesebenadering die belang van ander faktore, soos om op 'n gegewe tyd op 'n spesifieke plek te wees asook potensiële slagoffers se assosiasie met spesifieke persone, misken. Die roetine-aktiwiteitsbenadering van Cohen en Felson wat reeds aandag geniet het, ondervang egter hierdie punt van kritiek.

Kritiek wat Sykes en Matza (1957:669) self geopper het, naamlik dat meer navorsing met betrekking tot die differensiële verspreiding van neutraliseringstegnieke in terme van ouderdom, geslag, sosiale klas en etniese groepe nodig is, is ook in die geval van die sintese-benadering ter sprake. Die feit dat Sykes en Cullen (1992:337) asook Sykes en Matza (1957:669) daarop wys dat verskeie neutraliseringstegnieke tydens eiendoms- en gewelds-misdade gebruik word, regverdig ook verdere navorsing met betrekking tot neutralise-ringstegnieke wat tydens spesifieke misdade ter sprake is.

Die invloed van ander tegnieke soos om te redeneer dat misdaad noodsaaklik is vir oorlewing ("defences of necessity") en/of dat misdadigers op die voordele wat misdaad inhou geregtig is ("claims of entitlement"), moet ook aandag geniet (Conklin, 1998:238, 240). In hierdie verband moet ook ag geslaan word op McCaghy (1985:71) se aanbeveling dat navorsers moet poog om 'n onderskeid tussen verskonings en regverdigings te tref.

Curren en Renzetti (1994:224) beklemtoon ten slotte dat neutraliseringsteoretici geen verklaring bied vir die rede waarom individue misdaadpleging in die eerste instansie aantreklik vind nie. Die rasonale-keuseperspektief, waar die voor- en nadele van misdaad-pleging teen mekaar opgeweeg word, ondervang egter hierdie punt van kritiek.

2.4 SLOTBESKOUIING

Vanweë die feit dat teorieë met betrekking tot die rol van slagoffervatbaarheid en veral slagofferaandadigheid in misdaadpleging beperk is, is enkele tipologieë waar hierdie temas as kriteria vir klassifikasie gebruik is, uitgelig ten einde 'n raamwerk vir analisering in die onderhawige studie te bied. 'n Tipologie gebaseer op slagofferaandadigheid tydens motorvoertuigkaping is geformuleer ten einde die navorsing te rig, terwyl enkele viktimologie- en kriminologieteorieë wat die invloed van situasionele faktore op misdaadpleging beklemtoon, ook aandag geniet het. Die rasonale-keuseperspektief (wat op besluitnemingsprosesse en

Navorsers (Greeff, 1997:38) beveel aan dat inwoners van residensiële woonareas die moontlikheid kan oorweeg om 'n voertuigwagsisteem ("Vehicle Watch System") in hulle buurt te implementeer. Hierdie projek, wat met welslae in die VSA geloods is, behels dat alle motorvoertuigeienaars wie se motorvoertuie nie deur persone jonger as 25 jaar bestuur word nie, 'n "Vehicle Watch 25" plakker op 'n sigbare plek buite op die motorvoertuie aanbring.

Vanweë die feit dat die meeste motorvoertuigkapers jonger as 25 jaar is, kan 'n jong persoon wat 'n motorvoertuig met so 'n plakker bestuur, as verdag beskou word. Omstanders en polisiebeamptes se aandag word gevolglik getrek wat onmiddellike ondersoek meebring.

- **Koeëlvaste vensters**

Volgens Walsh (1993:8) kan motoriste dit ook oorweeg om koeëlvaste vensters in motorvoertuie te laat installeer. Hy waarsku egter dat hierdie raad, soos met enige ander voorkomingsmaatreël, nie sonder skeptisisme gepaard gaan nie. Die installering van koeëlvaste vensters is duur en beperk die motoris in dié sin dat dit nie moontlik is om die vensters oop te maak nie. Hierdie vensters is ook van min waarde wanneer die slagoffer buite die motorvoertuig is.

3.6 SLOTBESKOUIING

Verskeie faktore wat individueel of in samehang met ander faktore, direk of indirek tot die hoë motorvoertuigkappingsyfer in Suid-Afrika bydra, het eerstens in die hoofstuk aandag geniet. Vanweë die feit dat motorvoertuigkapers geneig is om op 'n geroetineerde wyse op te tree, is navorsingsbevindinge met betrekking tot die *modus operandi* wat gewoonlik deur motorvoertuigkapers voor, tydens en na misdaadpleging gevolg word, van nader toegelig. Die profiel van die motorvoertuigkaper asook die profiel van individue wat deur motorvoertuigkapers geteiken word, is ook uiteengesit. Enkele strategieë wat moontlik kan bydra tot die voorkoming, beheer en/of vermindering van motorvoertuigkaping is ten slotte onder die loep geneem.

4. NAVORSINGSVERWAGTINGE EN HIPOTEESES

Ten einde die doelstellings wat in Hoofstuk 1 gestel is te verwesenlik, word navorsingsverwagtinge en hipoteses in hierdie hoofstuk geformuleer. Vanweë die feit dat die steek-proef in die geval van motorvoertuigkapers te klein is om die inligting wat ingesamel word statisties te verwerk, word navorsingsverwagtinge met betrekking tot aspekte wat motor-voertuigkapers raak, gestel. Die slagoffersteekproef is groter as voorgemelde steekproef, dus kan navorsingsverwagtinge asook enkele navorsingshipoteses met betrekking tot slagoffervatbaarheid en -aandadigheid geformuleer word.

Volgens Pretorius en Theron (1999:13) moet die formulering van hipoteses nie bloot oppervlakkige verskynsels blootlê nie, maar ook verborge oorsake vir die verskynsel wat bestudeer word, aandui. Aangesien hipoteses gebeurde of 'n verband tussen gebeurde wat saam voorkom of mekaar opvolg, moet uitlig, is dit noodsaaklik dat aangetoon word op welke wyse die hipoteses uit die teorie en afgehandelde navorsing voortspruit (Singleton, Straits, Straits & McAllester, 1988:475). In hierdie verband benadruk Huysamen (1976:205-206) ook dat elke hipotese wat geformuleer word, van 'n rasionaal voorsien moet word. Op grond hiervan word sowel die hipoteses as die navorsingsverwagtinge wat in hierdie hoofstuk gestel word, deur 'n rasionaal opgevolg.

4.1 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT ASPEKTE WAT MOTORVOERTUIGKAPERS RAAK

Aangesien al die fases van 'n misdaad, naamlik die beplanning-, uitvoering- en ontvlugtingfase volgens Maree (1995:5, 78) 'n oortreder se *modus operandi* weerspieël, sal die navorsingsverwagtinge in hierdie afdeling aan die hand van hierdie drie fases uiteengesit word.

4.1.1 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT DIE BEPLANNING-FASE

NAVORSINGSVERWAGTING 1

Die meeste motorvoertuigkapers sal aandui dat hulle tyd spandeer aan die beplanning van die kaping. Op grond hiervan word die verwagting geformuleer dat die meeste motorvoertuigkapers vooraf sal besluit

- 1.1 om 'n motorvoertuig op 'n spesifieke dag te kaap
- 1.2 om 'n motorvoertuig op 'n spesifieke tyd van die dag te kaap
- 1.3: om 'n motorvoertuig op 'n spesifieke plek te kaap
- 1.4: om 'n motorvoertuig op 'n spesifieke wyse te kaap
- 1.5: om 'n spesifieke motorvoertuig te kaap
- 1.6: om 'n wapen tydens die motorvoertuigkaping te gebruik
- 1.7: om van medewerkers gebruik te maak
- 1.8: hoe om met die gekaapte motorvoertuig weg te kom
- 1.9: wat om met die gekaapte motorvoertuig te doen.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 1.1 tot 1.9

Volgens die rasionele-keuseperspektief neem misdadigers voor misdaadpleging sekere besluite om die risiko vir mislukking en arrestasie te minimaliseer (Clarke, 1983:232). Empiriese navorsing (Curtis, 1974; Feeney & Weir, 1974; Timrots & Rand, 1987) bevestig dat rowers in die algemeen die omstandighede en vooruitsigte van roof versigtig oorweeg en roofvoorvalle gewoonlik beplan.

Uit die literatuur blyk dit verder dat aspekte soos die dag, tyd, plek en wyse van misdaadpleging, die verkryging en gebruik van wapens, die keuse van medewerkers, die ontsnappingsroete en wat met die geroofde eiendom gedoen gaan word, voor misdaad-pleging deur rowers in ag geneem word (Letkemann, 1982:219; Marais & Van Rooyen, 1990:69; Maree, 1995:111, 175; Snow, 1995:78). Aangesien motorvoertuigkaping as 'n vorm van roof beskou kan word, word die aanname gemaak dat motorvoertuigkapers tyd aan die beplanning van die kaping spandeer.

NAVORSINGSVERWAGTING 2

Motorvoertuigkapers se besluit om 'n motorvoertuig te roof, hou verband met 'n kostevoordeelanalise wat voor misdaadpleging plaasvind. Op grond hiervan word verwag dat die meeste motorvoertuigkapers se besluit om 'n motorvoertuig te roof, beïnvloed word deur

- 2.1: die moontlikheid dat die polisie die voltooiing van die kaping kan verhoed
- 2.2: die moontlikheid dat die slagoffer weerstand kan bied
- 2.3: die moontlikheid dat die slagoffer die kaper kan skiet

- 2.4: die moontlikheid om tydens die kaping beseer te word
- 2.5: die moontlikheid om tydens die kaping te sterf
- 2.6: die moontlikheid om gearresteer te word
- 2.7: die moontlikheid om deur die slagoffer uitgeken te word
- 2.8: die moontlikheid om gevangenisstraf opgelê te word
- 2.9: morele oorwegings
- 2.10: die finansiële voordeel wat die kaping inhou
- 2.11: die respek van vriende indien die kaping suksesvol uitgevoer word
- 2.12: die bewondering van vriende indien die kaping suksesvol uitgevoer word.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 2.1 tot 2.12

Die rasionele-keuseperspektief postuleer dat misdaad die resultaat is van bewuste rasionele keuses en besluite waartydens die kostes, geleenthede, voordele en risiko's verbonde aan 'n misdaad oorweeg word (Clarke, 1996:334; Cornish & Clarke, 1987:933). In die proses kies 'n misdadiger om misdaad te pleeg indien die voordele die moeite of risiko daaraan verbonde, oorskry (Cornish & Clarke, 1987:940). Verder bevestig Katz (1991:283) ook dat roof dikwels die resultaat van 'n rasionele berekeningsproses is waartydens 'n koste-voordeelanalise van die misdaadsituasie gedoen word. Voortspruitend hieruit, word ge-postuleer dat kapers op grond van die inligting tot hulle beskikking, die voor- en nadele van misdaadpleging teen mekaar opweeg, alvorens hulle besluit om 'n motorvoertuig te roof.

4.1.2 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT DIE UITVOERING-FASE

4.1.2.1 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT TEIKENSELEKSIE

NAVORSINGSVERWAGTING 3

Die meeste motorvoertuigkapers is selektief in die keuse van teikens. Op grond hiervan word verwag dat teikenseleksie verband hou met

- 3.1: die fabrikaat van die motorvoertuig
- 3.2: die model van die motorvoertuig
- 3.3: die kleur van die motorvoertuig
- 3.4: die waarde van die motorvoertuig

- 3.5: die aanvraag na onderdeel van die motorvoertuig
- 3.6: die afwesigheid van 'n teenkapingsmeganisme
- 3.7: die bestaan van 'n afsetgebied vir die motorvoertuig
- 3.8: die ouderdom van die slagoffer
- 3.9: die geslag van die slagoffer
- 3.10: die ras van die slagoffer
- 3.11: die voorkoms van die slagoffer
- 3.12: die wyse waarop die slagoffer bestuur
- 3.13: die aantal passasiers wat in die motorvoertuig is
- 3.14: die kaper se assessering van die gemak waarmee die bestuurder oorrompel kan word
- 3.15: die kaper se assessering van die slagoffer se vermoë om weerstand te bied
- 3.16: die kaper se assessering van die moontlikheid dat die slagoffer 'n vuurwapen kan dra
- 3.17: die wapens wat tydens die kaping gebruik sal word
- 3.18: die aantal kapers wat aan die kaping deelneem.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 3.1 tot 3.18

Volgens Barker et al. (1993:23) het misdadigers meestal ideale slagoffers in gedagte en kan hulle selfs beskrywings gee van die kenmerke waarvoor slagoffers moet beskik. Cohen et al. (1981a:655) asook Meadows (1998:95) wys verder daarop dat misdaad nie onwille-keurig plaasvind nie en dat misdadigers meestal spesifieke teikens selekteer. Fattah (1976:107) bevestig ook dat misdadigers dikwels tussen geskikte en minder geskikte teikens onderskei.

Volgens Cook (1976:173) is die meeste rowers selektief in die keuse van teikens. Op grond hiervan en die roetine-aktiwiteitsbenadering se beklemtoning dat 'n geskikte teiken een van die belangrikste komponente van misdaadpleging is (Cohen & Felson, 1979:588), word die aanname gemaak dat motorvoertuigkapers, motorvoertuie en motoriste selekteer wat hulle vanuit hulle verwysingsraamwerk as kwesbaar of geskik beskou.

NAVORSINGSVERWAGTING 4

Teikenseleksie hou verband met die situasionele faktore wat tydens 'n spesifieke motorvoertuigkaping ter sprake is. Op grond hiervan word verwag dat die meeste motorvoertuigkapers aandag skenk aan

- 4.1: die verkeersvloei wanneer hulle 'n teiken selekteer

- 4.2: die afwesigheid van polisiebeamptes in die area wanneer hulle 'n teiken selekteer
- 4.3: die afwesigheid van verkeersbeamptes in die area wanneer hulle 'n teiken selekteer
- 4.4: die afwesigheid van omstanders in die area wanneer hulle 'n teiken selekteer
- 4.5: die bekendheid van die area.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 4.1 tot 4.5

Misdaad is dikwels 'n reaksie op provokasie en/of geleentede wat die onmiddellike situasie vir 'n oortreder inhou (Mayhew et al., 1976:1). In hierdie verband wys Gibbons (1971:275) en Megargee (1982:126) daarop dat die onmiddellike omgewingsfaktore en die sosiale omstandighede op 'n gegewe tydstip, misdaadpleging betekenisvol beïnvloed. Situasionele faktore soos die persone wat teenwoordig is, die interaksie tussen hierdie individue asook die plek waar die interaksie plaasvind, kan misdaadkeuses beïnvloed (LaFree & Birkbeck, 1991:75).

Die roetine-aktiwiteitsbenadering beklemtoon verder dat situasionele geleentede dikwels omstandighede bied wat voordelig vir die pleeg van 'n spesifieke misdaad is. Hierdie situasionele geleentede ontstaan gewoonlik wanneer 'n gemotiveerde oortreder en 'n geskikte teiken in die afwesigheid van beskerming op 'n gegewe plek en sekere tyd bymekaar kom (Cohen & Cantor, 1980:114; Cohen & Felson, 1979:592). Aangesien Conklin (1972:72) meen dat 'n betekenisvolle persentasie van alle roofvoorvalle deur situasionele misdaad-geleentede gepresipiteer word, kan die aanname gemaak word dat situasionele faktore ook in die geval van motorvoertuigkaping, misdaadpleging sal beïnvloed.

4.1.2.2 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT DIE *MODUS OPERANDI* VAN DIE KAPER

NAVORSINGSVERWAGTING 5

Die meeste motorvoertuigkapers verkies

- 5.1: 'n spesifieke dag van die week om 'n motorvoertuig te kaap
- 5.2: 'n spesifieke tyd van die dag om 'n motorvoertuig te kaap
- 5.3: 'n spesifieke plek om 'n motorvoertuig te kaap
- 5.4: spesifieke omstandighede waaronder 'n motorvoertuig gekoop kan word
- 5.5: om van medewerkers gebruik te maak
- 5.6: om 'n ander motorvoertuig tydens die kaping te gebruik.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 5.1 tot 5.6

Gabor et al. (1987:57) wys daarop dat 'n oortreder se *modus operandi* nie altyd stagnant bly nie, aangesien misdadigers dikwels hulle tegnieke en werkwyses ooreenkomstig veranderende omstandighede verfyn en aanpas. Desnieteenstaande bevestig navorsing (Leonard, 1971:75; MacDonald, 1975:62; Marais & Van Rooyen, 1990:25-26; Weston & Wells, 1990:104) dat die meeste misdadigers op 'n kenmerkende wyse te werk gaan tydens die pleeg van 'n misdaad. Hierdie aanname word ondersteun deur die rasonele-keuseper-spektief wat die standpunt huldig dat besluitnemingsprosesse voor en tydens misdaad-pleging ook die keuse met betrekking tot *modus operandi* insluit (Cornish & Clarke, 1987:942; Johnson & Payne, 1986:171).

Aanduidings bestaan dat motorvoertuigkapinge op 'n spesifieke dag van die week, tyd van die dag, plek en wyse voorkom (Erasmus, 1996b:6; Louw, 1998:64; Myerson, 1995:100). Die afleiding kan dus gemaak word dat daar 'n verband bestaan tussen motorvoertuigkapers se keuse om 'n kaping te onderneem en bogenoemde veranderlikes.

NAVORSINGSVERWAGTING 6

Die meeste kapers maak gebruik van verbale dreigemente wanneer hulle 'n motorvoertuig roof.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 6

Aangesien roof meestal met dreigemente van geweld gepaard gaan, kan aanvaar word dat die meeste motorvoertuigkapers ook van dreigemente gebruik maak wanneer hulle 'n motoris van sy of haar motorvoertuig beroof (MacDonald, 1975:67; Meadows, 1998:91; Motorkapers ontsien niks en niemand nie, 1995:3; Simon, 1996:41). Op grond van Luckenbill (1980:364) se aanname dat rowers meestal hulle slagoffers deur middel van verbale uitinge en/of simboliese gebare dreig, word die verwagting gestel dat meeste kapers slagoffers op hierdie wyse sal dreig.

NAVORSINGSVERWAGTING 7

'n Groot aantal kapers maak gebruik van geweld tydens die roof van 'n motorvoertuig. Op grond hiervan word die volgende gepostuleer:

- 7.1: Die meeste kapers maak gebruik van 'n vuurwapen wanneer hulle 'n motorvoertuig roof.
- 7.2: Geweld kom meer voor wanneer die kaper die slagoffer as 'n struikelblok in sy doelbereiking beskou.
- 7.3: Geweld kom meer voor wanneer die kaper jonger as 30 jaar is.
- 7.4: Geweld kom meer voor wanneer die slagoffer weerstand teen viktimisasie bied.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 7.1 tot 7.4

Luckenbill (1980:364) wys daarop dat geweld tydens 'n roofvoorval as aansporingsgeweld en inkapasitasiegeweld kan manifesteer. In eersgenoemde geval word die slagoffer fisiek beseer om die rower se bedoelings oor te dra, terwyl laasgenoemde gebruik word om die slagoffer onmiddellik te immobiliseer.

Uit navorsingsbevindinge (Beirne & Messerschmidt, 1991:99; Block, 1977:10; Cook, 1987:374; Gabor et al., 1987:88; Kleck & DeLone, 1993:57; MacDonald, 1975:138; Maree, 1995:133; Normandeau, 1968:114) blyk dit dat die tipe en kaliber vuurwapen asook die ouderdom van die kapers, met geweld en beserings verband kan hou. Morele oorwegings en slagofferopptrede kan in aansluiting hierby ook die toepassing van geweld en beserings tydens roof beïnvloed. Derhalwe word verwag dat hierdie faktore ook tydens motorvoertuigkapings 'n rol sal speel.

4.1.3 NAVORSINGSVERWAGTING MET BETREKKING TOT DIE AFHANDELING-FASE

NAVORSINGSVERWAGTING 8

Die meeste motorvoertuigkapers sal die motorvoertuig kaap met die oogmerk om dit te verkoop.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 8

Volgens Myerson (1995:105) kan die meeste motorvoertuigkapers as operasionele of sindikaatmisdaadkapers beskou word. Dit impliseer dat hulle 'n motorvoertuig selde vir eie gebruik sal kaap. Aangesien die rasonele-keuseperspektief in aansluiting hierby benadruk dat die finansiële voordeel wat motorvoertuigkapings inhou 'n belangrike fasiliterende faktor hiervoor is, kan gepostuleer word dat die meeste motorvoertuigkapers die gekaapte motorvoertuig in 'n meer bruikbare medium, naamlik kontant sal wil omsit deur die motorvoertuig te verkoop.

4.2 NAVORSINGSVERWAGTINGE EN HIPOTEESES MET BETREKKING TOT ASPEKTE WAT SLAGOFFERS RAAK

Ten einde die invloed van slagoffervatbaarheid en -aandadigheid tydens 'n motorvoertuig-kaping te bepaal en vas te stel hoe slagoffers tydens die kaping van 'n motorvoertuig optree, word daar ook verskeie navorsingsverwagtinge in hierdie afdeling geformuleer. In gevalle waar die gebruik van statistiese tegnieke moontlik is, word hipoteses geformuleer.

4.2.1 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT SLAGOFFER-VATBAARHEID

NAVORSINGSVERWAGTING 9

Motoriste se vatbaarheid vir 'n motorvoertuigkaping word beïnvloed deur hulle

- 9.1: ouderdom
- 9.2: geslag
- 9.3: ras
- 9.4: beroep.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 9.1 tot 9.4

Volgens die tipologieë van Von Hentig en Van der Westhuizen kan demografiese eienskappe soos ouderdom, geslag, lidmaatskap aan minderheidsgroepe asook die beroep wat 'n individu beoefen, slagoffervatbaarheid betekenisvol beïnvloed. Hierdie faktore kan daartoe bydra dat 'n individu as 'n geskikte teiken beskou word. Volgens die roetine-aktiwiteits-benadering hou roetine-aktiwiteite ook verband met die demografiese eienskappe van die individu en kan dit 'n individu se sigbaarheid en blootstelling aan gemotiveerde oortreders verhoog (Cohen et al., 1981a:648). Messner en Tardiff (1985:242) wys verder daarop dat demografiese faktore die saamvloei of konvergensie van 'n gemotiveerde oortreder en 'n geskikte teiken in die afwesigheid van beskerming kan beïnvloed.

Alhoewel Myerson (1995:100) meen dat enige motorvoertuigbestuurder 'n potensiele kappingslagoffer is, blyk dit uit navorsingsbevindings (Crime Information Management Centre, 1998:61; Kgorani, n.d.:3; Louw, 1998:59-60; Meadows, 1998:95; Roodbol, 1995:10), dat motorvoertuigkapers slagoffers van 'n spesifieke ras, geslag en ouderdom selekteer. Op grond hiervan word gepostuleer dat demografiese veranderlikes vatbaarheid betekenisvol sal

beïnvloed.

NAVORSINGSVERWAGTING 10

Motoriste se vatbaarheid vir 'n motorvoertuigkaping word beïnvloed deur die fabrikaat motorvoertuig wat hulle bestuur.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 10

Volgens Kgorani (n.d.:2) toon motorvoertuigkapers voorkeure met betrekking tot die fabrikaat van die motorvoertuie wat gekaap word. Op grond hiervan en vanweë die feit dat sindikaatlede en tussengangers kapers dikwels adviseer met betrekking tot die keuse van 'n geskikte teiken, word gepostuleer dat die fabrikaat van die motorvoertuig wat die slagoffer bestuur, slagoffervatbaarheid kan beïnvloed.

NAVORSINGSVERWAGTING 11

Motoriste se vatbaarheid vir 'n motorvoertuigkaping word beïnvloed deur die waarde van die motorvoertuig wat hulle bestuur.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 11

Mkhondo (1994:10) wys daarop dat kapers dikwels motorvoertuie in 'n spesifieke prysklas kaap. Motorvoertuie in die prysklas R31 000 tot R80 000 is veral gewild (Shurlok - The company profile, 1997:35). Vanweë die feit dat motorvoertuigkappings hoofsaaklik vir ekonomiese gewin gepleeg word, kan die aanname gemaak word dat die waarde van 'n motorvoertuig 'n belangrike rol speel en kwesbaarheid kan beïnvloed.

NAVORSINGSVERWAGTING 12

Meer motorvoertuie sonder teenkapingsmeganismes word gekaap.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 12

Die rasionele-keuseperspektief beklemtoon dat teikenverharding, soos die installering van opsporing- en herwinningstelsels in motorvoertuie, misdaadvoorkomingswaarde het. Die rede

hiervoor is dat dit as 'n inhiberende faktor vir misdaadpleging beskou kan word (Clarke, 1983:232-233).

Hierdie aanname is in ooreenstemming met die roetine-aktiwiteitsbenadering wat daarop wys dat tegnologiese hulpmiddels 'n beskermingsrol tydens misdaadpleging kan speel (Cohen & Felson, 1979:59). Voortspruitend hieruit word gepostuleer dat motoriste se vatbaarheid deur die teenwoordigheid van 'n teenkapingsmeganisme in die motorvoertuig beïnvloed word en dat meer motoriste sonder teenkapingsmeganismes gekaap sal word.

NAVORSINGSVERWAGTING 13

Meer motoriste wat nie op motorvoertuigkapings ingestel is nie, sal gekaap word as diegene wat wel daarop ingestel is.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 13

Bard en Sangrey (1986:xvi) wys daarop dat slagoffers nie altyd glo dat hulle geviktimizeer kan word nie en dat hierdie aspek daartoe lei dat hulle nie op viktimisasie voorbereid is nie. Mediaberigte (Hijacking!, 1996:12; How to deal with car hijacking, 1996:28) wat hierby aansluit, dui daarop dat slagoffers nie altyd op die uitkyk is vir verdagte persone en motorvoertuie by stopstrate, verkeersligte, wanneer hulle in besige stadsverkeer bestuur of hulle wonings nader nie.

Myerson (1995:118) meen verder dat sintuie dikwels oorlaai word en individue nie altyd op hulle onmiddellike omgewing konsentreer wanneer hulle 'n motorvoertuig bestuur nie. Vanweë die feit dat 'n vermindering in waaksaamheid die risiko vir 'n kaping kan verhoog en voorkomingsmaatreëls met betrekking tot motorvoertuigkaping ook fokus op die verhoging van waaksaamheid, word gepostuleer dat meer motoriste wat nie op kapings ingestel is nie, gekaap sal word as diegene wat wel daarop ingestel is.

NAVORSINGSVERWAGTING 14

Motoriste wat alleen in die motorvoertuig is, se risiko vir 'n motorvoertuigkaping is groter as diegene met passasiers.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 14

Volgens Normandeau (1968:224) is 'n enkellopende individu se risiko om beroof te word, tien maal hoër as dié van individue wat in groepe van twee of meer persone rondbeweeg. In 'n verslag van die Misdaadinligtinganalisesentrum (<http://www.polity.org.za/govdocs/reports/crime397.html>.) word die standpunt gehuldig dat die teenwoordigheid van ander individue 'n motorvoertuigkaper kan ontmoedig om 'n motorvoertuig te roof. Hierdie aanname is in ooreenstemming met die roetine-aktiwiteitsbenadering wat benadruk dat die teenwoordigheid van meer as een individu in 'n motorvoertuig, vatbaarheid vir slagofferskap kan verminder. Dit word toegeskryf aan die moontlikheid dat 'n medepassasier beskerming kan bied. Voortspruitend hieruit word gepostuleer dat motoriste se vatbaarheid beïnvloed word deur die aantal passasiers wat in die motorvoertuig teenwoordig is.

4.2.2 NAVORSINGSVERWAGTINGE EN HIPOTEESES MET BETREKKING TOT SLAGOFFERAANDADIGHEID

NAVORSINGSVERWAGTING 15

Die meeste slagoffers tref nie die nodige voorsorgmaatreëls teen motorvoertuigkaping ten opsigte van

- 15.1: die toemaak van vensters
- 15.2: die sluit van deure
- 15.3: die dra van sleutels buite sig
- 15.4: die dra van 'n sitplekgordel nie.

HIPOTEESE 1

Betekenisvol meer mans as vroue wat gekaap word, tref nie die nodige voorsorgmaatreëls teen motorvoertuigkaping ten opsigte van

- 1.1: die toemaak van vensters
- 1.2: die sluit van deure
- 1.3: die dra van sleutels buite sig
- 1.4: die dra van 'n sitplekgordel nie.

HIPOTEESE 2

Betekenisvol meer slagoffers jonger as 30 jaar as diegene wat 30 jaar en ouer is, tref nie die nodige voorsorgmaatreëls teen motorvoertuigkaping ten opsigte van

- 2.1: die toemaak van vensters
- 2.2: die sluit van deure
- 2.3: die dra van sleutels buite sig
- 2.4: die dra van 'n sitplekgordel nie.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 15 asook hipoteses 1 en 2

Gabor en Normandeu (1989:276) is van mening dat roofvoorvalle dinamiese gebeure is en dat slagoffers soms die misdade presipiteer. In ooreenstemming met Normandeu (1968:288, 291) se verwysing na versoeking-geleenthede wat tydens roof ter sprake is, meld Galaway en Hudson (1981:172) dat 'n betekenisvolle aantal roofvoorvalle gefasiliteer word omdat slagoffers nie die elementêre voorkomingsmaatreëls tref om roof te voorkom nie. Aangesien die tipologie wat saamgestel is om slagofferaandadigheid tydens motorvoertuigkaping te klassifiseer, 'n kategorie bevat vir slagoffers van motorvoertuig-kaping wat nie altyd die nodige voorkomingsmaatreëls tref om 'n kaping te voorkom nie, word gepostuleer dat die meeste slagoffers nie die nodige voorsorgmaatreëls teen die voorkoming van kappings tref nie. Vanweë die feit dat mediaberigte (Hijacking spree, 1994: 1; Man sy wysvinger kwyt na kaping, 1997:4) suggereer dat geslag en ouderdom moontlik ook met versoeking-geleenthede tydens 'n kaping verband hou, word hierdie veranderlikes ook met mekaar in verband gebring.

NAVORSINGVERWAGTING 16

Die meeste slagoffers plaas hulleself in potensieel gevaarlike situasies deur

- 16.1: langs die pad te stop om te rus, eet en/of 'n biologiese nood te verrig
- 16.2: passasiers en/of goedere op of af te laai
- 16.3: in 'n geparkeerde motorvoertuig te sit en wag
- 16.4: 'n ryloper op te laai
- 16.5: die motorvoertuig opsigtelik te nader en buite die motorvoertuig na die sleutel van die motorvoertuig te soek
- 16.6: 'n vaste roetine elke dag te volg.

HIPOTESE 3

Betekenisvol meer mans as vroue plaas hulleself in potensieel gevaarlike situasies deur

- 3.1: langs die pad te stop om te rus, eet en/of 'n biologiese nood te verrig
- 3.2: passasiers en/of goedere op of af te laai
- 3.3: in 'n geparkeerde motorvoertuig te sit en wag
- 3.4: 'n ryloper op te laai
- 3.5: die motorvoertuig opsigtelik te nader en buite die motorvoertuig na die sleutel van die motorvoertuig te soek
- 3.6: 'n vaste roetine elke dag te volg.

HIPOTESE 4

Betekenisvol meer slagoffers jonger as 30 jaar as diegene wat 30 jaar en ouer is, plaas hulleself in potensieel gevaarlike situasies deur

- 4.1: langs die pad te stop om te rus, eet en/of 'n biologiese nood te verrig
- 4.2: passasiers en/of goedere op of af te laai
- 4.3: in 'n geparkeerde motorvoertuig te sit en wag
- 4.4: 'n ryloper op te laai
- 4.5: die motorvoertuig opsigtelik te nader en buite die motorvoertuig na die sleutel van die motorvoertuig te soek
- 4.6: 'n vaste roetine elke dag te volg.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 16 asook hipoteses 3 en 4

Die betreding van gevaarlike situasies wat die potensiaal vir viktimisasie inhou, kan volgens die saamgestelde tipologie met betrekking tot slagofferaandadigheid tydens motorvoertuigkaping, tot kaping bydra. Die fisieke binnegaan van 'n geografiese gebied en/of sosiale situasie wat 'n hoë viktimisasierisiko inhou, kan as onverantwoordelike uitnodiging beskou word en die risiko vir kaping verhoog. Fattah (1976:108) beklemtoon dat slagofferoptrede van hierdie aard selfs daartoe kan lei dat misdaad geregverdig en uiteindelik uitgevoer word. Op grond hiervan word gepostuleer dat die meeste slagoffers wat gekaap is, hulleself in gevaarlike situasies geplaas het wat die potensiaal vir 'n motorvoertuigkaping inhou.

Die moontlike verband tussen geslag, ouderdom en die betreding van potensieel gevaarlike

situasies word gebaseer op mediaberigte (How to avoid being a hijack victim: Safety first, 1995:6; Second time round no easier, 1995:12) wat daarop dui dat daar moontlik 'n verband tussen die veranderlikes kan bestaan.

NAVORSINGSVERWAGTING 17

Die meeste slagoffers bestuur roekeloos net voordat hulle motorvoertuie gekaap word.

Rasionaal vir navorsingsverwagting 17

Alhoewel provokasie tydens 'n roofvoerval beperk is (Galaway & Hudson, 1981:162), kan slagoffers volgens die saamgestelde tipologie met betrekking tot slagofferaan-dadigheid tydens motorvoertuigkaping, aanleiding gee tot 'n kaping deur roekeloos te bestuur. Hieruit voortspruitend word gepostuleer dat die meeste slagoffers net voor die kaping roekeloos bestuur.

4.3 SLOTBESKOUIING

In die voorafgaande gedeelte is navorsingsverwagtinge en hipoteses geformuleer om as riglyn vir die studie te dien. Waar moontlik, is elke verwagting en hipotese van 'n rasionaal voorsien. Aangesien die studie grootliks verkennend van aard is, bestaan daar nie noodwendig altyd gegewens waarop 'n rasionaal vir navorsingsverwagtinge en hipoteses gefundeer kan word nie (Mouton & Marais, 1988:43). Derhalwe sal inligting wat toevallig tydens die ondersoek aan die lig kom, ook geïnterpreteer word. Bezuidenhout (1994:117) wys in hierdie verband daarop dat dit belangrik is om nie toevallige bevindings te ignoreer nie, aangesien dit dikwels die basis lê vir die generering van hipoteses vir verdere navorsing.

5. NAVORSINGSONTWERP

Die navorsingsmetodologie wat gevolg is om die navorsingsverwagtinge en hipoteses wat in Hoofstuk 4 gestel is te toets, word vervolgens bespreek. Verder sal die meet-instrumente wat ontwikkel is, die wyse waarop steekproeftrekking plaasgevind het, die metodes wat gebruik is vir die insameling van data asook die statistiese tegnieke waarvolgens die data verwerk en ontleed is, in die hoofstuk toegelig word.

5.1 METODOLOGIESE VERANTWOORDING

Vir doeleindes van die studie is van 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe metodologie gebruik gemaak. Op aanbeveling van Mouton en Marais (1988:174), wat daarop wys dat 'n kwalitatiewe benadering die aangewese benadering is om te volg wanneer 'n verskynsel in diepte of wese verstaan wil word, word dié metodologie gevolg ten einde kapers se besluitnemingsprosesse voor misdadpleging en hulle *modus operandi* te bestudeer. Heyink en Tymstra (1993:300) wat bogenoemde steun, voer aan dat 'n kwalitatiewe aanslag geskik is wanneer 'n navorser belangstel in respondente se eie interpretasie van gebeure, hulle motiewe, emosies en ervarings. Aangesien die kapers se persepsies in die onderhawige studie van belang is en daar op die aard eerder as hoeveelheid of kwantiteit gefokus word (Silverman, 1998:103; Whitt, 1991:407), word 'n kwalitatiewe metodologie in die geval as geskik beskou.

Mouton en Marais (1988:174) meld verder dat 'n kwantitatiewe benadering geskik is wanneer 'n oorsig van 'n verskynsel gegee word en daar gepoog word om verbande tussen verskynsels te trek. Ten einde die rol van slagoffervatbaarheid en -aandadigheid te bepaal, is besluit om die inligting wat van die slagoffers verkry word, te kwantifiseer en waar moontlik statisties te ontleed. 'n Kwantitatiewe metodologie word dus in die geval van slagoffers gebruik.

Maree (1995:14) wat die gebruik van beide metodologieë steun, wys daarop dat die "objektiwiteit" van die kwantitatiewe benadering en die "subjektiwiteit" van die kwalitatiewe benadering sinvol in een studie aangewend kan word.

5.2 MEETINSTRUMENTE

Ten einde die navorsingsverwagtinge en die hipoteses wat in die onderhawige studie gestel is te toets, is sowel 'n onderhoudskedule vir die voer van semi-gestruktureerde onderhoude (Bylae III) as 'n vraelys (Bylae IV: Afrikaans en Bylae V: Engels) vir doeleindes van die ondersoek opgestel.

5.2.1 ONDERHOUDSKEDULE

Alhoewel sekondêre inligting met betrekking tot die *modus operandi* van kapers van slagoffers verkry kan word, wys Maree (1995:185) daarop dat inligting met betrekking tot die *modus operandi* van oortreders eerstehands verkry kan word deur oortreders self by 'n ondersoek te betrek. Weens etiese redes en wetlike verpligtinge kan die beplanning en uitvoering van 'n motorvoertuigkaping nie meegemaak en direk waargeneem word nie. Derhalwe is respondente betrek wat in die gevangenis aangehou en vir motorvoertuigkaping gevonnies is. Die verlangde data is met behulp van semigestruktureerde onderhoude retrospektief van die kapers ingesamel.

Alhoewel individuele onderhoude tydrowend is (Fink & Kosecoff, 1985:13), meen Millon en Diesenhaus (1972:60) asook Seale (1998:202) dat hierdie data-insamelingsmetode, in diepte navorsing moontlik maak. Sowel Goldkamp (1987:137) as Morrison en O'Donnell (1994:18) poneer in aansluiting hierby dat detail inligting met betrekking tot persepsie slegs verkry kan word deur middel van 'n buigsame benadering wat tydens onderhoudvoering gevolg word.

Eksponente van die rasonele-keuseperspektief (Cornish & Clarke, 1986:14) wys verder daarop dat onderhoudvoering die beste metode is om inligting met betrekking tot misdadigerbesluitneming in te win. Morrison en O'Donnell (1994:11) wat hiermee akkoord gaan, bevestig dat

it is difficult to assess ... the extent to which offenders behave rationally ... without interviewing them about their perceptions of the opportunities afforded by different physical environments, and their subjective evaluations of different schedules of reward and punishment.

Aangesien die subjektiewe ervarings en besluitnemingsprosesse van motorvoertuig-kapers in die onderhawige studie van belang is en die moontlikheid bestaan dat kapers nie geletterd of in staat is om 'n vraelys onafhanklik in te vul nie, leen die individuele onderhoud hom tot gebruik in die onderhawige studie. Allport (aangehaal in Smit, 1983:154) wat die gebruik van

onderhoude tydens navorsing steun, konstateer dat “if we want to know how people feel, what they experience and what they remember, what their emotions and motives are like, and the reasons for acting as they do - why not ask them?”.

Ten einde struktuur en rigting aan die onderhoude te verskaf, is spesifieke vrae wat vir die data-insameling nodig is, in ‘n onderhoudskedule ingesluit. Die onderhoudskedule wat ‘n fasiliterende funksie verrig, naamlik om die misdadiger se siening te eksploreer, is in vyf afdelings verdeel, naamlik:

A. Biografiese gegewens

Afdeling A het betrekking op biografiese inligting soos die ouderdom, ras en opvoedkundige kwalifikasie van die kaper.

B. Inligting met betrekking tot die beplanning van ‘n motorvoertuigkaping

In hierdie afdeling word aspekte rakende die beplanningfase geëksploreer. Spesifieke vrae met betrekking tot faktore wat ‘n kaper voor ‘n motorvoertuigkaping oorweeg, is ook ingesluit ten einde te bepaal of ‘n kostevoordeelanalise tydens motorvoertuigkaping ter sprake is.

C. Inligting met betrekking tot teikenseleksie

Afdeling C het betrekking op die mate waarin die motorvoertuigkaper selektief in die keuse van teikens is. Die eerste gedeelte van hierdie afdeling sentreer rondom die seleksie van die motorvoertuig, terwyl die tweede afdeling op aspekte wat bygedra het tot die seleksie van ‘n spesifieke motoris fokus. Situasionele faktore wat teikenseleksie kan beïnvloed, word ook hier ondersoek.

D. Inligting met betrekking tot die *modus operandi*

Hierdie afdeling sentreer rondom die uitvoering- en afhandelingfase van die motorvoertuigkaping. Vrae rakende die dag, tyd van die dag, plek en omstandighede waaronder die kaping plaasgevind het asook die dreigemente en geweld wat tydens die kaping van die motorvoertuig ter sprake was, word in hierdie gedeelte gestel. Wat die kaper met die gekaapte motorvoertuig doen, word ook hier ondersoek.

E. Algemene inligting

'n Aantal vrae wat op die voor- en nadele asook die moontlike voorkoming van motorvoertuigkaping betrekking het, word in hierdie afdeling gestel.

Ten einde die eerlike beantwoording van vrae te toets (Seale & Filmer, 1998:134), is verskeie kontrolevrae in die onderhoudskedule ingebou. Alhoewel geslote vrae (waar die respondent gevra word om 'n keuse tussen voorafbepaalde responsmoontlikhede te maak) by die onderhoudskedule ingesluit is, is verskeie oop vrae (waar geen antwoordkategorieë voorsien is nie) ook geformuleer. Ongeag die feit dat geslote vrae maklik verwerk word (Seale & Filmer, 1998:130), verskaf dit volgens Hagan (1982:81) nie die kwaliteit inligting wat vir kwalitatiewe navorsing benodig word nie. Phillips (1985:241) beklemtoon in aansluiting hierby dat geslote vrae respondente ook kan dwing om in 'n sekere rigting te dink en 'n antwoord te verskaf op vrae waaroor hulle nog nie 'n opinie gevorm het nie. Bailey (1987:120) wat bogenoemde onderskryf, wys verder daarop dat die gebruik van oop vrae meer sinvol is in dié sin dat dit geleentheid bied vir onverwagse of onvoorbedagte antwoorde of response wat vir die ondersoek van waarde kan wees.

Vanweë die feit dat al die kapers wat by die ondersoek betrek is Engels magtig was, is die onderhoudskedule slegs in Engels opgestel. Sekere woorde en sinsnedes is egter vereenvoudig om aan te pas by die taalvaardigheid van die respondente.

5.2.2 VRAELYSTE

Aangesien kapingslagoffers regoor Suid-Afrika by die ondersoek betrek is en individuele onderhoude met respondente te veel tyd in beslag sou neem (Alreck & Settle, 1995:34; Fowler, 1988:68), is 'n posvraelys in hierdie geval as meetinstrument gebruik. Fowler (1988:68, 71) bevestig dat meer respondente deur middel van 'n posvraelys by 'n ondersoek betrek kan word en wys verder daarop dat die posvraelys die ideale tegniek is om te gebruik wanneer viktimisasie-opnames beplan word.

Aangesien geen vraelyste bestaan wat op die aard van die navorsing betrekking het nie, was die navorser genoodsaak om self vraelyste te ontwikkel ten einde die verlangde data in te samel. Alhoewel die vraelys uit drie afdelings bestaan, het slegs afdeling A en 'n gedeelte van afdeling B op die onderhawige studie betrekking. Die res van afdeling B asook afdeling C gaan vir verdere navorsingsprojekte rakende slagofferoptrede en die gevolge van motorvoertuigkappings aangewend word. Ten einde ander navorsers egter in staat te stel om

die vraelys in geheel te gebruik, geniet al die afdelings vervolgens aandag. Die afdelings sien soos volg daaruit:

A. Biografiese gegewens

Hierdie afdeling verskaf biografiese inligting rakende die ouderdom, geslag, ras en beroep van die slagoffer.

B. Inligting met betrekking tot die kaping van die motorvoertuig

Afdeling B bevat vrae met betrekking tot aspekte wat 'n motoris se kwesbaarheid vir 'n motorvoertuigkaping verhoog. Wysies waarop motoriste die roofvoorval kan presipiteer, word ook hier ondersoek. Slagofferoptrede tydens 'n motorvoertuigkaping en hoe dit verband hou met die aard van geweld wat tydens die voorval ter sprake is asook die mate waarin slagoffergedrag (bv. weerstand) die risiko vir besering kan verhoog, word ook in hierdie afdeling onder die loep geneem. Polisiereaksie op die aanmelding van die misdadig geniet ook hier aandag.

C. Gevolge van die kaping

Hierdie afdeling sentreer rondom die fisieke, emosionele en finansiële gevolge wat motorvoertuigkaping vir die slagoffer daarvan inhou.

Ten einde kodering en statistiese verwerking te vergemaklik, is verskeie geslote vrae, in besonder digotome vrae (waar die respondent gevra word om 'n keuse tussen twee responsmoontlikhede te maak) geformuleer (De Vaus, 1986:74). Waar nodig is die vrae met oop vrae opgevolg ten einde antwoorde te kwalifiseer. Alhoewel die gebruik van oop vrae waar moontlik in kwantitatiewe navorsing vermy moet word, wys Seale en Filmer (1998:131) daarop dat dit wel oorweeg kan word indien die navorser seker is dat die respondente gemotiveer sal wees om tyd te spandeer om oor hulle ervarings te skryf. Aangesien al die respondente aan wie vraelyste gestuur is, vooraf aangedui het dat hulle bereid is om aan die navorsing deel te neem, is besluit om oop vrae in te sluit ten einde aan die kriteria van verkennende en beskrywende navorsing te voldoen (Hagan, 1982:81).

Respondente wat 'n behoefte het om antwoorde verder te kwantifiseer of ander inligting te verskaf wat moontlik op die studie betrekking het, is versoek om dit op 'n aparte bladsy te

doen. Soos in die geval van die onderhoudskedule is kontrolevrae deurlopend ingebou ten einde interne geldigheid te verseker (Fink & Kosecoff, 1985:50).

Alhoewel al die respondente wat bereid was om aan die studie deel te neem, nie almal Afrikaans of Engels as huistaal gebruik nie, het hulle aangedui dat hulle óf Afrikaans óf Engels magtig is en dat dit nie vir hulle 'n probleem is om die vraelys in een van die tale in te vul nie. Ten einde te verseker dat waardevolle inligting nie verlore gaan as gevolg van beperkte taalvaardigheid nie, is woorde en sinsnedes vereenvoudig en waar nodig omskryf. Die begrip motorvoertuig is byvoorbeeld deurlopend met die begrip "motor" ("car") vervang ten einde leesbaarheid te vergemaklik.

Aangesien slagofferblamerings 'n aspek is wat in gedagte gehou moet word wanneer vrae met betrekking tot slagofferaandadigheid gestel word, is vrae ook so geformuleer dat dit nie die indruk by respondente kan skep dat hulle vir die kaping verantwoordelik was en daarvoor geblameer word nie.

Die posvraelys is vergesel van 'n dekbrieff (Bylae IV: Afrikaans en Bylae V: Engels), wat respondente enersyds inlig met betrekking tot die doel van die studie en andersyds anonimiteit waarborg (Alreck & Settle, 1995:194-195).

5.2.3 LOODSONDERSOEK

Op grond van Fowler (1988:103) se aanname dat 'n "perfekte" meetinstrument goeie navorsingsresultate verseker, is loodsondersoeke of proefondersoeke onderneem ten einde die doeltreffendheid van die meetinstrumente te toets en om probleme in die verband te identifiseer (Phillips, 1985:225).

5.2.3.1 Onderhoudskedule vir motorvoertuigkapers

Die onderhoudskedule is vir informele toetsing aan twee kundiges, verbonde aan die Departement Kriminologie, Universiteit van Pretoria (UP), vir beoordeling voorgelê. Op grond van hulle aanbevelings is enkele tegniese en inhoudelike wysigings aan die onderhoudskedule aangebring.

Aangesien die steekproef van motorvoertuigkapers klein is, was dit nie moontlik om 'n formele loodsondersoek in hulle geval te doen nie. Op grond van Millon en Diesenhaus (1972:56) se aanname dat onderhoudvoering 'n geskikte metode is om detail inligting met betrekking tot persepsies in te win, is besluit om die onderhoudskedule na die informele toetsing te finaliseer en as meetinstrument te gebruik.

5.2.3.2 Vraelys vir kapingslagoffers

Ten einde te bepaal of die vraelys aan die beginsels van vraag- en vraelyskonstruksie voldoen (Fowler, 1988:103), is dit vir informele toetsing aan twee kollegas in die Departement Kriminologie asook aan 'n personeellid van die Akademiese Rekenaar-ondersteuningafdeling, UP, wat 'n kundige op die gebied van vraelyskonstruksie is, vir beoordeling voorgelê. Vanweë die feit dat die inligting statisties verwerk moes word, is die vraelys ook deur twee statistici van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, UP, geëvalueer ten einde te bepaal of die vraelys die toetsing van die hipoteses moontlik maak en of dit met bestaande statistiese tegnieke getoets kan word.

Nadat die vraelys volgens hierdie kundiges se aanbevelings en riglyne aangepas is, is formele toetsing met nege slagoffers van 'n motorvoertuigkaping onderneem. Sowel Afrikaans- as Engelssprekende respondente is by die loodsondersoek betrek.

Tydens die loodsondersoek is veral gelet op die tyd wat dit slagoffers neem om die vraelys in te vul. Vanweë die groot aantal oop vrae wat by die vraelys ingesluit is en die moontlikheid dat respondente vermoeid of verveeld met die vraelys kan raak, het die tydfaktor tydens formele toetsing veral aandag geniet. Op grond van Fink en Kosecoff (1985:42) se aanbeveling dat die invul van 'n vraelys nie langer as 'n halfuur moet duur nie en die feit dat al nege respondente tussen 20 en 30 minute geneem het om die vraelys te voltooi, is die aantal oop vrae nie as 'n remmende faktor beskou nie.

Die meetinstrument is ook krities geanaliseer in terme van die vraagorde en die relevansie van vrae. Dubbelsinnige vrae asook vrae wat onduidelik was en nie deur respondente verstaan is nie, is geïdentifiseer en gewysig. Wysigings met betrekking tot die instruksies van sekere vrae is aangebring en responsmoontlikhede wat nie wedersyds uitsluitend was nie, is aangepas (De Vaus, 1986:72; Fowler, 1988:104).

Die respondente wat by die loodsstudie betrek is, is ook na die voltooiing van die vraelys versoek om enige ander tegniese en inhoudelike aanbevelings te maak. Hierdie aanbevelings is oorweeg en waar moontlik by die vraelys geïnkorporeer.

5.3 STEEKPROEFTREKKING EN DATA-INSAMELING

Aangesien alle motorvoertuigkapers en kapingslagoffers nie by die ondersoek betrek kon word nie, was dit nodig om steekproewe uit die twee populasies te trek (Reid & Smith, 1981:168). Die steekproefstrategieë wat gevolg is, die samestelling van die steek-proewe asook die wyse waarop die data ingesamel is, geniet vervolgens aandag.

5.3.1 STEEKPROEFSTRATEGIEË

Aangesien daar in albei gevalle geen steekproefraamwerk tot die navorser se beskikking was wat die grense of omvang van die betrokke universum aandui nie, kon die waarskynlikheid dat elke element uit die universum 'n gelyke kans sou hê om in die steekproef opgeneem te word, nie bereken word nie (Phillips, 1985:191; Seale & Filmer, 1998:139). Gevolglik is daar op nie-waarskynlikheids- of nie-ewekansige steekproef-trekkingsstrategieë besluit.

5.3.1.1 STEEKPROEF 1: MOTORVOERTUIGKAPERS

Die samestelling van steekproef 1 word vervolgens bespreek.

5.3.1.1.1 Samestelling van die steekproef

Weens die onbekendheid van die universum van motorvoertuigkapers en dus ook hulle onbereikbaarheid, is besluit om individue wat vir motorvoertuigkaping gevonnissen is en gevangenisstraf daarvoor uitdien, by die ondersoek te betrek. 'n Skriftelike aansoek, vergesel van 'n navorsingsvoorstel is aan die Departement Korrektiewe Dienste gestuur, waarna toestemming (Bylae VI) verleen is om met die navorsing voort te gaan.

Geskikte respondente is op 'n doelgerig-teoretiese wyse deur gevangenispersoneel vir deelname geïdentifiseer. Volgens De Vaus (1986:68) en Ehlers (1987:52) is die waarde van

die doelgerig-teoretiese steekproef juis daarin geleë dat spesifieke gevalle wat aan die behoeftes van die studie voldoen, geselekteer kan word om in die steekproef opge-neem te word. Aangesien Gauteng as die “kapingshoofstad” beskou word (Gauteng remains SA's hijacking capital, 1995:5) en onderhoude met kapers in ander provinsies nie koste-effektief sou wees nie, is besluit om slegs respondente in die Pretoria Sentraalgevangenis by die ondersoek te betrek.

Op grond van die inligting wat die Departement Korrektiewe Dienste beskikbaar gestel het, is 12 respondente, waarvan vyf in C-Max (die maksimum sekuriteitsafdeling by die Pretoria Sentraalgevangenis) en sewe in Medium A en Medium B was, geïdentifiseer en by die ondersoek betrek. Alhoewel die opvatting bestaan dat die steekproefgrootte 'n bepaalde of vasgestelde proporsie (bv. 5%) van die populاسie moet wees en dat 'n verhoging in steekproefgrootte tot 'n ooreenstemmende verhoging in die akkuraatheid van die bevindings lei (Fowler, 1988:40), is navorsers (Kazdin, 1978:629) van mening dat “only a single case is needed if there can be assurance that there is little variation in the population for the particular phenomenon under investigation”. Aangesien daar kwalitatief en verkennend gewerk word, alle onderhoude persoonlik hanteer moes word en motorvoertuigkapers se besluite en persepsies die fokus van die ondersoek was, is 12 respondente as 'n hanteerbare groep beskou.

Die wyse waarop die onderhoudskedule as meetinstrument geïmplementeer en die data ingesamel is, geniet vervolgens aandag.

5.3.1.1.2 Onderhoudvoering

Individuele onderhoude is gedurende die laaste week van Maart 1999 en die eerste week van April 1999 in die Pretoria Sentraalgevangenis gevoer. Weens sekuriteitsredes is navorser nie toegelaat om die onderhoude sonder die teenwoordigheid van 'n begeleier te voer nie. Derhalwe is verskeie begeleiers aan navorser beskikbaar gestel wat buite hoorafstand aanwesig was tydens die voer van die onderhoude. Aangesien Fink en Kosecoff (1985:47) daarop wys dat die teenwoordigheid van 'n derde persoon response kan beïnvloed, is respondente voortdurend verseker dat benewens die feit dat die persone buite hoorafstand is, die vertroulikheid van hulle antwoorde eerbiedig sal word.

Op grond van Phillips (1985:241) se aanname dat respondente wat inwillig om aan navorsing deel te neem nie noodwendig bereid is om eerlike antwoorde te verstrek nie, is daar tydens die aanvang van die onderhoud veral gepoog om rapport te bewerkstellig. Navorser het

haarself bekendgestel en respondente ingelig met betrekking tot die doel, verwagte tydsduur en vertroulikheid van die inligting. Aangesien die teenwoordigheid van die begeleiers die indruk kon wek dat navorser van die Polisie of die Departement Korrektiewe Dienste is, is 'n Universiteit van Pretoria personeelkaart (wat haar as 'n werknemer van die instansie identifiseer), aan respondente getoon. Hulle is verder die versekering gegee dat navorser in haar privaathoedanigheid as navorser optree en dat alle inligting slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik sal word.

'n Beroep is ook op die respondente gedoen om openhartig oor die kapings te gesels. Hulle is ook meegedeel dat daar geen regte of verkeerde antwoorde bestaan nie en dat slegs hulle ervaring van belang is.

Aangesien beplan is om 'n bandopnemer tydens die onderhoude te gebruik om te verseker dat daar meer intensief op die gesprek gekonsentreer kon word (Phillips, 1985:240; Lofland & Lofland, 1984:60), is respondente gevra of hulle beswaar het dat die onderhoud opgeneem word. Vanweë die besware wat die eerste twee respondente geopper het en Kerlinger (1970:183) se waarskuwing dat die teenwoordigheid van 'n bandopnemer respondente se reaksies kan inhibeer, is besluit om response slegs skriftelik aan te teken. Gedetailleerde notas is dus tydens die onderhoud geneem.

Alhoewel vrae aan die hand van die onderhoudskedule gestel is, is 'n kopie van die skedule aan respondente gegee om die beantwoording van vrae vir hulle te vergemaklik. Ondanks meningsverskille in die literatuur met betrekking tot die tydsduur van onderhoude, het navorser haar deur Taylor en Bogdon (1984:88) se riglyn laat lei wat aandui dat twee ure as redelik beskou kan word. Ten einde probleme met vermoeiing en verlies aan konsentrasie te beperk, is gepoog om al die onderhoude in hierdie tydsbestek af te handel. Slegs een onderhoud het langer as twee uur geduur. Alhoewel 'n opvolgonderhoud oorweeg is, het die respondent op geen stadium konsentrasie verloor nie en is waardevolle inligting tot aan die einde van die onderhoud verkry.

Tydens die onderhoude is polsing, 'n tegniek wat gebruik word om 'n respons aan te moedig of om 'n meer volledige antwoord op 'n vraag te verskaf, gebruik (Rubin & Babbie, 1989:326; Runcie, 1980:179-180). Enkele vrae is ook geherformuleer om by die begripsvermoë en skolasiese agtergrond van die respondente aan te pas, sonder om aan die strekking van die onderhoud te verander.

Die moontlikheid dat oortreders gebeur so kan rekonstrueer dat hulle van alle blaam onthef word of dat hulle opsetlik misleidende inligting oor sensitiewe aspekte van hulle misdadige aktiwiteite kan verskaf, is ook voortdurend in gedagte gehou. Aangesien die onderhoudsituasie die geleentheid gebied het om nie-verbale gedrag waar te neem (Runcie, 1980:182-183), is die nie-verbale gedrag van respondente aangeteken en kontrolevrae benut ten einde die geldigheid van die response te evalueer.

Vervolgens word die biografiese kenmerke van steekproef 1 (motorvoertuigkapers) uiteengesit.

5.3.1.1.3 Beskrywing van die steekproef

Aangesien slegs manlike persone in die Pretoria Sentraalgevangenis aangehou word en navorsing (Meadows, 1998:91) daarop wys dat kapers gewoonlik manlik is, is geen vroue by die steekproef ingesluit nie.

- **Ouderdom**

Tabel 2
Ouderdom van die Motorvoertuigkapers

Ouderdom	N	%
21-25	7	58,3
26-30	4	33,3
31-35	1	8,3
Totaal	12	99,9

Nota. As gevolg van die desimale syfers, someer die persentasies nie tot 100% nie.

Volgens Tabel 2 resorteer die meeste respondente (58,3%) in die ouderdomsgroep 21-25 jaar en die tweede meeste (33,3%) in die ouderdomsgroep 26-30 jaar. Die ouderdomsgroep 31-35 jaar het slegs een respondent opgelewer. Die jongste respondent is 22 jaar oud en die oudste 31 jaar. Die gemiddelde ouderdom van die respondente is 25 jaar.

Die ouderdomsverspreiding stem ooreen met die bevindings van Meadows (1998:95) en Myerson (1995:103-106) wat daarop wys dat die meeste kapers tieners of jong volwassenes is. Indien in ag geneem word dat van die respondente al langer as twee jaar gevangenisstraf uitdien en dat drie (25,0%) van die respondente aangedui het dat hulle ten tye van die kapings jonger as 20 jaar was, kan die siening dat kapings hoofsaaklik deur jonger persone gepleeg word, ondersteun word.

- **Ras**

Tabel 3

Ras van die Motorvoertuigkapers

Ras	N	%
Swart	11	91,7
Bruin	1	8,3
Totaal	12	100,0

Uit Tabel 3 blyk dit dat die meeste respondente (91,7%) wat aan die ondersoek deelgeneem het, swart is. 'n Bruinpersoon wat by motorvoertuigkapinge betrokke was, het ook ingestem om 'n onderhoud toe te staan. Geen witpersone of Indiërs wat al 'n kaping uitgevoer het, was gewillig om aan die navorsing deel te neem nie.

Hoewel Tabel 3 toon dat kapers oorwegend swart is en dit ooreenstem met Conradie (1994:3) se navorsingsbevindings wat toon dat die meeste kapers in Suid-Afrika swart is, kan daar nie sonder meer aanvaar word dat alle kapers swart is nie. Aangesien die steekproef egter tot die Pretoria Sentraalgevangenis beperk was en die aard van die steekproeftrekking op 'n teoreties ideale groep fokus, moes ander rasse-groepe noodwendig uitgelaat word.

- **Opvoedkundige agtergrond**

Tabel 4

Opvoedkundige Agtergrond van die Motorvoertuigkapers

Graad	N	%
7 en laer (St. 5 en laer)	2	16,7
8-9 (St. 6 - 7)	-	-
10-11 (St. 8 - 9)	4	33,3
12 (St.10)	5	41,7
Tersiêre opleiding	1	8,3
Totaal	12	100,0

Die helfte (50,0%) van die respondente wat by die ondersoek betrek is, het hulle hoërskoolloopbaan voltooi. Een van hulle het ook 'n BCom-grad aan 'n universiteit behaal. Vier respondente het graad 11 voltooi, terwyl twee (16,7%) respondente slegs laerskoolopleiding ontvang het.

Aangesien geen afgehandelde navorsing met betrekking tot die opvoedkundige agtergrond van kapers opgespoor kon word nie, is dit moeilik om te bepaal of die steekproef die werklike opvoedkundige agtergrond van kapers weerspieël. Indien dit vergelyk word met dié van rowers in die algemeen, wil dit voorkom of die steekproef se opvoedkundige kwalifikasie hoër

is. Volgens Barkas (1978:142) en Pettiway (1979: 277) het individue wat by roof betrokke raak, gewoonlik nie hulle skoolopleiding voltooi nie. Die moontlikheid bestaan dus dat die steekproef nie verteenwoordigend van kapers in die algemeen is nie.

5.3.1.2 STEEKPROEF 2: KAPINGSLAGOFFERS

Die wyse waarop steekproef 2 saamgestel is, geniet vervolgens aandag.

5.3.1.2.1 Samestelling van die steekproef

Aangesien die slagofferuniversum nie aan die navorser bekend is nie, is slagoffers van motorvoertuigkaping met behulp van die sneeubaltegnyk by die ondersoek betrek (Seale & Filmer, 1998:139). 'n Beroep is op slagoffers gedoen om navorser te kontak en met ander slagoffers in kontak te bring. Berigte wat in die media verskyn het oor die beplande navorsing, het ook daartoe bygedra dat verskeie slagoffers na vore gekom en aangebied het om aan die navorsing deel te neem.

Vanaf Oktober 1998 tot Februarie 1999 is versoeke in verskillende koerante (*Beeld, Brits Pos, Bronkhorstspruit Streeknuus, Citizen, Harold, Investigative News, Krugersdorp News, Natal Mercury, Rekord, Roodepoort Rekord, Sasolburg Bulletin, The Star* en *The Sunday Times*), maandblaaie (*Tukkiewaria*) en tydskrifte (*Bona, Keur, Rooi Rose, Sarie, Servamus, Die Voorligter* en *Woman's Value*) geplaas waarin 'n beroep op slagoffers gedoen is om die navorser te kontak indien hulle gewillig sou wees om aan die navorsing deel te neem. Vier radiostasies (*Jakaranda 94.2, Radio Sonder Grense, Radio Pretoria* en *The Voice*) was ook behulpsaam met die opspoor van respondente.

Verskeie traumasentrums, naamlik die traumasentrum by RAU, die traumakliniek van Inter Trauma Nexus, Pretoria asook die traumakliniek by die Universiteit van die Witwatersrand is ook genader om navorser met slagoffers in kontak te bring. Die Intranet van die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Suid-Afrika (Fakulteit Opvoedkunde), die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Santam (Hoofkantoor: Pretoria), MTN (Johannesburg) asook 'n kleiner instansie, naamlik Citadel is verder gebruik om via die elektroniese media met slagoffers kontak te maak.

Ondanks Myerson (1995:15) se estimasie dat ongeveer 25 individue daaglik van hulle motorvoertuie beroof word, het slegs 151 slagoffers ingewillig om aan die navorsing deel te

neem. Biles (1974:106) skryf 'n lae reaksiekoers toe aan die feit dat individue dikwels skepties teenoor navorsing staan. Hierbenewens is persone ook nie altyd bereid om aan 'n navorsingsprojek deel te neem nie omdat hulle nie die tyd het om vraelyste in te vul nie. Die moontlikheid bestaan ook dat die trauma wat slagoffers ervaar het, hulle bereidwilligheid om aan die navorsing deel te neem, kon beïnvloed het. Vier slagoffers wie se kontaknommers deur ander slagoffers aan navorser deurgestuur is, het dan ook aangedui dat hulle graag van die voorval wou vergeet en nie aan die navorsing wil deelneem nie.

5.3.1.2.2 Uitstuur van vraelyste

'n Totaal van 151 vraelyste is tussen 22 en 26 Februarie 1999 aan diegene gepos wat hulle bereid verklaar het om deel te neem. 'n Eerste opvolgbrief (Bylae VII: Afrikaans en VIII: Engels) om respondente te herinner om die vraelys te voltooi, is twee weke na die uitstuur van die vraelyste, aan respondente gepos (Fowler, 1988:54).

Teen die keerdatum op 25 Maart 1999 is 'n totaal van 119 (78,8%) vraelyste terug ontvang. Alhoewel 'n lae terugsendingskoers 'n groot beswaar teen die gebruik van posvraelyste is omdat 'n responskoers van meer as 30% seldsaam is (Alreck & Settle, 1995:35), was dit nie in die onderhawige studie die geval nie. Aangesien slagoffers vrywillig op mediaberigte en ander persone se bekendmaking van die navorsingsprojek, gereageer en aangedui het dat hulle by die projek betrokke wil raak, is die meeste van die vraelyste wat uitgestuur is, terug ontvang.

'n Verdere twee vraelyste is laat ontvang en kon nie gebruik word nie, aangesien die statistiese verwerkings reeds afgehandel was. Op grond daarvan dat die studie slegs op die slagoffers van gekaapte sedanmotorvoertuie fokus, moes 'n verdere 18 vraelyste by die verwerking van die data buite rekening gelaat word. Hierdie respondente het aangedui dat die gekaapte voertuig 'n bakkie of 'n kombi (bussie) was.

Aangesien al die nodige gegewens van die nege respondente wat aan die loodsstudie deelgeneem het bruikbaar was, ten spyte van wysigings wat aan die vraelys aangebring moes word, kon hulle vraelyste by dié van die res van die steekproef ingesluit word. In die lig hiervan is 110 respondente uiteindelik by die studie betrek.

5.3.1.2.3 Beskrywing van die steekproef

Die biografiese kenmerke van steekproef 2 (kapingslagoffers) word vervolgens uiteengesit.

- **Ouderdom**

Tabel 5
Ouderdom van die Slagoffers

Ouderdom	N	%
29 en jonger	24	21,8
30-39	20	18,2
40-49	28	25,5
50 en ouer	38	34,5
Totaal	110	100,0

Nota. Tabel word weer gebruik vir bespreking van resultate.

Die jongste en oudste repondent in die ondersoekgroep was onderskeidelik 18 en 70 jaar oud. Uit Tabel 5 blyk dit dat die meeste respondente (34,5%) 50 jaar en ouer is. Die viktimisatie van individue in die ouderdomskategorie 40-49 jaar het 28 (25,5%) respondente opgelewer, terwyl die kategorie waar slagoffers jonger as 29 jaar is, die derde meeste, naamlik 24 (21,8%) opgelewer het. Slegs 20 (18,2%) respondente het aangedui dat hulle tussen 30-39 jaar oud is.

Ten spyte daarvan dat navorsers (Bailey, 1987:159) aanvoer dat respondente ouer as 30 jaar nie geneë is om aan navorsing wat deur middel van posvraelyste onderneem word deel te neem nie, was 86 (78,2%) ouer as 30 jaar. Dit kan moontlik toegeskryf word aan 'n groter behoefte wat by ouer individue voorkom om oor viktimisatie te praat (Lurigio & Resick, 1990:52). Die moontlikheid bestaan ook dat hierdie individue se vatbaarheid vir viktimisatie hoër is as gevolg van die tipe motorvoertuie wat hulle bestuur.

Die laer voorkoms van slagoffers in die ouderdomskategorie 29 jaar en jonger kan moontlik daaraan te wyte wees dat hulle nie noodwendig in die finansiële posisie is om 'n luukse motorvoertuig te bekostig nie.

- **Geslag**

Tabel 6
Geslag van die Slagoffers

Geslag	N	%
Manlik	59	53,6
Vroulik	51	46,4
Totaal	110	100,0

Nota. Tabel word weer gebruik vir bespreking van resultate.

Volgens Tabel 6 is 59 (53,6%) van die slagoffers manlik en 51 (46,4%) vroulik. Alhoewel 'n redelike gelyke verspreiding met betrekking tot geslag voorkom, strook die gegewens in Tabel 6 tog met Louw (1998:59) en Meadows (1998:95) se bevinding dat mans, wat volgens openbare mening as minder kwesbaar beskou word, meer dikwels as vroue van hulle motorvoertuie beroof word.

- **Ras**

Tabel 7
Ras van die Slagoffers

Ras	N	%
Swart	9	8,2
Wit	100	90,9
Indiër	1	0,9
Totaal	110	100,0

Nota. Tabel word weer gebruik vir bespreking van resultate.

Tabel 7 toon dat die meerderheid van die respondente, naamlik 100 (90,9%) blank is. Slegs nege swart respondente en een Indiër kon opgespoor word om aan die navorsing deel te neem. Geen bruinpersoon wat die slagoffer van 'n kaping was, het met navorser kontak gemaak en aangedui dat hy of sy bereid is om aan die navorsing deel te neem nie.

Hierdie verspreiding in terme van ras kan moontlik daaraan toegeskryf word dat radiostasies wat hoofsaaklik witpersone as luisteraars het (nl. *Jakaranda 94.2*, *Radio Sonder Grense* en *Radio Pretoria*) navorser behulpsaam was met die opspoor van respondente. Die weiering van koerante soos die *Sowetan* en tydskrifte soos *Drum* en *Pace* (wat gewoonlik deur swart persone gelees word), om briewe te plaas waarin slagoffers gevra word om navorser te kontak, kon ook 'n invloed gehad het op die klein aantal swart respondente wat bereid was om aan die navorsing deel te neem.

Geen verklaring kan gebied word vir die feit dat geen bruinpersoon op navorser se versoeke in die media gereageer het nie.

- **Beroepstatus**

Die beroepstatus van die respondente word vervolgens in Tabel 8 uiteengesit.

Tabel 8
Beroepstatus van die Slagoffers

Beroepstatus	N	%
Eie besigheid	9	8,2

Professioneel en semiprofessioneel	35	31,8
Bestuur en uitvoerend	13	11,8
Tegniese en verwante werk	5	4,6
Klerklik, administratief en verkope	20	18,2
Huisvrou	9	8,2
Student	5	4,6
Afgetree	4	3,6
Werkloos	1	0,9
Ander (bv. Taxi-bestuurder)	9	8,2
Totaal	110	100,1

Nota. As gevolg van die desimale syfers, someer die persentasies nie tot 100% nie.
Tabel word weer gebruik vir bespreking van resultate.

Uit Tabel 8 blyk dit dat die meeste respondente, naamlik 35 (31,8%) 'n professionele of semiprofessionele beroep beoefen. Wat egter opval is dat 91 (82,7%) van die respondente in die arbeidsmark staan. Aangesien 'n private motorvoertuig, naas vaste eien-dom, die grootste enkele finansiële belegging is wat die gemiddelde persoon gedurende sy leeftyd maak (Brickell & Cole, 1975:1; McCaghy et al., 1977:368), bestaan die moontlikheid dat hulle vanweë hierdie posisie, in staat is om 'n motorvoertuig te kan bekostig.

5.4 TEGNIEKE VIR DIE ANALISERING EN INTERPRETASIE VAN DATA

Die analisering van data het ten doel om die navorsingsverwagtinge en navorsings-hipoteses te toets en sodoende die navorsingsvrae te beantwoord (Berger & Patchner, 1988:32). Die tegnieke wat hiervoor toegepas is, geniet vervolgens aandag.

5.4.1 Inligting wat met behulp van onderhoudvoering ingesamel is

Vanweë die feit dat slegs 12 kapers by die ondersoek betrek is, is die gegewens wat tydens onderhoudvoering ingesamel is, nie rekenaarmatig verwerk nie. Alhoewel data van oop vrae moeilik gekodeer, gesistematiseer, gekategoriseer en vergelyk kan word (Phillips, 1985:237), is gegewens waar moontlik in terme van die verspreiding van kenmerke (frekwensie), die sentrale neigings (kenmerkende eienskappe, variasie of verspreidheid van kenmerke) en assosiasies (soos korrelasies) omskryf (Seale & Kelly, 1998:151). Aangesien verkennend gewerk word, is gepoog om die inligting wat van die kapers ontvang is, in detail te beskryf. Waar moontlik is ook gebruik gemaak van direkte aanhalings van respondente om afleidings toe te lig. Volgens Arkava en Lane (1983:88) is direkte aanhalings 'n basiese bron van rou data in kwalitatiewe navorsing. Dit lê respondente se vlak van emosie, die manier waarop hulle hulle wêreld organiseer, hulle gedagtes oor wat besig is om te gebeur, hulle ervaring en hulle basiese persepsies bloot.

Die gegewens is aan die hand van die gestelde navorsingsverwagtinge vertolk en in terme van persentasies ontleed en beskryf. Aangesien hipoteses wat statistiese ontleding verg, nie hier gestel is nie, is besluit om 'n respons wat deur meer as 50% van die respondente gegee is, as steun vir die navorsingsverwagting te aanvaar.

5.4.2 Inligting wat met behulp van vraelyste ingesamel is

Ten einde die rol van slagoffervatbaarheid en -aandadigheid tydens 'n motorvoertuig-kaping te bepaal, is die gegewens wat van die slagoffers ontvang is, gekodeer en deur 'n personeellid van die Akademiese Rekenaarondersteuningafdeling, UP, rekenaarmatig verwerk. Die gegewens is vervolgens vertolk aan die hand van die navorsingsverwagtinge wat in hierdie verband gestel is en ook in terme van persentasies ontleed en beskryf. Bevestiging van 'n navorsingsverwagting is ook aanvaar indien 'n respons van meer as 50% getoon is.

Ten einde die navorsingshipoteses te toets, is statistiese ontledings aan die hand van die Chi-kwadraattoets (χ^2) gedoen. Hierdie toets word gebruik wanneer meer as een aspek vergelyk word en daar bepaal moet word of twee veranderlikes statisties beduidend van mekaar verskil (Smit, 1983:218).

Die nulhipotese (H_0), wat impliseer dat daar geen betekenisvolle verskille tussen veranderlikes voorkom nie, sal eerstens getoets word. Indien die nulhipotese verwerp word, sal die alternatiewe hipotese (H_1) as houdbaar aanvaar word. Volgens De Vaus (1986:154) en Seale (1998:172) word die vlak van betekenisvolheid gewoonlik op 0,05 vir 'n klein steekproef en op 0,01 vir 'n groot steekproef gestel. Op grond van Schnetler, Stoker, Dixon, Herbst en Geldenhuys (1989:225) se aanname dat 'n steekproef van 500 of meer as 'n groot steekproef beskou kan word, is die vlak van betekenisvolheid op die 5% peil gestel (Heiman, 1996:276-280; Huysamen, 1976:64). Wanneer die waarskynlikheid kleiner as 0,05 is, bestaan daar 'n verband tussen die veranderlikes op die 5% peil van betekenisvolheid. Die afhanklikheid tussen die twee veranderlikes is in hierdie geval statisties betekenisvol (Ehlers, 1987:110).

5.5 SLOTBESKOUIING

Die navorsingsontwerp asook die profiel van die onderskeie ondersoekgroepe is in hierdie hoofstuk van nader toegelig. Die resultate van die ondersoek, wat deur middel van voorgenoemde prosedures en tegnieke ingesamel en verwerk is, word vervolgens in Hoofstuk 6 en 7 uiteengesit.

6. ONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN GEGEWENS RAKENDE MOTORVOERTUIGKAPERS

Die bevindings van die navorsing met betrekking tot motorvoertuigkapers, word vervolgens in samehang met die navorsingsverwagtinge wat in Hoofstuk 4 gestel is, bespreek. Al die respondente wat in steekproef 1 opgeneem is, is vir gewapende roof gevonniss en het al ten minste een motorvoertuig gekoop. Aangesien hierdie individue as "kundiges" beskou word en met gesag oor motorvoertuigkaping kan praat, is inligting met betrekking tot kapers se planmatige optrede eerstehands van hulle verkry. Vanweë die feit dat die studie verkennend van aard is en die inligting verdere hipoteses kan genereer, is bevindings ook toegelig met individuele respondente se opmerkings, menings en kommentaar.

6.1 NAVORSINGSVERWAGTINGE MET BETREKKING TOT DIE BEPLANNINGSFASE

6.1.1 Navorsingsverwagting 1.1 tot 1.9

Hierdie navorsingsverwagting postuleer dat die meeste motorvoertuigkapers vooraf sal besluit

- 1.1: om 'n motorvoertuig op 'n spesifieke dag te koop
- 1.2: om 'n motorvoertuig op 'n spesifieke tyd van die dag te koop
- 1.3: om 'n motorvoertuig op 'n spesifieke plek te koop
- 1.4: om 'n motorvoertuig op 'n spesifieke wyse te koop
- 1.5: om 'n spesifieke motorvoertuig te koop
- 1.6: om 'n wapen tydens die motorvoertuigkaping te gebruik
- 1.7: om van medewerkers gebruik te maak
- 1.8: hoe om met die gekoopte motorvoertuig weg te kom
- 1.9: wat om met die gekoopte motorvoertuig te doen.

Tabel 9 bied 'n uiteensetting van die mate waarin motorvoertuigkapers vooraf besluite met betrekking tot hulle *modus operandi* neem.

Tabel 9
Besluite wat Motorvoertuigkapers Voor Misdaadpleging neem

Veranderlike	Vooraf besluit		Nie vooraf besluit	
	N	%	N	%

Dag	7	58,3	5	41,7
Tyd	8	66,7	4	33,3
Plek	10	83,3	2	16,7
Wyse	10	83,3	2	16,7
Motorvoertuig	12	100,0	-	-
Wapen	12	100,0	-	-
Medewerkers	12	100,0	-	-
Ontvlugtingsroete	10	83,3	2	16,7
Aanwending van motorvoertuig	12	100,0	-	-

- **Besluite met betrekking tot dag en tyd**

Tabel 9 toon dat sewe (58,3%) van die respondente vooraf op 'n spesifieke dag en agt (66,7%) op 'n spesifieke tyd besluit het om 'n motorvoertuig te kaap. Navorsingsverwagting 1.1 en 1.2 word dus ondersteun.

Hierdie bevinding bied steun vir die navorsing van Letkemann (1982:219) wat aandui dat rowers die dag en tyd van misdadpleging tydens die beplanningfase van 'n misdaad oorweeg. Indien in ag geneem word dat sekere dae en tye as meer geskik deur rowers beskou word, kan verstaan word waarom kapers ook aan hierdie twee aspekte voor misdadpleging aandag skenk.

Ondanks die meeste motorvoertuigkapers se voorkeur om op spesifieke dae van die week en tye van die dag motorvoertuie te kaap, meld die respondente dat die beskikbaarheid van motorvoertuie, die dag en tyd waarop 'n motorvoertuig gekaap word, kan beïnvloed. Indien 'n geleentheid vir kaping hom voordoet, kan vooraf besluite met betrekking tot tyd en dag gewysig word. Dit verklaar waarom al die kapers nie vooraf op 'n spesifieke dag en tyd kan besluit nie.

- **Besluite met betrekking tot plek en wyse van kaping**

Tabel 9 toon dat 10 (83,3%) van die respondente vooraf op 'n spesifieke plek en op 'n spesifieke wyse besluit om 'n motorvoertuig te kaap. Navorsingsverwagting 1.3 en 1.4 word dus ondersteun.

Hierdie bevinding strook met Glick (1995:219) en Snow (1995:78) se navorsing wat aantoon dat die plek en wyse van misdadpleging dikwels voor misdadpleging in ag geneem word. 'n Ontleding van die inligting wat deur die kapers verskaf is, toon dat hulle verkies om nie hulle *modus operandi* te wysig nie. 'n Verklaring hiervoor word deur Leonard (1971:75) verskaf wat aanvoer dat misdadigers sekere tegnieke en metodes gebruik wat bevorderlik vir hulle veiligheid

en die suksesvolle uitvoer van hulle daad is. Die meeste respondente bevestig dan ook dat hulle plekke en werkwyses verkies wat vir hulle "werk". Die moontlikhede wat die fisiese milieu in terme van verkeersvloei en die afwesigheid van polisiepatrollies (bv. die hoofwegpatrollie) bied, is enkele aspekte wat in die verband oorweeg word. Marais en Van Rooyen (1990:25-26) onderskryf bogenoemde deur daarop te wys dat indien die verwagte sukses met 'n misdaad behaal word, oortreders dikwels daarmee volhard en dat die gedragpatroon uiteindelik mag van die gewoonte word. Hierdie standpunt dien dan ook as 'n verklaring waarom die meeste kapers vooraf besluit om die motorvoertuig op 'n spesifieke plek en wyse te kaap.

Alhoewel kapers meestal by hulle besluite hou, kan dit gebeur dat omstandighede 'n wysiging in *modus operandi* vereis. In die verband meld een van die respondente dat hy al by geleentheid van 'n vooropgestelde werkwyse afgewyk het omdat die tussenganger aan wie hy gekaapte motorvoertuie voorsien, 'n dringende koper vir die spesifieke motorvoertuig gehad het wat nie kon wag totdat die kaping op die voorafbeplande wyse uitgevoer word nie. Die kaper wat gewoonlik die kaping by 'n verkeerslig uitgevoer het, het by gebrek aan sodanige geleentheid, besluit om 'n motoris van die pad af te dwing. Hierdie optrede bevestig Marais (1989:48) se standpunt dat faktore soos die geleentheid vir misdaadpleging en wisselende behoeftes, 'n oortreder kan dwing om 'n ander *modus operandi* te volg.

- **Besluite met betrekking tot die motorvoertuig**

Uit Tabel 9 blyk dit dat al die respondente (100,0%) vooraf op 'n spesifieke motorvoertuig besluit. Steun bestaan dus vir navorsingsverwagting 1.5.

Hierdie bevinding is in ooreenstemming met Kgorani (n.d.:2) se navorsingsbevinding dat daar besliste voorkeure met betrekking tot die fabrikaat van motorvoertuie bestaan. Ofskoon motorvoertuie vir privaatgebruik gekoop kan word, word die meeste aan tussengangers of sindikaatlede verkoop. Vanweë die feit dat kopers in die meeste gevalle spesifieke motorvoertuie by sindikate "bestel", word spesifieke motorvoertuie deur kapers geteiken wanneer hulle 'n kaping beplan. Volgens een respondent het hy by geleentheid 'n lys van 30 motorvoertuie ontvang waarvoor daar kopers was.

Hoewel daar vooraf op spesifieke motorvoertuie besluit word, benadruk een van die respondente dat indien die "regte" motorvoertuig nie op 'n gegewe oomblik beskikbaar is nie, kapers wel 'n ander motorvoertuig sal kaap. Die rede hiervoor is dat hulle hulle voor elke kaping sielkundig voorberei om die kaping uit te voer en dat 'n onvermoë om die verlangde motorvoertuig te bekom, meebring dat die eerste en "geskikste" motorvoertuig gekoop word.

Die rol van sielkundige voorbereiding en hoe dit 'n kaper se *modus operandi* kan beïnvloed, behoort om hierdie rede deur verdere navorsing ondersoek te word.

- **Besluite met betrekking tot wapens**

Volgens Tabel 9 het al die respondente (100,0%) vooraf besluit om 'n wapen tydens die motorvoertuigkaping te gebruik. Navorsingsverwagting 1.6 word dus ondersteun.

Die standpunt van Snow (1995:78), naamlik dat die besluit om 'n wapen tydens misdadpleging te gebruik reeds voor die aanvang van die misdaad plaasvind, word deur die bevinding gesteun. Cook (1983:49) se siening dat die verkryging van wapens tydens die beplanningsfase van 'n misdaad van belang is, word ook deur al die respondente bevestig. Aangesien die gebruik van wapens die suksesvolle uitvoer van 'n misdaad soos motorvoer-tuigkaping kan verseker (Myerson, 1995:101), is hierdie een van die belangrikste aspekte wat deur die kapers voor misdadpleging in ag geneem word.

- **Besluite met betrekking tot medewerkers**

Tabel 9 toon dat medewerking met ander oortreders vooraf deur al die respondente (100,0%) oorweeg word. Navorsingsverwagting 1.7 word dus ondersteun.

Hierdie bevinding is in ooreenstemming met Burke en O'Rear (1993:18) asook Hulme (1995:3) se bevindings wat toon dat die besluit om alleen of in groepverband te werk, 'n belangrike aspek is wat tydens die beplanningfase van 'n misdaad aandag geniet. Steun bestaan ook vir Letkemann (1982:219) en Snow (1995:78) se aanname dat die keuse van medewerkers en besluite met betrekking tot die rolle van medewerkers voor misdadpleging in ag geneem word.

Al die respondente voer spesifieke redes aan waarom hulle verkies het om alleen of in groepe saam te werk. Vanweë die feit dat hierdie redes sonder huiwering verskaf is, word afgelei dat die voor- en nadele van groepsamewerking, deeglik voor misdadpleging oorweeg is.

Ofskoon een respondent aandui dat hy al die kapings alleen uitgevoer het en 'n verdere drie (25,0%) respondente opmerk dat hulle somtyds onafhanklik gewerk het, voer die meeste, naamlik 11 (91,7%) aan dat hulle verkies om in groepverband te werk. Hierdie bevinding is in ooreenstemming met Conradie (1994:2) se navorsing wat toon dat motorvoertuig-kapers selde alleen werk.

Aspekte wat tydens besluitneming oorweeg en daartoe lei dat groepsamewerking verkies word, sentreer hoofsaaklik rondom die veilige en suksesvolle uitvoer van die kaping. Die 11 (91,7%) respondente wat verkies om in 'n groep te werk, is van mening dat die risiko vir besering, dood, arrestasie en/of die onsuksesvolle uitvoer van 'n kaping te groot is wanneer daar alleen gewerk word. Volgens drie (27,3%) van hierdie respondente is slagoffers ook meer geneig om weerstand teen viktimisasie te bied wanneer 'n kaper alleen werk. Die rede wat hulle hiervoor aanvoer, is dat 'n individu wat alleen werk, makliker as 'n groep oorrompel kan word. In die verband benadruk 'n respondent dat hierdie moontlikheid dikwels daartoe aanleiding gee dat die slagoffer geskiet word.

Volgens die respondente is daar gewoonlik 'n tweede of derde medewerker aanwesig met die uitsluitlike doel om ondersteuning te bied as iets sou verkeerd loop. Die respondente wat hierdie medewerking as "manpower" of "back-up" beskryf, wys daarop dat "a lot of killers" veiligheid tydens 'n kaping verseker.

Een van die respondente meld ook dat die *modus operandi* wat hy gevolg het, medewerkers vereis het. Aangesien hy verkies het om slagoffers by hulle wonings te verras en daar nooit met sekerheid bepaal kon word hoeveel individue tuis sou wees nie, was "back-up" noodsaaklik.

Die respons "our job need group" dui ook daarop dat die aard van motorvoertuigkaping dikwels samewerking tussen twee of meer persone vereis. 'n Verdere rede waarom kapers dikwels in groepe saamwerk, is die vrees om alleen by misdaad betrokke te raak. In die verband noem 'n respondent dat "my hart nie lekker voel om dit alleen te doen nie" en dat dit makliker is om dit "saam met my tjommies" te doen.

'n Ontleding van die data toon ook dat druk vanuit die portuurgroep 'n belangrike rol speel in die besluit om motorvoertuie te kaap. Drie (25,0%) van die respondente meld dat hulle tydens "kuieraande" en terwyl hulle onder die invloed van alkohol en/of dwelmmiddels was, deur vriende aangemoedig is om by kapinge betrokke te raak.

Voorstelle van vriende dat geld op 'n vinnige en maklike wyse gemaak kan word, beïnvloed ook die keuse om kapinge uit te voer. Alhoewel groepsamewerking en -aanmoediging as oorwegend positief deur die meeste respondente beleef word, beweer een van die respondente dat groepdruk ook daartoe kan lei dat slagoffers meer beseer en selfs verkrag word sonder dat dit vooraf beplan is.

Die respondent wat motorvoertuie alleen gekaap het, voer twee redes hiervoor aan. Eensyds was die *modus operandi* wat hy gevolg het van so 'n aard dat hy nie mede-werkers nodig gehad het nie. Sy kapingsmetode het daarop berus dat hy luukse motor-voertuie vir "toetsritte" geneem en dan gekaap het. Vanweë die feit dat hy tydens die ritte alreeds agter die stuur van die motorvoertuie was en gewoonlik slegs deur een persoon vergesel is, kon hy die kapings maklik alleen uitvoer. Andersyds was hy verleë oor sy betrokkenheid by misdaad en het die wete dat geen ander individue daarvan kennis gedra het nie, hom veiliger laat voel.

Die respondente wat bevestig dat hulle by geleentheid 'n motorvoertuig alleen gekaap het, bied verskeie redes hiervoor aan. Die algemeenste redes is dat hulle hulle vermoë en vaardighede om 'n motorvoertuig te kaap, vertrou het. In die verband merk een van die respondente op dat 'n kapingsituasie baie stresvol is en dat hy, indien hy alleen werk, die situasie beter kan beheer wanneer iets verkeerd loop. "One man one share", wat impliseer dat winste nie met ander gedeelte moet word wanneer daar alleen gewerk word nie, is ook 'n voordeel wat deur twee (16,7%) van die respondente vermeld word. Verder is maklike teikens soos vroue wat alleen ry, dikwels die snellerfaktor wat kapers op die ingewing van die oomblik laat besluit om alleen op te tree.

- **Besluite met betrekking tot ontvlugtingsroete**

Die bevindinge in Tabel 9 toon dat 10 (83,3%) van die respondente vooraf sekere besluite met betrekking tot ontvlugting neem. Navorsingsverwagting 1.8 word dus ook gesteun.

Die bevinding bied steun vir Horgan (1979:262) se siening dat moontlike ontsnappings-roetes vooraf deur misdadigers oorweeg word. Gabor et al. (1987:60) se standpunt dat die ontsnapping of verlaat van 'n misdaadtoneel dikwels gevaarliker vir die oortreder as die misdaadpleging self is, word ook deur die bevinding bevestig. In ooreenstemming met die navorsing van Maree (1995:111) wat op die belang van padtekens soos verkeersligte en stopstrate, die nabyheid van snelweë, die spoedbeperking op die roete, die verkeersvloei asook die gemak waarmee die misdaadtoneel verlaat kan word wys, getuig die kapers dat hierdie aspekte voor misdaadpleging in ag geneem moet word.

Volgens 10 (83,3%) van die respondente verkies hulle roetes met min verkeersligte en stopstrate. Aangesien dit nie altyd moontlik is om hierdie padtekens te ignoreer nie en hulle nie graag aandag op hulle wil vestig nie, moet hulle soms noodgedwonge by die padtekens met die gekaapte motorvoertuie stilhou. Alhoewel sewe (58,3%) van die respondente aandui dat die nabyheid van hoofweë soos die "Golden or Concrete Highway" (die Ben Schoeman-hoofweg)

belangrik is aangesien ontvlugting deur die gebruik van die roetes vinniger kan plaasvind, meld vyf (41,7%) respondente dat hulle hoofweë vermy. Die rede wat hiervoor aangevoer word, is die moontlikheid om te verdwaal indien 'n verkeerde afrit geneem word.

Slegs vyf (41,7%) van die respondente rapporteer dat hulle by spoedbeperkings gehou het. Een van hierdie respondente noem ook dat hy verkies het om die slagoffer saam te neem, ten einde te voorkom dat die polisie of die beheersentrum van die opsporingstelsel gekontak kan word. Op dié wyse is verseker dat opsporingsmeganismes nie in werking gestel kon word nie en kon die nodigheid om die spoedbeperkings te oorskry, vermy word.

Die res van die respondente, naamlik sewe (58,3%), verklaar egter dat die vinnige verlatting van die misdaadtoneel en die skep van afstand tussen die plek van kaping en die gekaapte motorvoertuig van groot belang is en dat dit dikwels die oorskryding van die snelheids-grens noodsaak. Aangesien die meeste slagoffers die polisie onmiddellik kontak en die motorvoertuig na aanmelding as gekaap op polisierekenaars aangetoon word (of "hot" is soos dit in kapertaal bekend staan), is vinnige wegstroom noodsaaklik.

Die verkeersvloei en die gemak waarmee die plek van kaping verlaat kan word, word deur 11 (91,7%) van die respondente in ag geneem. Alhoewel kappings dikwels plaasvind in gebiede waar verkeersvloei druk is, word paaie met min verkeer verkies wanneer die misdaadtoneel verlaat word. Die aantal doodloopstrate asook die teenwoordigheid van polisiepatrollies, word ook voor misdaadpleging oorweeg.

Slegs twee (16,7%) respondente rapporteer dat 'n ontvlugtingsroete glad nie vooraf deur hulle oorweeg is nie. Aangesien die een respondent lank 'n taxibestuurder was, is hy 'n ervare bestuurder wat, indien nodig, oor sypaadjies en selfs met flitsende noodligte in noodbane (links van die sperstreep op 'n hoofweg) kan ry. Die rede wat die tweede respondent aanvoer, is dat hy in die meeste gevalle die omgewing goed geken het en nie nodig gehad het om dit vooraf te bestudeer nie. Die feit dat hy altyd gewapen was, het dit ook vir hom makliker gemaak om 'n motorvoertuig in enige omgewing te kaap en roetes sonder vrees te volg.

- **Besluite met betrekking tot die aanwending van die motorvoertuig**

Tabel 9 toon dat al 12 (100,0%) die respondente reeds voor die motorvoertuigkaping weet wat hulle met die gekaapte motorvoertuig gaan doen. Navorsingsverwagting 1.9 word dus ondersteun.

Hierdie bevinding bied steun vir Beekman en Daly (1990:15) se siening dat motor-voertuigdielwe en -kapers vooraf seker moet wees dat daar 'n afsetgebied in terme van 'n direkte koper, 'n tussenganger, 'n kap-en-snywinkel en/of 'n sindikaat bestaan wat die motorvoertuig sal koop. Response van die kapers wat by die ondersoek betrek is, bevestig dat 'n individu nie 'n motorvoertuig kan kaap sonder die versekering dat daar alreeds 'n koper vir die motorvoertuig bestaan nie.

Aangesien die risiko om met die motorvoertuig in besit gevang te word groot is, meld al die respondente dat indien die motorvoertuig vir finansiële doeleindes gekaap word, en daar vooraf beplan is om dit te verkoop, hulle gewoonlik direk na die kaping met die tussen-ganger of koper kontak maak.

- **Verdere aspekte met betrekking tot beplanning**

Alhoewel navorsingsverwachting 1.1 tot 1.9 ondersteun word, dui response van die kapers daarop dat hulle nie dieselfde hoeveelheid tyd aan beplanning spandeer as individue wat banke of besighede beroof of by transitoroof togte betrokke is nie. Die tyd wat aan beplanning spandeer word, varieer ook van individu tot individu (Feeney, 1986:59). Op die vraag of baie, min of geen tyd aan die beplanning van die kapinge spandeer is, voer twee (16,7%) respondente aan dat hulle geen tyd aan die beplanning van die kapinge spandeer het nie. Volgens een van die respondente het hy geld nodig gehad en is hy deur vriende aangemoedig om saam met hulle 'n motorvoertuig te kaap. Aangesien hulle reeds 'n koper en 'n wapen gehad het, het hy op die ingewing van die oomblik by die motorvoertuig-kaping betrokke geraak. Hy getuig verder dat hy na hierdie kaping steeds nie tyd aan die beplanning van verdere kapinge spandeer het nie en meestal opgetree het wanneer die geleentheid hom voorgedoen het. Die ander respondent meen egter dat beplanning noodsaaklik is wanneer 'n kaping vir die eerste keer uitgevoer word. Verder moet die wyses waarop sy eie en medewerkers se veiligheid verseker gaan word asook die vestiging van 'n afsetgebied, wel voordat die eerste kaping plaasvind, in ag geneem word.

In teenstelling met ses (50,0%) respondente wat 'n beperkte hoeveelheid tyd aan beplanning spandeer het, het vier (33,3%) respondente elke kaping in detail beplan. Een respondent getuig dat hy gereeld voordat hy 'n motorvoertuig geroof het, in die area rondgery het om polisiepatroliering en die verkeer dop te hou. 'n Ander respondent meld dat hy en sy vriende die kapinge beplan het terwyl hulle onder die invloed van dwelm-middels was.

In ooreenstemming met die navorsing van Morrison en O'Donnell (1994:5) dui die respondente ook aan dat vorige misdaadondervinding, desperaatheid en die bestaan van 'n onmiddellike geleentheid om misdaad te pleeg, beplanning kan beïnvloed. Volgens twee (16,7%) respondente word die uitvoer van 'n kaping elke keer makliker en neem die tyd wat aan beplanning spandeer word af namate ervaring toeneem. Hierdie bevinding word gesteun deur Clarke en Cornish (1985:170) wat in die rasonale-keuseperspektief daarop wys dat die oorweging van alternatiewe en beplanning nie elke keer ter sprake is wanneer 'n misdaad gepleeg word nie.

Volgens een van die respondente wil kopers dikwels motorvoertuie afgelewer hê op dieselfde dag as wat hulle die bestelling plaas. Tyd vir beplanning is in so 'n geval beperk. Indien daar lank na 'n spesifieke motorvoertuig gesoek word en die geleentheid vir 'n kaping skielik voorkom, sal die motorvoertuig onmiddellik gekaap word. Derhalwe is beplanning nie altyd moontlik nie.

'n Verdere aspek wat drie (25,0%) respondente afsonderlik opper, is die emosionele voorbereiding wat nodig is vir 'n individu om 'n motorvoertuig te kaap. Gedurende die voorbereidingsproses is dit noodsaaklik dat 'n kaper van sy vrese ontslae raak en bereid moet wees om te sterf of gearresteer te word. *Isibindi*, 'n begrip wat verwys na "a strong heart" of "no fear", is volgens een respondent 'n noodsaaklike voorvereiste vir die uitvoer van 'n motorvoertuigkaping. Hierdie emosionele voorbereiding maak volgens die respondent ook deel uit van die beplanning wat 'n kaping voorafgaan.

In die lig hiervan asook die feit dat verskeie faktore voor misdaadpleging deur die respondente in ag geneem word, kan aanvaar word dat die meeste motorvoertuigkapers ten minste 'n klein hoeveelheid tyd aan die beplanning van 'n motorvoertuigkaping spandeer.

6.1.2 Navorsingsverwagting 2.1 tot 2.12

Hierdie navorsingsverwagting voorspel dat die meeste motorvoertuigkapers se besluit om 'n motorvoertuig te roof, beïnvloed word deur

- 2.1: die moontlikheid dat die polisie die voltooiing van die kaping kan verhoed
- 2.2: die moontlikheid dat die slagoffer weerstand kan bied
- 2.3: die moontlikheid dat die slagoffer die kaper kan skiet
- 2.4: die moontlikheid om tydens die kaping beseer te word
- 2.5: die moontlikheid om tydens die kaping te sterf

- 2.6: die moontlikheid om gearresteer te word
- 2.7: die moontlikheid om deur die slagoffer uitgeken te word
- 2.8: die moontlikheid om gevangenisstraf opgelê te word
- 2.9: morele oorwegings
- 2.10: die finansiële voordeel wat die kaping inhou
- 2.11: die respek van vriende indien die kaping suksesvol uitgevoer word
- 2.12: die bewondering van vriende indien die kaping suksesvol uitgevoer word.

Tabel 10 reflekteer die mate waarin die voor- en nadele van misdadpleging deur motorvoertuigkapers oorweeg word.

Tabel 10
Voor- en Nadele van Misdadpleging wat deur Motorvoertuigkapers in ag geneem word

Veranderlike	Oorweeg		Nie-oorweeg	
	N	%	N	%
Polisie	12	100,0	-	-
Slagofferweerstand	10	83,3	2	16,7
Slagoffer kan skiet	11	91,7	1	8,3
Besering	9	75,0	3	25,0
Sterfte	10	83,3	2	16,7
Arrestasie	12	100,0	-	-
Uitkenning deur slagoffer	7	58,3	5	41,7
Gevangenisstraf	9	75,0	3	25,0
Morele oorwegings	8	66,7	4	33,3
Finansiële voordeel	11	91,7	1	8,3
Respek van vriende	4	33,3	8	66,7
Bewondering van vriende	4	33,3	8	66,7

- **Polisie**

Uit Tabel 10 blyk dit dat die teenwoordigheid van die polisie en meer spesifiek die moontlikheid dat die polisie die voltooiing van die kaping kan voorkom, deur al 12 (100,0%) die respondente in ag geneem word. Navorsingsverwagting 2.1 word dus ondersteun.

Volgens die respondente is die teenwoordigheid van die polisie een van die faktore wat kapers die meeste vrees. Die feit dat hulle dikwels die omgewing vooraf gefynkam het (vgl. afd. 6.1.1) en volgens een respondent ook vooraf inligting met betrekking tot padblokkades en patrolling van 'n polisie-informant gekry het, bevestig bogenoemde.

Hierdie bevinding stem ook ooreen met Cohen en Cantor (1980:144) se navorsing wat aantoon dat die teenwoordigheid van polisiepatrollies 'n betekenisvolle invloed op 'n misdadiger se

besluit kan hê om nie 'n spesifieke misdaad op 'n gegewe tydstip en/of plek te pleeg nie. Gabor en Normandeau (1989:277) wat bogenoemde onderskryf, se siening dat rowers dikwels die plek waar hulle beplan om 'n misdaad te pleeg bestudeer en sover as moontlik poog om 'n gebied te selekteer waar die teenwoordigheid van polisiebeamptes beperk is, stem ook ooreen met die respondente se verklarings aangaande verkenning van die gebied. Hieruit word afgelei dat die afwesigheid van beskerming soos dit deur die roetine-aktiwiteitsbenadering gepostuleer word, wel die voorkoms van 'n misdaad soos motorvoertuigkaping kan beïnvloed (Felson & Cohen, 1980:392).

Alhoewel al die respondente die risiko dat die polisie hulle kon skiet erken, wys hulle egter deurgaans daarop dat hierdie risiko nie te groot was nie omdat hulle self gewapen was. Ten spyte daarvan dat hulle probeer het om polisie-teenwoordigheid so ver moontlik uit te skakel, beweer ses (50,0%) van die respondente dat hulle nie sou huiwer om polisie-beamptes te skiet indien die situasie dit vereis het nie. In die verband merk een respondent op dat sy medewerkers in die ondersteuningsvoertuig ("back-up car") altyd R-1 en R-5 gewere gereed gehad het om beskerming teen inmenging te verseker. 'n Ander respondent benadruk weer dat die beperkinge wat teenswoordig op die polisie geplaas word in terme van die besering en dood van 'n verdagte persoon, ook tot kapers se voordeel strek.

- **Slagofferweerstand**

Volgens Tabel 10 oorweeg 10 (83,3%) van die respondente die moontlikheid dat die slagoffer tydens die kaping weerstand kan bied. Navorsingsverwagting 2.2 word dus ondersteun.

Hierdie bevinding is in ooreenstemming met Block en Skogan (1986:248) asook Glick (1995:219) se standpunt dat 'n slagoffer se gedrag onvoorspelbaar is en dat slagofferweerstand een van die belangrikste faktore is wat die sukses van 'n misdaad soos motorvoertuigkaping kan bepaal.

Respondente in die onderhawige ondersoek gee te kenne dat slagofferweerstand altyd 'n moontlikheid is wanneer 'n individu van sy of haar motorvoertuig beroof word. Derhalwe is wapens in al die gevalle gebruik om slagoffers in so 'n mate te intimideer dat hulle nie weerstand sou bied nie (vgl. die funksie van wapens, Conklin, 1972:110-112). Ses (50,0%) van die respondente beweer dat slagoffers wat weerstand bied, hulle risiko vir besering en sterfte verhoog, aangesien kapers nie sal huiwer om die persone te skiet indien die situasie dit vereis nie. Hierdie bevinding strook met navorsing van Block en Skogan (1986:241, 248), Brewer (1994:88) asook Lurigio et al. (1990:39) wat bevestig dat weerstand die potensiaal vir besering

verhoog. Response soos "I'll blow his head off" en "I'm going to take the car any way I can", bevestig dat die roof van die motorvoertuig prioriteit is en dat geen inmenging van die slagoffer geduld sal word nie. Een respondent is oortuig dat sy jeugdige voorkoms dikwels daartoe gelei het dat slagoffers weerstand gebied het. Derhalwe het hy die slagoffer byvoorbaat geskiet en dan die motorvoertuig in besit geneem. Hierdie ingesteldheid van respondente om geweld te gebruik, lei daartoe dat die gevare wat slagofferweerstand vir hulle inhou, geëlimineer word.

Drie (25,0%) van die respondente meen dat hulle die slagoffer kalm gehou het deur presies te verduidelik wat hulle van hom of haar wou hê. Een van hierdie respondente wat hoof-saaklik maatskappymotorvoertuie gekaap het, het slagoffers voortdurend daaraan herinner dat die motorvoertuig deur die maatskappy vervang kan word en dat hulle lewens meer werd is as 'n motorvoertuig wat nie eers aan hulle behoort nie.

- **Gewapende slagoffer**

Die bevindings in Tabel 10 toon dat 11 (91,7%) van die respondente aan die moontlikheid dink dat die slagoffer 'n wapen kan dra en dit kan gebruik. Steun bestaan dus vir navorsingsverwagting 2.3.

Hierdie bevinding strook met Morrison en O'Donnell (1994:54) se navorsing wat aantoon dat potensiële oortreders die moontlikheid dat 'n slagoffer gewapen kan wees in gedagte hou wanneer hulle rooftogte beplan. Kapers bevestig dan ook dat hulle die risiko om deur die slagoffer geskiet te word, ernstig by die uitvoer van 'n kaping oorweeg. In hierdie verband meld agt (66,7%) van die respondente dat hulle die slagoffer(s) binne die eerste paar sekondes van die kaping vir vuurwapens deursoek. Indien dit blyk dat dit nie veilig sal wees om die slagoffer in die motorvoertuig te deursoek nie, word hy of sy hardhandig uit die motorvoertuig gedwing, beveel om op die grond te lê en dan deursoek of "getap". Die feit dat die rol of funksie van visenteerder ("searcher") gewoonlik aan 'n spesifieke lid van die groep opgedra word, bevestig die erns waarmee die risiko deur kapers bejeën word. Een respondent beweer dat die hoë kapingyfer in Suid-Afrika daartoe bydra dat die meeste (veral blanke) motoriste vuurwapens dra. Juis om hierdie rede is dit belangrik om die slagoffer te verras en hom of haar nie die geleentheid te bied om aan die wapen te dink en/of om dit te gebruik nie. Myerson (1995:111) se aanbeveling dat motoriste se hande te alle tye deur kapers gesien moet word, word ook deur nege (75,0%) respondente bevestig. Vrees dat 'n slagoffer na 'n wapen kan reik wanneer hy of sy 'n skielike beweging maak, lei volgens die respondente dikwels daartoe dat slagoffers beseer en selfs gedood word.

Een respondent maak die moontlikheid om deur 'n slagoffer geskiet te word af as 'n onvermydelike risiko wat met motorvoertuigkaping gepaard gaan. Twee (16,7%) ander respondente wat 'n soortgelyke sienswyse huldig, maak in die verband die volgende opmerkings: "First come, first serve" en "First man on the trigger".

- **Besering**

Tabel 10 toon dat nege (75%) van die respondente beseer dat hulle tydens 'n motorvoertuigkaping beseer kan word. Navorsingsverwagting 2.4 word dus ondersteun.

Hierdie bevinding bied steun vir Conklin (1998:304) asook Morrison en O'Donnell (1994:54) se siening dat die kans om tydens misdadpleging fisiek beseer te word, 'n belangrike aspek is wat deur rowers ingedagte gehou word. Die aanname van die rasonale-keuseperspektief, naamlik dat hierdie aspek 'n inhiberende effek op misdadpleging kan hê (Cornish & Clarke, 1987:940), word egter nie deur die bevinding gesteun nie. Alhoewel die meeste respondente hierdie moontlikheid oorweeg het, voer hulle aan dat die risiko om beseer te word, hulle nooit weerhou het om 'n spesifieke motorvoertuig te roof nie.

In hierdie verband meld een van die respondente dat sy *modus operandi* flatervry ("foolproof") was en dat hy alles in sy vermoë gedoen het om sy veiligheid te verseker. 'n Verdere twee (16,7%) respondente beweer dat besering tydens die uitvoer van 'n motorvoertuigkaping skraal is en dat hierdie risiko eers ná die tyd oorweeg word. Vrees dat hulle as gevolg van die snelheid waarteen hulle tydens die ontvlugting bestuur het, die motorvoertuig kon omgooi, of dat hulle tydens 'n jaagtog met die polisie beseer kon word, was volgens hierdie respondente groter as om tydens die roof van die motorvoertuig beseer te word.

- **Sterfte**

Volgens Tabel 10 oorweeg 10 (83,3%) van die respondente die moontlikheid dat hulle tydens 'n kaping kan sterf. Steun bestaan dus vir navorsingsverwagting 2.5.

Hierdie bevinding ondersteun Morrison en O'Donnell (1994:54) se bevindings wat daarop dui dat die kanse om gedood te word tydens konfrontasie met die slagoffer of die polisie, deur die meeste rowers oorweeg word. Ontleding van die data toon dat die moontlikheid om tydens die uitvoer van 'n motorvoertuigkaping (of daarna) te sterf, as deel van die risiko wat met die optrede gepaard gaan, beskou word. Menings soos "The fastest live long" en "If I die, I die", dui daarop dat kapers wel hierdie moontlikheid oorweeg, maar dat hulle ook redelik ongeërg ten

opsigte van hierdie risiko staan. Een respondent neutraliseer die inhiberende invloed wat hierdie gedagte kan inhou, deur op te merk dat almal op die een of ander stadium moet doodgaan. Die risiko om tydens 'n kaping te sterf, word ook vergelyk met die risiko om in 'n motorongeluk te sterf, terwyl 'n ander respondent sy voormalige "beroep" as soldaat met dié as kaper vergelyk, waar die risiko om te sterf "part of the job" is.

Een van die twee respondente wat nooit die moontlikheid oorweeg het dat hy tydens die roof van 'n motorvoertuig kan sterf nie, reageer met "Only cowards think about death". Die ander respondent benadruk weer dat enige vrese om te sterf, daartoe sou lei dat hy nooit die kaping sou kon uitvoer nie.

- **Arrestasie**

Volgens Tabel 10 neem al 12 (100,0%) die respondente die moontlikheid dat hulle gearresteer kan word, in ag. Navorsingsverwagting 2.6 word dus ondersteun.

Volgens die rasonale-keuseperspektief is die potensiële misdadiger se persepsie van die risiko vir arrestasie en vervolging, een van die belangrikste faktore wat die pleeg van 'n misdaad soos motorvoertuigkaping kan inhibeer (Cornish & Clarke, 1987:940). In teen-stelling hiermee wys Beekman en Daly (1990:16) asook Holzman (1982:244) daarop dat 'n geringe kans op arrestasie, misdaadpleging kan fasiliteer. In die onderhawige studie meld ses (50,0%) respondente dat alhoewel hulle die risiko in ag geneem het, hulle beseft het dat hulle kans op arrestasie skraal is. Lae arrestasiesyfers asook die suksesvolle afhandeling van vorige kappings, dien volgens hierdie respondente dikwels as motivering om met die misdaad voort te gaan.

Een respondent voer aan dat die vermyding van arrestasie deel van die uitdaging van motorvoertuigkaping is, terwyl 'n ander respondent benadruk dat kappings so vinnig plaasvind dat arrestasie op die misdaadtoneel onwaarskynlik is. Hierdie aanname stem ooreen met Gabor et al. (1987:181) se bevindings wat aantoon dat die kans om 'n oortreder op heterdaad te betrap, gering is.

Ontleding van die data toon verder dat die gebruik van wapens ontsnapping fasiliteer en ook die kans op arrestasie beperk (Conklin, 1972:110-112; Danto, 1990:300; Luckenbill, 1980:367). In die verband bevestig twee (16,7%) respondente dat kapers in staat is om hulle teen inhegtenisname te verset en dat hulle vanweë die feit dat hulle gewapen is, nie eens 'n padblokkade vrees nie.

